SABBATSKOOL
BYBELSTUDIEGIDS
VIR VOLWASSENES

4 TEMAS UIT DIE EVANGELIE VAN JOHANNES

Inhoudsopgawe

1 **Tekens wat die Weg aandui**—*28 September tot 4 Oktober* ——— *4*

2 **Tekens van Goddelikheid**—*5 tot 11 Oktober* ——— *12*

3 **Die agtergrondverhaal: Die Voorwoord**—*12 tot 18 Oktober* ——— *20*

4 **Getuies van Christus as die Messías**—*19 tot 25 Oktober* ——— *28*

5 **Die Samaritane getuig**—*26 Oktober tot 1 November* ——— *36*

6 **Meer getuienisse oor Jesus**—*2 tot 8 November* ——— *44*

7 **Geseënd is hulle wat glo**—*9 tot 15 November* ——— *52*

8 **Ou Testamentiese profesieë word vervul**—*16 tot 22 November* ——— *60*

9 **Die Bron van lewe**—*23 tot 29 November* ——— *68*

10 **Die Weg, die Waarheid, en die Lewe**—*30 November tot 6 Desember* — *76*

11 **Die Vader, die Seun, en die Gees**—*7 tot 13 Desember* ——— *84*

12 **Die uur van verheerliking: Die Kruis en die Opstanding**
4 tot 20 Desember ——— *92*

13 **Epiloog: Om Jesus en sy Woord te ken**—*21 tot 27 Desember* ——— *100*

Redakteurskantoor
12501 Old Columbia Pike, Silver Spring, MD 20904, U.S.A.

Besoek gerus ons webwerf by:
http://www.absg.adventist.org

Hoofbydraers
E. Edward Zinke
Thomas Shepherd

Redakteur
Clifford R. Goldstein

Subredakteur
Soraya Homayouni

Publikasiebestuurder
Lea Alexander Greve

Redaksionele Assistent
Sharon Thomas-Crews

Pacific Press®-Koördineerder
Tricia Wegh

Illustrasie en Ontwerp
Lars Justinen

© 2024 Wêreldkonferensie van die Sewendedag-Adventiste Kerk®. Alle regte word voorbehou. Geen gedeelte van die *Sabbatskool Bybelstudiegids vir Volwassenes* (Standaarduitgawe) mag geredigeer, verander, gewysig, aangepas, vertaal, gereproduseer of gepubliseer word deur enige persoon of entiteit sonder die geskrewe magtiging van die Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste® nie. Die Divisiekantore van die Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste® het toestemming om te reël vir die vertaling van die Sabbatskool Bybelstudiegids vir Volwassenes. Dit is onderhewig aan sekere riglyne. Die kopiereg van sulke vertalings en die publisering daarvan word voorbehou deur die Wêreldkonferensie. "Sewendedag-Adventiste," "Adventiste," en die vlam-logo is geregistreerde handelsmerke van die Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste® en mag nie sonder amptelike toestemming gebruik word nie.

Die *Sabbatskool Bybelstudiegids vir Volwassenes* word deur die kantoor van die Bybelstudiegids vir Volwassenes van die Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste voorberei. Hierdie studiegidse word deur die Sabbatskool Uitgewersraad, 'n subkomitee van die Wêreldkonferensie se Administratiewe Komitee (ADCOM), beheer, en is ook die uitgewer van die Bybelstudiegidse. Die Bybelstudiegids weerspieël dus die algemene bydraes van 'n wêreldwye evalueringskomitee en die goedkeuring van die Sabbatskool Uitgewersraad, en verteenwoordig dus nie uitsluitlik of noodwendig die sienings en standpunte van die hoofbydraer en/of outeur(s) nie.

Lys van Bybelvertalings
Skrifverwysings vir die vierde kwartaal 2024 word hoofsaaklik uit ***Die Bybel in Afrikaans*** **© 1933, 1953**, met toestemming van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, aangehaal. Alle regte word voorbehou.

Temas uit die Evangelie van Johannes



In ‘n winkel in Teheran sit ek en kyk na ‘n Persiese mat wat ‘n eertydse bos met bome uitbeeld. Dis pragtig gedoen - ‘n toneel in Switserland met berge, ‘n waterval, ‘n turkooiskleurige meer, beboste hellings en ‘n wyd uitgestrekte blou uitspansel wat met wolke besaai is.

Enigeen wat in daardie winkel kom, kan hulle tyd bestee deur na die fyn besonderhede op te let: die aantal knope per vierkante sentimeter, die soort weefsel van die mat, die tipes kleurstof wat gebruik is — al die fyn besonderhede in die mat.

Of, die persoon kan liewer fokus op die boeiende temas en die tegnieke wat gebruik is om aan die mat ‘n unieke mooiheid gee: die lug wat in die meer weerkaats, die sneeu op die toppe van die berge, die groen bos wat deur diep groen mos aangevul word, en die temas van die mat wat mekaar komplimenteer deur die behendige koördinering van die prag om sodoende die grootsheid van daardie kalme toneel in die Alpe te toon.

Hierdie kwartaal gaan ons ‘n ander fynbeplande meesterstuk bestudeer. Hierdie werk is nie die resultaat van ‘n verfkwas op ‘n doek nie, of ‘n goedgeraamde foto nie, of ‘n mat wat knap geweef is nie. Dit is liewer die Woord van God wat in die Evangelie van Johannes kunstig bewoord word.

Woorde het betekenis wanneer dit in konteks gebruik word. Om te verstaan wat die Skrif probeer sê, moet dit binne verband bestudeer word — dit sluit die onmiddellike of spesifieke sinne, ook die hoofstukke, skrifgedeeltes en die boodskap van die Bybel self, in sy geheel in. Ten slotte, omdat die hele Bybel deur die Heilige Gees geïnspireer is, behoort elke gedeelte in die verband van die geheel, bestudeer te word.

Die oogmerk hierdie kwartaal is om die boodskap van Johannes se Evangelie te probeer verstaan. Dit is uniek onder die vier Evangelies, en fokus dikwels op persoonlike onderhoude tussen Jesus en net een of twee mense — soos bv. Natánael, Nikodémus, die vrou by die put, die verlamde man by die bad van Betésda, die man wat blind gebore was, Lasarus en sy susters, Pilatus, Petrus, en Thomas. Baie van hierdie verhale verskyn slegs in die Evangelie van Johannes.

Die Evangelie van Johannes is die Woord van God wat deur hierdie apostel aan ons oorgedra word. Soos die hele Bybel, het hierdie Evangelie deur die wil van God ontstaan, en nie deur die wil van die mensdom nie. Johannes was maar net die gewillige instrument wat deur die Heilige Gees gebruik was om baie belangrike temas oor te dra: die Woord (*logos*), lig, brood, water, die Heilige Gees, eenheid, tekens, getuienis en profesie. Hierdie temas versterk en verduidelik mekaar regdeur die Evangelie.

... so kan die Evangelie van Johannes ons terugneem na die lewe en bediening van Jesus Christus, om Hom, die ewige lewe, te leer ken.

Bybelstudie konsentreer dikwels op die betekenis van ‘n woord of kort gedeelte van die Skrif. Ons gaan die betekenis van die woord na in ‘n Bybelwoordeboek. Ons ondersoek die grammatika, die onmiddellike konteks, die historiese konteks en met verwysing na ons analogie van die mat hierbo, raak ons betrokke in die ondersoek van die aantal knope per vierkante sentimeter, die weefsel, die kleurstowwe, en die onderlaag. Al hierdie fyn besonderhede is belangrik.

Maar laat ons nie die groter prentjie miskyk terwyl ons die fyner besonderhede ondersoek nie. Inderdaad, net soos die Persiese mat iemand na daardie pragtige Alpetoneel in ‘vervoer’-ing kan bring, so kan die Evangelie van Johannes ons terugneem na die lewe en bediening van Jesus Christus, om Hom, die ewige lewe, te leer ken. Die fyner besonderhede het hulle plek, naamlik om ons die groter prentjie te toon, en in Johannes is daardie groter prentjie ‘n goddelik-geïnspireerde openbaring van Jesus, ons Heer en Verlosser.

E. Edward Zinke, ‘n voormalige mede-direkteur van die Biblical Research Institute van die Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste, is betrokke by baie kerkaktiwiteite en -rade wat ook die vise-voorsitterskap van die Ellen G. White Estate Raad en Senior Adviseur vir die Adventist Review Ministries, insluit. Hy het drie ere-doktorsgrade wat aan hom toegeken is deur Sewendedag-Adventiste Universiteite. Hy is woonagtig in Maryland.

Thomas Shepherd, PhD, DrPH, is ‘n senior navorsingsprofessor in die Nuwe Testament by Andrews Universiteit se Adventiste Teologiese Seminarie, waar hy al vanaf 2008 klas gee. Hy en sy vrou, Sherry Shepherd, MD, het as sendelinge te Malawië in Afrika, en in Brasilië gedien. Hulle het twee volwasse kinders en ses kleinkinders.

Tekens wat die Weg aandui

SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:
Johannes 2:1–11; Johannes 4:46–54; Johannes 5:1–16; Markus 3:22, 23; Matthéüs 12:9–14; Johannes 5:16–47.

Geheueteks: "Nog baie ander tekens het Jesus voor sy dissipels gedoen wat in hierdie boek nie beskrywe is nie; maar hierdie is beskrywe, dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God; en dat julle deur te glo die lewe kan hê in sy Naam" (*Johannes 20:30,31***).**

Waarom het Johannes sy Evangelie geskryf? Wou hy graag Jesus se wonderwerke beklemtoon? Of sommige bepaalde leringe van Jesus? Wat was die rede waarom hy geskryf het wat hy geskryf het?

Gevul met die krag van, en deur die inwerking van die Heilige Gees, verduidelik Johannes self waarom. Hy sê dat hoewel baie meer dinge geskryf kon word oor die lewe van Christus (*Johannes 21:25*), die verhale wat hy ingesluit het geskryf was sodat "julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en dat julle deur te glo die lewe kan hê in sy Naam" (*Johannes 20:31*).

Hierdie week gaan ons in die boek van Johannes na sommige van Jesus se vroeëre wonderwerke kyk — vanaf Sy wonderwerk toe Hy water in wyn verander het op 'n bruilof, tot die gesondmaking van iemand se siek seun en die genesing van die siek man by die bad van Betésda.

Johannes noem hierdie wonderwerke "tekens". Hy bedoel nie dat dit iets soos 'n straatteken is nie, maar liewer dat dit 'n bonatuurlike gebeurtenis is wat op 'n diepgaande werklikheid dui: Jesus, die Messias. In al hierdie verhale sien ons voorbeelde van mense wat gelowig gereageer het. En hulle voorbeelde nooi ons om dieselfde te doen.

**Bestudeer hierdie week se les ter voorbereiding vir Sabbat, 5 Oktober.*

Die bruilof in Kana

Lees **Johannes 2:1–11. Watter teken het Jesus in Kana gedoen, en hoe het dit sy dissipels gehelp om in Hom te glo?**

Deur te sien hoe Jesus die water in wyn verander het, het dit aan die dissipels bewys gelewer dat hulle besluit om Jesus te volg in ‘n gunstige lig gesien moet word. Hoe anders kon hierdie kragtige teken dan nie bewys het dat Hy iemand was wat met God verbind was nie. (Hulle was waarskynlik nog nie gereed om te begryp dat *Hy God self* was nie.)

Moses was die leier van die Israeliete, en hy het Israel uit Egipte uitgelei deur “tekens en wonders” (*Deuteronómium 6:22 en 26:8*). Hy was die een wat deur God gebruik was om Israel van die Egiptenare te bevry. (Hy was, in ‘n sekere sin, hulle “verlosser”.)

God het deur Moses geprofeteer dat daar ‘n profeet sou kom wat soos Moses sou wees. God het Israel gevra om na Hom te luister (*Deuteronómium 18:15, Matthéüs 17:5, Handelinge 7:37*). Daardie “profeet” was Jesus, en in Johannes 2 lees ons hoe Hy sy eerste wonderwerk gedoen het, en hierdie teken het eintlik terugverwys na die bevryding van die kinders van Israel uit Egipte uit.

Die Nylrivier was ‘n hoofbron en ‘n god vir die Egiptenare. Een van die plae het by die rivier plaagevind – die water wat in bloed verander was. By Kana het Jesus ‘n soortgelyke wonderwerk gedoen, maar in plaas daarvan om die water in bloed te verander, het Hy dit in wyn verander.

Die water wat in ses waterpotte gehou was, was gebruik vir Joodse reinigingsrituele, en dit het die wonderwerk selfs nog meer aan die bybelse temas oor verlossing gekoppel. Deur die insident waar water na wyn verander was oor te vertel en sodoende na Exodus terug te verwys, het Johannes Jesus as ons Verlosser aangedui.

Wat het die hoofdienaar van die fees van die ongegiste wyn gedink wat deur Jesus voorsien was? Hy was inderdaad verras met die kwaliteit van die wyn, en omdat hy nie van Jesus se wonderwerk geweet het nie, het hy gedink dat die bruidegom die beste vir laaste gebêre het.

Die Griekse woord oinos word vir beide vars en gegiste druiwesap gebruik (lees *The Seventh-day Adventist Bible Dictionary*, bl. 1177). Ellen G. White verklaar dat die sap wat deur ‘n wonderwerk verskaf was, nie alkohol bevat het nie (lees “Op die bruilofsfees,” *Die Koning van die Eeue*, bl. 149). Diegene wat geweet het wat gebeur het, was ongetwyfeld met verbasing vervul oor wat plaasgevind het.

Wat is jou redes waarom jy Jesus volg? (Ons het baie redes ontvang, het ons nie?)

Die tweede teken in Galiléa

Regdeur sy aardse bediening het Jesus wonderwerke gedoen wat mense gehelp het om in Hom te glo. Johannes het hierdie wonderwerke opgeskryf sodat ander mense ook in Jesus kan glo.

Lees **Johannes 4:46–54. Hoekom verwys die evangelie-skrywer terug na die wonderwerk by die bruilofsfees?**

_____

_____

_____

In sy verslag oor die tweede teken wat Jesus in Galiléa gedoen het, verwys Johannes terug na die eerste teken by die bruilof in Kana. Dit lyk asof Johannes sê, *Die tekens wat Jesus gedoen het, sal jou help om te sien wie Jesus is*. En dan voeg Johannes by, "Hierdie tweede teken weer het Jesus gedoen toe Hy uit Judéa in Galiléa gekom het" (*Johannes 4:54*).

Aanvanklik lyk Jesus se reaksie op die koninklike beampte se versoek ongevoelig. Tog het hierdie beampte die gesondmaking van sy seun die maatstaf vir sy geloof in Jesus gemaak. Jesus het sy hart gelees en toe haarfyn verwys na 'n geestelike siekte wat meer diepgaande is as sy seun se lewensgevaarlike siekte. Soos 'n weerligstraal uit die blou lug het die man skielik besef dat sy geestelike armoede die lewe van sy seun kan eis.

Dit is belangrik om te besef dat wonderwerke op sigself nie bewys het dat Jesus die Messias is nie. Ander mense het ook al wonderwerke verrig. Sommige van hulle was ware profete, andere was vals. Wonderwerke openbaar net die bestaan van die bonatuurlike; dit beteken nie dat God die Een moet wees wat dit doen nie. (Satan kan ook "wonderwerke" verrig as ons met die woord "wonderwerke" bonatuurlike handelinge bedoel.)

Die koninklike beampte het homself angstig op Jesus se genade beroep, pleitende dat Hy sy seun moet genees. Jesus se antwoord was gerustellend. Hy het gesê, " 'Gaan, jou seun lewe!' " (*Johannes 4:50*). Die werkwoord "lewe" in die Grieks is eintlik in die teenwoordige tyd. Hierdie gebruik word 'n "futuristiese teenswoordige" gebruik genoem, waar 'n toekomstige gebeurtenis met soveel sekerheid genoem word asof dit alreeds besig is om te gebeur. Die man het nie huis toe gejaag nie, maar deur Jesus te glo, het hy die volgende dag by die huis gekom en gevind dat op die oomblik toe Jesus die woorde gespreek het, die koors sy seun verlaat het.

Wat 'n kragtige rede om in Jesus te glo!

Selfs al sien ons 'n wonderwerk gebeur, watter ander kriteria moet ons na oplet voordat ons vanselfsprekend aanvaar dat dit van God kom?

_____

Die wonderwerk by die bad van Betésda

Die volgende wonderwerk waaroor Johannes verslag doen, het by die bad van Betésda plaasgevind (*Johannes 5:1–9*). Daar was geglo dat ‘n engel neergedaal het om die water te roer, en dat die eerste siek persoon wat dan die water kon bereik, sou gesond word. Die gevolg was dat daar ‘n samedromming by die bad se pilaargange was van diegene wat gehoop het dat hulle gesond sou kon word met die volgende roering. Jesus het na Jerusalem gegaan en toe Hy by die bad verbygaan, het Hy die samedromming van die afwagtende mense gesien.

Wat ‘n gesig moes dit nie gewees het nie! Al hierdie mense, sommige sekerlik baie siek, wagtend en wagtend en wagtend om eerste in die water te kom, maar wat dan net nooit gebeur het nie. Wat ‘n geleentheid vir Jesus!

Lees **Johannes 5:1–9. Waarom het Jesus die verlamde man gevra of hy gesond wou word, aangesien daar reeds baie siek persone by die bad was wat klaarblyklik gesond wou word (*Johannes 5:6*)?**

_____

_____

Wanneer iemand al vir ‘n lang tyd siek was, word die siektetoestand naderhand die norm, en, vreemd genoeg, kan dit soms steurend wees om van die gebrek ontslae te raak. In sy antwoord het die man te kenne gegee dat hy graag gesond wou word. Die probleem is egter dat hy dit op die verkeerde plek gesoek het — terwyl die Een wat die mens se bene geskep het reg voor hom gestaan het. Min het die man geweet Wie met hom praat; hoewel, na sy genesing, hy kon begin het om te verstaan dat Jesus inderdaad iemand baie spesiaal was.

“Jesus vra die lydende nie om geloof in Hom te hê nie. Hy sê net: ‘Staan op, neem jou bed op en loop.’ Maar die man se geloof gryp die woorde aan. Elke spier en senuwee tril van nuwe lewe, en gesonde beweging kom in sy verlamde ledemate. Sonder om teë te praat, beoefen hy sy wil tot gehoorsaming van Christus se bevel, en al sy spiere gee gehoor aan sy wil. Hy spring orent, en vind homself ‘n gesonde man. . . . Jesus het hom geen versekering van hulp van Bo gegee nie. Die man kon getwyfel het en so sy een kans om genees te word, verbeur het. Maar hy het Christus se woord geglo en deur daarop te reageer, het hy krag ontvang.” — Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, bl. 202-203.

Jesus het later die man in die tempel raakgeloop en gesê, “ ‘Kyk, jy het gesond geword; moenie meer sondig nie, sodat daar nie iets ergers met jou gebeur nie’ ” (*Johannes 5:14*). Wat is die verwantskap tussen siekte en sonde? Waarom moet ons verstaan dat nie alle siektetoestande ‘n regstreekse gevolg van spesifieke sondes in ons lewens is nie?

_____

Verharde harte

Tekens, wonders en wonderwerke op sigself bewys nie dat dit van God af kom nie. Maar, aan die anderkant, wanneer dit wel van God af kom, is dit gevaarlik om dit te ontken.

Lees **Johannes 5:10–16. Watter lesse kan ons ons eie maak deur op te let na die verbasende hardheid van die godsdienstige leiers se harte met betrekking tot Jesus en die wonderwerk wat Hy by die bad gedoen het?**

_____

_____

Toe Jesus Homself aan die man wat Hy gesond gemaak het, bekend gestel het, het die man onmiddellik die godsdienstige leiers vertel dat dit Jesus was wat hom gesond gemaak het. ‘n Mens sou dink dat dit ‘n geleentheid sou wees om God te prys, maar in plaas daarvan het die leiers “Jesus vervolg en probeer om Hom dood te maak, omdat Hy dit op die sabbat gedoen het” (*Johannes 5:16*).

Gesondmaking was net op die Sabbat toegelaat wanneer dit ‘n noodgeval was. Hierdie man was vir 39 jaar al ‘n invalide; dus was sy gesondmaking eintlik nie ‘n noodgeval nie. En ook, waarom was dit vir hom nodig om sy bed op te tel en te dra? ‘n Mens sou dink dat iemand wat deur die krag van God so ‘n wonderwerk verrig het, sou weet of dit toelaatbaar was om sy bed op die Sabbatdag huis toe te dra. Jesus het duidelik probeer om aan hulle dieper bybelse waarhede uit te lig bo die mensgemaakte reëls en regulasies wat in sommige gevalle ware geloof onderdruk het.

Wat **leer die volgende vertellings ons oor hoe mense geestelik so verhard kan word dat hulle nie die bewyse kan raaksien nie? (***Johannes 9:1–16; Markus 3:22,23; Matthéus 12:9–14***)**

_____

_____

Hoe kon hierdie godsdienstige leiers so blind gewees het? Die waarskynlike antwoord is omdat hulle eie harte bedorwe was, omdat hulle valslik geglo het dat die Messias sou kom om hulle uit die mag van Rome te verlos, en oor hulle liefde vir mag, en oor hulle gebrek aan ‘n volle oorgawe aan God. Al hierdie het gehelp om aanleiding te gee dat hulle die waarheid wat reg voor hulle oë afgespeel het, verwerp het.

Lees Johannes 5:38–42. Wat was Jesus se waarskuwing? Wat kan ons leer uit hierdie woorde? Dit wil sê, wat kan ons blind maak vir die waarhede wat ons moet ken en in ons eie lewens toepas?

_____

Jesus se aansprake

Die wonderwerk by die bad van Betésda het ‘n uitstekende geleentheid vir Johannes gebied om te beklemtoon wie Jesus is. Johannes beskryf die wonderwerk in nege verse en fokus dan in ongeveer 40 verse (sien hieronder) op die Een wat die wonderwerk verrig het.

Lees **Johannes 5:16–18. Waarom was Jesus vir sy handeling op die Sabbat vervolg?**

_____

_____

Johannnes 5:18 kan nogal steurend wees omdat dit lyk asof Jesus op die Sabbat oortree. Maar, by nadere ondersoek toon Johannes 5:16-18 dat Jesus redeneer dat sy “werk” op die Sabbat met sy verwantskap met sy Vader ooreenstem. God hou nie op die Sabbat op om die heelal in stand te hou nie. Gevolglik was Jesus se handeling op die Sabbat deel van sy aanspraak op goddelikheid. Die godsdienstige leiers het Hom vervolg op grond van veronderstelde Sabbatoortreding en oor sy aanspraak dat Hy gelyk met God is.

Lees **Johannes 5:19–47. Wat het Jesus gesê om die leiers te help om Hom te sien vir wie Hy waarlik was, ‘n aanspraak wat so kragtig bewys was deur die wonderwerk wat Hy so pas gedoen het?**

_____

_____

Jesus het sy handeling in drie stappe verdedig. Eerstens het Hy sy intieme verhouding met die Vader verduidelik (*Johannes 5:19–30*). Jesus het aangedui dat Hy en sy Vader as ‘n eenheid optree, tot so ‘n mate dat Jesus beide die mag het om te oordeel en om die dode op te wek (*Johannes 5:25–30*).

Tweedens het Jesus in vinnige volgorde vier “getuies” genoem — Johannes die Doper (*Johannes 5:31–35*), die wonderwerke wat Jesus gedoen het (*Johannes 5:36*), die Vader (*Johannes 5:37, 38*), en die Skrif (*Johannes 5:39*). Elkeen van hierdie “getuies” getuig in Jesus se guns.

Laastens, in Johannes 5:40–47, plaas Jesus voor sy beskuldigers hulle eie veroordeling, en onthul daardeur die kontras tussen sy bediening en hulle selfgerigtheid. Hulle veroordeling, sê Hy, kom van Moses af (*Johannes 5:45–47*), die een in wie hulle hul hoop gevestig het.

Hoe kan ons dit vermy om nie in die strik te trap deur in God te glo, en selfs die regte leerstellings te ken, maar tog nie ten volle aan Christus oorgege te wees nie? Bring jou antwoord na die klas op Sabbat.

Vir verdere studie: "Jesus het hom geen versekering van hulp van Bo gegee nie. Die man kon getwyfel het en so sy een kans om genees te word, verbeur het. Maar hy het Christus se woord geglo en deur daarop te reageer, het hy krag ontvang.

"Deur dieselfde geloof kan ons geestelik genees word. Ons is deur die sonde van die lewe van God geskei. Ons siele is verlam. Vanself kan ons net so min heilig lewe as wat die verlamde man kon loop. . . . Laat hierdie moedelose, worstelende siele die oë ophef. Die Heiland buk oor hulle wat Hy met Sy bloed gekoop het, en met onuitspreeklike teerheid en ontferming sê Hy: 'Wil jy gesond word?' Hy beveel u om gesond en in vrede op te staan. Moenie wag om te voel dat u genees is nie. Glo Hom net, en dit sal vervul word. Stel u wil ter beskikking van Christus, met 'n wil om Hom te dien. Deur op Sy woord te reageer, sal u krag ontvang. Wat ook al die slegte gewoonte, die beheersende hartstog wat deur jare van botviering sowel siel as liggaam verslaaf het, Christus kan verlos, en verlang om te verlos. Hy sal lewe bring aan die siel wat 'dood was deur die misdade' (Efesiërs 2:1). Hy sal die gevangene van ongeluk en swakheid en van die boeie van die sonde bevry." — Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, bl. 203.

"Jesus het die aanklag van godslastering verwerp. My gesag vir die werk waaroor julle My beskuldig, het Hy gesê, is dat ek die Seun van God is, een met Hom in aard, in wil en doel." — *Die Koning van die Eeue*, bl. 208.

Vrae vir bespreking:

❶ Dink na oor hierdie week se les. Geloof was die deurslag wat hierdie genesings moontlik gemaak het. Die leiers, in teenstelling, het die gevaartekens van twyfel en ongeloof getoon. Waarom moet ons ongeloof nie met vrae vra verwar (wat ons almal het) as ons twyfel nie. Waarom is hulle nie dieselfde ding nie, en waarom is dit belangrik om die verskil tussen die twee te ken?

❷ Kyk weer na Donderdag se laaste vraag. Waarom moet ons as Sewendedag-Adventiste veral versigtig wees ten opsigte van hierdie gevaar? Hoe belangrik dit ook al is om byvoorbeeld te weet van die regte Sabbatdag en dit selfs te hou, of om die toestand van die dode te verstaan – waarom red hierdie waarhede ons nie? Wat red ons dan, en hoe?

❸ Kyk versigtig na Johannes 5:47. Hoe doen hulle wat tans byvoorbeeld die wêreldwye vloed ontken of die letterlike sesdag-Skepping nie aanvaar nie, presies dit waarteen Jesus hier gewaarsku het?

Tekens *van* Goddelikheid

SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:
Johannes 6:1–15, Jesaja 53:4–6, I Korinthiërs 5:7, Johannes 6:26–36, Johannes 9:1–41, I Korinthiërs 1:26–29, Johannes 11.

Geheueteks: **"Jesus sê vir haar: 'Ek is die opstanding en die lewe, wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe; en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie. Glo jy dit?' " (***Johannes 11:25, 26***)**

Die Bybel sê duidelik dat Jesus Christus die ewige Seun is, een met die Vader, sonder voorouers, en nie geskape nie. Jesus self is die Een wat alles geskape het wat ontstaan het (*Johannes 1:1–3*). Jesus het dus nog altyd bestaan; daar was nog nooit 'n tyd wat Hy nie bestaan het nie. Hoewel Jesus na hierdie wêreld gekom het en ons menslikheid op Homself geneem het, het Hy nog altyd sy goddelikheid behou, en op spesifieke tye het Jesus dinge gesê en gedoen wat hierdie goddelikheid openbaar het.

Hierdie waarheid was belangrik vir Johannes en dit is hoekom Hy wanneer Hy Jesus se wonderwerke beskryf, dit gebruik om na Christus se goddelikheid te verwys. Jesus het nie net dinge gesê wat sy goddelikheid openbaar het nie, maar het sy woorde met werke gerugsteun wat sy goddelikheid bevestig het.

Hierdie week se les behandel drie van Jesus se grootste bewyse van sy goddelikheid. Wat so treffend is, is dat in elkeen van hierdie gevalle sommige mense die wonderwerk nie geglo of die belangrikheid daarvan besef het nie. Vir sommige was dit 'n geleentheid om hulle rug op Jesus te draai; vir ander 'n tyd om hulle blindheid te verdiep; en vir nog ander, 'n tyd om Jesus se dood te beplan. En vir ander – 'n tyd om te glo dat Jesus die Messias is.

**Bestudeer hierdie week se les ter voorbereiding vir Sabbat, 12 Oktober.*

Die voeding van die vyfduisend

In Johannes 6:4, 5 doen die apostel moeite om te verklaar dat die tydsberekening vir die voeding van die vyfduisend naby Paastyd was. Paastyd was ‘n herdenking van die bevryding van Israel uit Egipte. Die Paaslam het die plek van die dood van die eersgeborene ingeneem. Hierdie offer het die dood van Jesus in ons plek gesimboliseer. Op die kruis was die straf wat ons vir ons sonde verdien, deur Jesus gedra. Christus, ons Paaslam, was inderdaad namens ons geslag (*I Korinthiërs 5:7*).

“Hy moes die straf op oortreding dra, die verberging van Sy Vader se aangesig verduur, totdat Sy hart gebreek en Sy lewe uitgepers is. Hierdie opoffering is gemaak sodat sondaars verlos kon word.” — Ellen G. White, *Die Groot Stryd*, bl. 540.

Lees **Johannes 6:1–14. Watter ooreenkomste kan hier tussen Jesus en Moses gevind word? Dit wil sê, wat het Jesus hier gedoen om die volk aan die bevryding wat hulle voorouers deur die bediening van Moses ontvang het, te herinner?**

_____

_____

Verskeie besonderhede van hierdie verhaal oor Jesus stem ooreen met Moses se ondervinding tydens die Uittog uit Egipte. Dat dit gedurende Paastyd plaasvind (*Johannes 6:4)*, stem ooreen met die groot bevryding uit Egipte. Jesus klim op ‘n berg (*Johannes 6:3*) soos Moses Sinai geklim het. Jesus toets Filippus (*Johannes 6:5, 6*) soos die Israeliete in die woestyn getoets was. Die vermeerdering van die brode (*Johannes 6:11*) laat ‘n mens terugdink aan die manna-episode. Die bymekaarmaak van die brokstukke van die brood wat oorgebly het (*Johannes 6:12*), herroep hoe die Israeliete manna bymekaargemaak het. Twaalf mandjies van oorskiet word opgetel (*Johannes 6:13*), dieselfde getal as die twaalf stamme van Israel. En die mense wat sê dat Jesus die profeet is wat in die wêreld sou kom (*Johannes 6:14*), vergelyk met “ ’n profeet soos Moses” wat in Deuteronómium 18:15 voorspel was. Al hierdie wys na Jesus as die nuwe Moses – hy wat sou kom om sy volk te verlos.

Johannes dui dus aan dat Jesus nie net tekens en wonders gedoen het nie, maar dat die tekens en wonders, in die regte verband, ‘n spesiale betekenis vir die Joodse volk moes gehad het. Hy het eintlik sy eie goddelikheid aan hulle getoon.

Lees Jesaja 53:4–7 en I Petrus 2:24. Watter groot waarheid leer hierdie verse ons oor Jesus as die Lam van God? Hoe sluit sy goddelikheid aan by hierdie waarheid, en waarom is hierdie waarheid die belangrikste waarheid wat ons ooit kan ken?

_____

"Hy is waarlik die profeet"

Lees **Johannes 6:14, 15 en verse 26–36. Hoe het die mense op hierdie wonderwerk gereageer, en hoe het Jesus dit gebruik om hulle te leer oor wie Hy was?**

_____

_____

Die Judeërs het 'n aardse messías verwag wat hulle van die juk van die Romeinse Ryk sou bevry. Twee van die moeilikste struikelblokke tydens 'n oorlog is om die troepe te voed en om na die beseerdes en dooies om te sien. Deur sy wonderwerke het Jesus getoon dat Hy beide kon doen.

Maar dis nie waarom Jesus gekom het nie, en dit was ook nie die rede waarom Hy die wonderwerk gedoen het nie. In plaas daarvan het die voeding van die vyfduisend 'n geleentheid verskaf om te illustreer dat Jesus die Brood van die Lewe is, dat God self uit die hemel neergedaal het. " 'Ek is die brood van die lewe,' " het Hy gesê, " 'wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie' " (*Johannes 6:35*).

Hierdie is die eerste van die sewe "Ek is" verklarings in die Evangelie van Johannes, waar "Ek is" met 'n gesegde verbind word ("brood van die lewe", *Johannes 6:35*; "lig van die wêreld", *Johannes 8:12*; die "deur", *Johannes 10:7, 9*; "goeie herder", *Johannes 10:11, 14*; die "opstanding en die lewe", *Johannes 11:25*; die "weg en die waarheid en die lewe", *Johannes 14:6*; die "ware wynstok", *Johannes 15:1, 5*). Elkeen van hierdie dui op 'n belangrike waarheid oor Jesus. Die "Ek is" verklarings verwys terug na Exodus 3, waar God Homself aan Moses voorgestel het as die groot EK IS (*vergelyk Johannes 8:58*). Jesus is die groot EK IS.

Maar die mense het al hierdie misgeloop.

"Hulle ontevrede harte wou weet waarom, as Jesus sulke wondere kon verrig soos hulle aanskou het, kon Hy dan nie krag, gesondheid en rykdom aan Sy volk gee, hulle van hul onderdrukkers bevry en hulle tot mag en eer verhef nie? Dat Hy beweer dat Hy die Een is wat deur God gestuur is, en tog weier om Israel se koning te wees, kon hulle nie begryp nie. Sy weiering is verkeerd opgevat. Baie het tot die slotsom geraak dat Hy Sy aansprake nie durf opvolg nie omdat Hy self twyfel aan die Goddelike aard van sy sending. So het hulle hul harte aan ongeloof blootgestel, en die saad wat die Satan gesaai het, het sy bose vrugte gedra in misverstand en afvalligheid." — Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, bl. 385.

Hulle wou tydelike materiële voordele geniet het in plaas van die waarheid wat die ewige lewe sou insluit. Hierdie is 'n strik waaroor ons almal kan struikel as ons nie waaksaam is nie.

Hoe kan ons vermy om, ten koste van die geestelike, in materiële belange verstrik te raak?

_____

Die genesing van die man wat blind gebore was: Deel 1

Lees **Johannes 9:1–16. Wat het die dissipels gedink was die oorsaak van die man se blindheid, en hoe het Jesus hulle valse oortuigings gekorrigeer?**

_____

_____

Die dissipels het siekte met sonde verbind. ‘n Aantal Ou Testamentiese Skrifgedeeltes verwys na hierdie verbintenis (*vergelyk Exodus 20:5, II Konings 5:15–27, II Konings 15:5, II Kronieke 26:16–21*), maar die verhaal van Job moes hulle gelei het om versigtig te wees om nie altyd so ‘n verbintenis toe te pas nie.

Jesus stel die saak reg sonder om enige verbintenis tussen sonde en lyding te ontken, maar wat in hierdie geval na ‘n hoër doel verwys, naamlik dat God verheerlik sal word deur hierdie gesondmaking. Hierdie vertelling het sekere ooreenkomste met die Skeppingsverhaal toe God die eerste man uit die stof van die aarde geformeer het (*Génesis 2:7*), en Jesus wat nou klei gemaak het om die blinde man te voorsien met wat van sy geboorte af ontbreek het.

In Matthéus, Markus en Lukas volg die wonderwerkverhale ‘n bekende patroon: ‘n bekendmaking van die probleem, die aanmelding van die indiwidu by Jesus, die genesingsdaad, en erkenning vir die herstel met lof aan God.

In die verhaal in Johannes 9 word die volgorde in Johannes 9:7 voltooi. Maar tipies van Johannes word die betekenis van die wonderwerk die meer uitgebreide punt van bespreking wat dan ‘n lang wisselwerking tussen die man wat gesondgemaak was en die godsdienstige leiers, word. Hierdie opvallende bespreking draai rondom twee ineengestrengelde kontrasterende pare begrippe – sonde/werke van God, en blindheid/sig.

Die verteller sê eers in Johannes 9:14 aan die leser dat Jesus hierdie genesing op die Sabbat gedoen het, wat, volgens tradisie en nie volgens die Bybel nie, ‘n oortreding van die Sabbat was. En daarom was Hy deur die Fariseërs as ‘n Sabbat-oortreder gereken. Hulle gevolgtrekking was dat Hy nie van God kom nie omdat, soos hulle beweer het, “Hy die sabbat nie hou nie”. En ander was weer verontrus dat ‘n sondaar sulke tekens kon doen (*Johannes 9:16*).

Die bespreking is nog lank nie klaar nie, maar daar is reeds verdeeldheid. Dit word al hoe meer vir die blinde man duidelik wie Jesus is, maar die godsdiensleiers word meer en meer verward oor, of blind vir Jesus se werklike identiteit.

Wat moet hierdie verhaal aan ons sê oor die gevare om so deur ons eie geloofsoortuigings en tradisies verblind te wees dat ons die duidelike waarhede dalk so maklik kan miskyk?

_____

Die genesing van die man wat blind gebore was: Deel 2

Lees **Johannes 9:17–34. Watter vrae het die leiers gevra, en hoe het die blinde man gereageer?**

_____

_____

Hierdie lang gedeelte in Johannes 9 is die enigste gedeelte in Johannes waar Jesus nie die hoofkarakter op die verhoog is nie, alhoewel Hy sekerlik die onderwerp van bespreking was. Net soos die vraag oor sonde die verhaal begin het (*Johannes 9:2*), dink die Fariseërs dat Jesus 'n sondaar is omdat Hy op die Sabbat iemand genees het (*Johannes 9:16, 24*), en daardeur beswadder hulle die man wat gesond gemaak was deur te sê dat hy "heeltemal in sondes gebore" was (*Johannes 9:34*).

'n Snaakse ommekeer vind plaas. Die blinde man begin meer en meer sien, nie net fisies nie, maar ook geestelik soos wat sy dankbaarheid teenoor en sy geloof in Jesus groei. In teenstelling hiermee word die Fariseërs meer en meer blind, eerstens omdat hulle oor Jesus verdeeld is (*Johannes 9:16*), en dan omdat hulle nie weet waar Hy vandaan kom nie (*Johannes 9:29*).

Intussen gee sy vertelling van hierdie wonderwerk aan Johannes die geleentheid om aan ons te sê wie Jesus is. Die tema oor tekens in Johannes 9 koppel met verskeie ander temas in die Evangelie. Johannes herbevestig dat Jesus die Lig van die wêreld is (*Johannes 9:5; vergelyk met Johannes 8:12*). Die verhaal gaan ook oor Jesus se misterieuse oorsprong. Wie is Hy, waar kom Hy vandaan, wat is sy sending? (*Johannes 9:12, 29; vergelyk met Johannes 1:14*.) Die Mosesfiguur waarna daar in vorige wonderwerke verwys word, verskyn ook weer in hierdie hoofstuk (*Johannes 9:28, 29; vergelyk met Johannes 5:45, 46 en Johannes 6:32*). Laastens is daar die tema van die skare se reaksie. Sommige het die duisternis meer lief as die lig, terwyl ander gelowig reageer (*Johannes 9:16–18 en 35–41; vergelyk met Johannes 1:9–16, Johannes 3:16–21 en Johannes 6:60–7*1).

Die geestelike blindheid van die godsdienstige leiers is vreeslik kommerwekkend. 'n Bedelaar wat eers blind was, verklaar nou, " 'Van ouds af is dit nie gehoor dat iemand die oë van 'n blindgebore mens geopen het nie. As Hy nie van God was nie, sou Hy niks kan doen nie'" (*Johannes 9:32, 33*). En tog kan die godsdienstige leiers, die geestelike leiers van die nasie, hulle wat eerste moes wees om Jesus te erken en Hom te aanvaar as die Messias (hulle kan, ten spyte van die kragtige bewyse), dit nie insien nie. Of liewer, hulle wil dit nie insien nie. Hierdie is 'n kragtige waarskuwing oor hoe ons harte ons kan bedrieg!

Lees I Korinthiërs 1:26–29. Hoe pas dit wat Paulus in hierdie skrifgedeelte skrywe, by die toneel hierbo in, en hoe is dieselfde beginsel selfs nou nog van toepassing?

Die opstanding van Lasarus

Johannes 11 is met hartseer gevul — die hartseer nuus van ‘n geliefde vriend se siektetoestand (*Johannes 11:1–3*); die getreur oor sy afsterwe (*Johannes 11:19, 31, 33*); die susters se weeklag dat Lasarus nie sou gesterf het as Jesus teenwoordig was nie (*Johannes 11:21, 32*); en Jesus se eie trane (*Johannes 11:35*).

Maar Jesus het twee dae gewag voor Hy sy reis na Lasarus begin het (*Johannes 11:6*), en selfs aangedui dat Hy bly was dat Hy nie vroeër gegaan het nie (*Johannes 11:14, 15*). Hierdie optrede was nie omdat Hy ongevoelig was nie. Dit was om God se heerlikheid te openbaar.

In Johannes 11:17–27 lees ons dat Lasarus al vier dae lank dood was toe Jesus uiteindelik by hom opgedaag het. Na vier dae was sy liggaam al besig om te ontbind en Martha sê toe vir Hom, “ ‘Here, hy ruik al, want hy is al vier dae dood’ ” (*Johannes 11:39*). Daar was geen twyfel dat Jesus se vertraging juis gehelp het om die wonderwerk wat toe plaasgevind het selfs meer verbasingwekkend was. Om ‘n ontbinde lyk op te wek? Watter beter bewys kon Jesus gegee het dat Hy inderdaad God self was?

En, omdat Hy God was, die Een wat lewe geskep het — het Jesus mag oor die dood gehad. Jesus het dus hierdie geleentheid, Lasarus se afsterwe, gebruik om ‘n uiters belangrike waarheid oor Homself te onthul. “ ‘Ek is die opstanding en die lewe, wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe; en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie’ ” (*Johannes 11:25, 26*).

Lees **Johannes 11:38–44. Wat het Jesus gedoen wat sy aanspraak ondersteun het?**

_____

_____

_____

Net soos Jesus getoon het dat Hy die Lig van die wêreld is (*Johannes 8:12, Johannes 9:5*) deur die blinde man sy sig te gee (*Johannes 9:7*), so wek Hy Lasarus hier uit die dood uit op (*Johannes 11:43, 44*) en demonstreer daardeur dat Hy die Opstanding en die Lewe is (*Johannes 11:25*).

Hierdie wonderwerk, meer as enige van die ander, wys na Jesus as die Lewegewer, na God Homself. Dit voorsien sterk ondersteuning vir Johannes se tema oor Jesus wat die goddelike Seun van God is en dat, deur te glo, ons die lewe deur Hom kan ontvang (Johannes 20:30, 31).

Maar, teen die tyd wat ons by die einde van hierdie ongelooflike verhaal (*Johannes 11:45–54*) kom waardeur baie wat dit gesien het, geglo het (*Johannes 11:45*), ontplooi daar ‘n kragtige maar hartseer ironie. Jesus toon dat Hy die dode weer lewend kan maak, en tog dink hierdie manne dat hulle Hom kan stop deur Hom dood te maak? Wat ‘n voorbeeld van die mens se swakheid in teenstelling met die wysheid en mag van God!

Vir verdere studie: Lees Ellen G. White, "Die Krisis in Galiléa", bl. 383–394; " 'Lasarus, kom uit' ", bl. 524–536; en "Die Priesters hou Raad", bl. 537–542, in *Die Koning van die Eeue.*

"Die lewe van Christus wat lewe aan die wêreld gee, is in Sy woord. Deur Sy woord het Jesus siekes genees en duiwels uitgedryf; deur Sy woord het Hy die see stilgemaak en die dode opgewek; en die volk het getuig dat daar krag in Sy woord was. Hy het die woord van God gespreek soos Hy deur al die profete en leraars van die Ou Testament gespreek het. Die hele Bybel is 'n openbaring van Christus, en die Heiland wou die geloof van Sy volgelinge op die Woord vestig. Wanneer Hy nie meer sigbaar in hul midde is nie, moet die Woord hul kragbron wees. Soos hul Meester, moet hulle lewe "van elke woord wat deur die mond van God uitgaan" (Matthéüs 4:4).

"Soos ons liggaamlike lewe deur voedsel onderhou word, so word ons geestelike lewe deur die Woord van God onderhou. En elke siel moet afsonderlik vir hom lewe uit die Woord van God put. Ons moet dit nie bloot deur middel van 'n ander se verstand ontvang nie. Ons moet die Bybel grondig bestudeer en God vra om die voorligting van die Heilige Gees, sodat ons Sy Woord kan verstaan. Ons moet een teks neem en ons daarop toespits om die gedagte wat God in daardie teks vir ons uitdruk, vas te stel. Ons moet daardie gedagte deurpeins totdat dit ons eie word, en ons weet wat die Here spreek." — Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, bl. 390.

Vrae vir bespreking:

❶ Hierdie week het ons gesien hoe Jesus die vyfduisend voed, 'n man gesond maak wat van geboorte af blind was, en hoe Lasarus uit die dode opgewek was. Jesus het in elk van hierdie gevalle kragtige bewyse van sy goddelikheid gelewer. Tog het hierdie wonderwerke wat so verstommend was, verdeeldheid veroorsaak. Sommige het geloof getoon, ander het getwyfel. Wat leer dit ons oor hoe, selfs al is daar kragtige bewyse, mense steeds kies om God te verwerp?

❷ Hierdie verhale toon almal dat Christus die goddelike Seun van God is. Waarom is Sy goddelikheid so belangrik ten opsigte van geloof in Jesus ons Verlosser?

❸ Lees I Korinthiërs 1:26–29. Op watter maniere sien ons nou in die 21ste eeu dat hierdie selfde beginsel steeds van toepassing is? Wat is sommige van die "dwaashede" wat Christene glo, dinge wat die "wyse na die vlees" bespot en verwerp? Wat glo ons met betrekking tot [dinge wat] "sterk is, te beskaam"?

Die agtergrondverhaal: Die voorwoord

SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie: *Johannes 1:1–5, Génesis 1:1, Johannes 1:9–13, Johannes 3:16–21, Johannes 9:35–41, Matthéüs 7:21–23, Johannes 17:1–5*

Geheueteks: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God" *Johannes 1:1***.**

Ek een het die laaste gedeelte van Johannes behandel waar dit verduidelik word hoekom hy die Evangelie geskryf het. Hierdie week se les gaan weer terug na die begin van hierdie Evangelie waar Johannes, geïnspireer deur die Heilige Gees, die rigting bepaal waarheen hy van plan is om die leser te neem. Die Nuwe Testamentiese skrywers se eerste woorde en paragrawe dui dikwels aan watter onderwerpe hulle van plan is om te dek. En so maak Johannes ook deur onderwerpe aan te bied wat deel is van 'n belangrike of grootse kosmiese omvang, en wat kragtige waarhede oor Jesus Christus uitbeeld — waarhede wat teruggaan tot selfs voor die Skepping.

Hierdie aanbieding aan die begin van die boek gee aan die lesers wat reeds weet dat Jesus die Messias is, 'n voordeel wat die karakters in die boek self nie gehad het nie. Die leser kan duidelik die belangrike onderwerpe sien waarna die evangelieskrywer terugverwys terwyl hy die verhaal van Jesus vertel. Hierdie belangrike onderwerpe word in die historiese periode van Jesus se lewe op aarde geplaas.

Hierdie week se les begin met die Voorwoord (*Johannes 1:1–18*) en som die hoofonderwerpe daarvan op. Hierdie onderwerpe sal dan ook op ander plekke in Johannes se Evangelie behandel word.

**Bestudeer hierdie week se les ter voorbereiding vir Sabbat, 19 Oktober.*

In die begin — die Goddelike Woord

Lees **Johannes 1:1–5. Wat onthul hierdie woorde oor die Woord, Jesus Christus?**

_____

_____

_____

Die Evangelie van Johannes begin met hierdie ongelooflike gedagte: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God" (*Johannes 1:1*). Hierdie een kosbare sin bevat so 'n geweldige diep gedagte dat ons dit skaars kan begryp.

Eerstens sinspeel die evangelieskrywer op die Skeppingsverhaal in Génesis 1:1, "In die begin". Die Woord was reeds daar voor die begin van die heelal. Johannes bevestig dus Jesus se ewige bestaan.

Daarna volg "en die Woord was by God". In Johannes 1:18 verwys Johannes na Hom, Hy "wat in die boesem van die Vader is". Maak nie saak hoe ons ook al probeer om te begryp wat hierdie presies beteken nie, een ding is seker: Jesus en die Vader is intiem met mekaar verbind.

En dan sê hy, "en die Woord was God". Maar hoe kan die Woord by God wees en tegelykertyd God wees? Die antwoord word in die Grieks gevind. Die Griekse taal het 'n bepalende lidwoord, *die*, maar geen onbepalende lidwoord, 'n, nie. Wat dan vir ons belangrik is, is dat die Griekse bepalende lidwoord "die" op eiebelang bo algemene belang dui, op een of ander bepaalde voorwerp of persoon.

In die sinsnede "die Woord was by God", bevat die woord "God" die lidwoord, wat dus na 'n bepaalde indiwidu verwys, na die Vader: *En die Woord was by die Vader*. In die sinsnede, "en die Woord was God", bevat die sinsnede "en die Woord was God" nie die lidwoord nie, wat, in hierdie verband, dui op die kenmerke van goddelikheid. Jesus is God — Hy is nie die Vader nie, maar Hy is nog die goddelike Seun van God, die tweede Persoon van die Godheid.

Die apostel bevestig hierdie begrip, want Johannes 1:3 en 4 sê dat Jesus die Skepper van alle dinge is. Enigiets wat eens nie bestaan het nie, maar toe tot stand gekom het, het net deur Jesus, die Skepper God, tot stand gekom.

"Die Here Jesus was van die voortyd af een met die Vader, Hy was 'die beeld van God', die beeld van Sy grootheid en majesteit, 'die afskynsel van sy heerlikheid'". — Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, bl. 19.

Waarom vorm die volle godheid van Christus so 'n belangrike deel van ons teologie? Wat sou ons verbeur het as Jesus enigsins slegs 'n geskape wese was? Bring jou antwoord na die klas op Sabbat en wees gereed om te bespreek waarom Christus se ewige goddelikheid so belangrik vir ons geloof is.

Die Woord het *vlees* geword

Lees **Johannes 1:1–3 en vers 14. Wat vertel hierdie verse ons wat Jesus as God self, gedoen het – en waarom is hierdie waarheid die belangrikste waarheid wat ons ooit kan ken?**

_____

_____

Johannes begin sy Evangelie nie met die naam "Jesus" nie, of met Jesus se rol as die Messias/Christus nie, maar met die woord *logos*. Gedurende die tyd toe Johannes geskryf het, het verskeie filosowe die woord logos gebruik om na die rasionele struktuur (dit wat die verstand kan begryp) van die heelal te verwys, of om na logiese denke en rede self te verwys.

Die leringe van die invloedryke antieke filosoof Plato het ook die werklikheid in twee stelsels verdeel. Een is die hemelse en onveranderlike stelsel waar absolute volmaaktheid bestaan. Die ander is die stelsel hier op aarde – verganklik, veranderlik, 'n onvolmaakte verteenwoordiging van die volmaakte hemelse stelsel wat waar ook al sou bestaan het. (Plato het nooit hierdie vraag beantwoord nie.) Sommige filosowe het die logos geïdentifiseer as een of ander abstrakte bemiddeling tussen die ewige stelsels en die verganklike aardse stelsels.

Johannes gebruik die woord heeltemal verskillend. Hy beweer dat die waarheid, die logos, nie een of ander eteriese (hemelse) en abstrakte konsep is wat tussen hemel en aarde rondsweef nie. Die logos is 'n persoon: Jesus Christus, wat vlees geword het en onder ons kom woon het (*Johannes 1:14*).

Vir Johannes is logos die Woord van God. Wat nog meer belangrik is, God het met ons gekommunikeer; d.w.s., Hy het Homself aan die mensdom op die mees radikale wyse geopenbaar: God het een van ons geword.

In die Evangelie van Johannes verteenwoordig die woord *logos* die ewige God wat tyd en ruimte betree, wat praat, optree en onderling met mense op 'n persoonlike vlak verkeer. Die ewige God het 'n mens geword, en een van ons.

In Johannes 1:14 dui die apostel aan dat die *logos* "vlees geword [het] en onder ons gewoon [het]". Die onderliggende Griekse woord wat as woon vertaal word, beteken om 'n *tent op te slaan*. Johannes sinspeel hier op Exodus 25:8 waar God aan die Israeliete gesê het om 'n heiligdom te bou, 'n tentstruktuur, sodat Hy onder hulle kon woon. Op dieselfde wyse het Jesus, die goddelike Seun van God, met die vleeswording mens geword en sy heerlikheid bedek sodat mense met Hom kontak kon maak.

Dink aan die implikasies van wat Johannes hier geskryf het. God self, die Skepper, het 'n menslike wese geword, een met ons, en het hier onder ons kom leef. (Ons het nog nie eers by sy sterwe vir ons uitgekom nie!) Wat sê dit aan ons oor die werklikheid van God se liefde vir die mensdom? Waarom behoort ons soveel vertroosting uit hierdie ongelooflike waarheid te put?

Om sy Woord te hoor of nie te hoor nie

Lees **Johannes 1:9–13. Watter harde werklikheid beeld Johannes hier uit oor hoe mense teenoor Jesus optree?**

_____

_____

_____

Die voorwoord, Johannes 1:1–18, beskryf nie net wie Jesus, die Woord (*logos*), is nie, maar ook hoe mense teenoor Hom opgetree het en nog steeds optree. In Johannes 1:9 word Hy genoem: d*ie waaragtige lig wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld*. Daardie lig deurstraal die wêreld, en maak dit verstaanbaar. Soos C. S. Lewis dit beskryf, "Ek glo in die Christendom soos wat ek glo dat die Son opgekom het, nie net omdat ek dit sien nie, maar omdat ek deur dit alles sien." — "Is Theology Poetry?" (n. p.: Samizdat University Press, 2014), bl. 15, oorspronklik aangebied 1944, (*vry vertaal*).

Kyk ook na die implikasies van wat Johannes 1:9 sê. Almal ontvang lig, maar nie almal verwelkom die lig nie. 'n Hooftema in die Evangelie van Johannes is hoe mense Jesus ontvang of verwerp soos wat ons in môre se studie gaan sien. Daardie tema begin hier. Die treurige geskiedenis leer ons dat die Messias na sy eie volk gekom het, die volk van Israel, en baie van hulle het Hom nie as die Messias ontvang nie.

In Romeine 9–11 behandel Paulus dieselfde tragiese onderwerp van so baie Jode wat Jesus verwerp het. Maar Paulus sluit nie met negatiewe nuus af nie. Hy sê dat baie Jode, saam met die heidene, Jesus as hulle Messias sal aanvaar. Inderdaad, hy waarsku die heidene om nie hoogmoedig teenoor die Jode te wees nie. "Want as jy afgekap is van die olyfboom wat van nature wild was, en teen die natuur op die mak olyfboom ingeënt kan word, hoeveel te meer kan hulle dan wat dit van nature is, op hul eie olyfboom ingeënt word?" (*Romeine 11:24*)

Op soortgelyke wyse sê Johannes dat almal wat Jesus as hulle Verlosser ontvang, die kinders van God sal word. Dit gebeur deur in sy Naam te glo. (*Lees Johannes 1:12, 13*.)

Hier is die verband tussen die voorwoord en die slotsom van die Evangelie. In Johannes 20:31 sê die apostel waarom hy geskryf het — dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en dat julle deur te glo die lewe in sy Naam kan hê. Die voorwoord en die slot vorm dus 'n tipe eenheid, verwante gedagtes wat alles insluit wat tussenin gebeur. Hierdie verbinding wys na die oorkoepelende doel van die Evangelie van Johannes — dat die mens gered word deur in Jesus Christus as hulle Verlosser te glo.

Hoe het jou lewe verander toe jy 'n seun of dogter van God geword het?

Temas wat weer verskyn — Geloof/Ongeloof

Lees **Johannes 3:16–21, Johannes 9:35–41 en Johannes 12:36–46. Hoe herhaal hierdie teksverse die tema van geloof/ongeloof wat in die voorwoord voorkom?**

_____

_____

_____

In Johannes se Evangelie skyn dit asof die mensdom in twee oorkoepelende groepe verdeel is: diegene wat in Jesus glo en Hom as die Messias aanvaar, en diegene wat die geleentheid het om te glo maar verkies om nie te glo nie.

Die dissipels is in die eerste groep, so ook ander soos Nikodémus (wat stadigaan gelowig geword het), die vrou by die fontein en die man wat blind gebore was. In die tweede groep is die Fariseërs en die hoëpriesters, die mense wat teenwoordig was tydens die wonderwerk van die vermeerdering van die brode om 5,000 te voed, en selfs een van die dissipels, Judas.

Dit is interessant dat geloof (Grieks *pistis*), 'n selfstandige naamwoord, nooit in die Evangelie van Johannes verskyn nie. Maar, die werkwoord glo (*pisteuō*) verskyn 98 keer in vergelyking met 241 keer in die hele Nuwe Testament! Hierdie werkwoord is inderdaad 'n baie groot tema in Johannes. Hierdie gebruik van die werkwoord in plaas van die selfstandige naamwoord kan in 'n sekere sin dui op 'n baie aktiewe wyse om 'n Christen te word. Om in Jesus te glo, is wat ons doen, en dit word getoon in hoe ons lewe en om nie slegs 'n stel geloofsoortuigings te hê nie. Soos ons weet, die duiwel glo ook in Jesus (*lees Jakobus 2:19*).

In Johannes is die hoofverskil tussen die twee groepe die wyse hoe hulle teenoor Jesus optree. Gelowiges, of diegene wat gelowig word, is openhartig met Hom, selfs wanneer Hy hulle konfronteer of teregwys. Hulle kom na Jesus toe en hardloop nie weg nie. Hy is die Lig wat op hulle skyn. En deur geloof, deur te glo, word hulle die kinders van God.

Ongelowiges, aan die anderkant, kom na Jesus om met Hom te veg. Hulle word gekenmerk as diegene wat die duisternis meer liefhet as die lig. Hulle vind dit moeilik om Sy uitsprake te aanvaar of hulle sien Hom as iemand wat ou tradisies verander en nie hulle verwagtinge tegemoetkom nie. Hulle is reg om Hom te veroordeel liewer as om toe te laat dat sy lig hulle meet (toets) en hulle oordeel. Hierdie gesindheid was natuurlik oor en oor in die godsdienstige leiers gesien wat ideal-gesproke as die geestelike leiers van die nasie eerste moes wees om Jesus te aanvaar.

Op watter maniere weerspieël jou lewe jou geloof in Jesus, in plaas daarvan om net 'n intellektuele aanvaarding van Hom as die Messias te hê? Waarom is dit belangrik om die verskil te ken? (*Lees Matthéüs 7:21–23***.)**

_____

Temas wat weer verskyn — Heerlikheid

Lees Johannes 17:1–5. Wat het Jesus bedoel toe Hy gesê het, "Vader, die uur het gekom; verheerlik u Seun, sodat u Seun U ook kan verheerlik"?

_____

_____

Gister se studie het die aardse, die menslike geslagslyn in die Evangelie van Johannes behandel met sy stryd en onderlinge inwerking tussen mense oor wie Jesus is, en wat Hy besig is om te doen. Vandag se studie fokus op die goddelike, die kosmiese verhaal wat ook in die Evangelie van Johannes gevind word.

Die voorwoord begin met daardie kosmiese verhaal. Jesus word as die goddelike Seun van God, die Skepper van die heelal voorgestel. Om te herhaal, enigiets wat eers nie bestaan het nie, maar wat ontstaan het, het net deur Jesus ontstaan. "Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie" (*Johannes 1:3*). Maar, die verhaal vertel verder van sy heerlikheid, van sy menswording deur sy vleeswording (*Johannes 1:14*). Johannes gebruik die woorde *heerlikheid* (doxsa, helderheid, glansrykheid, befaamdheid, eerbaarheid) en *verheerlik* (doxsazō, om Hom te loof, te eer, te verhef, te prys) om beide deur die mens vereer of deur God verheerlik te word.

In Johannes word die gedagte van Jesus se verheerliking aan die gedagte van sy uur gekoppel; d.w.s., die tyd van sy dood (*vergelyk Johannes 2:4, 7:30, 8:20, 12:23–27, 13:1, 16:32 en 17:1*). Die kruis is sy uur van verheerliking.

Hierdie gedagte is nogal paradoksaal (skynbaar teenstrydig), want om gekruisig te word was die skandelikste en vernederendste manier om in die antieke Roomse wêreld tereggestel te word. Hierdie ongelooflike kontras, God op 'n kruis, illustreer die ineenstrengeling van die mensdom se komplotverhaal met die goddelike.

Op menslike vlak het Jesus in angs gesterf, 'n veragte krimineel wat in swakheid uitgeroep het " 'My God, my God, waarom het U my verlaat?' " Hierdie menslike, donker sy van die kruis word meer spesifiek in Matthéüs en Markus aangebied (*Matthéüs 27:46, Markus 15:34*).

Maar die glorieryke sy van die kruis word veral in Lukas en Johannes aangebied (*Lukas 23:32–47, Johannes 19:25–30*). Dit is 'n plek van verlossing, van genade, en waar die Seun van God Homself aan sy Vader gee.

Hoe ironies: God se grootste eer word in sy grootste skande geopenbaar — om die sondes van die wêreld in Homself te dra.

Dink na oor wat dit beteken dat dit so 'n drastiese optrede geneem het, God self op die kruis, om ons van sonde te red. Wat behoort dit aan ons te vertel oor hoe erg sonde werklik is?

_____

Vir verdere studie: Ellen G. White, " 'God Met Ons,' " in *Die Koning van die Eeue*, bl. 19–26.

"Die Here Jesus Christus, die goddelike Seun van God, het van ewigheid bestaan, 'n afsonderlike persoon, maar tog een met die Vader. Hy was die ongeëwenaarde heerlikheid van die hemel. Hy was die bevelvoerder van die hemelse wesens, en Hy het die aanbidding en eerbetoning van die engele as sy reg ontvang. Hierdie reg was nie as roof geag om aan God gelyk te wees nie [Spreuke 8:22–27 aangehaal].

"Daar is lig en heerlikheid in die waarheid dat Christus Een met die Vader was voor die grondlegging van die wêreld. Dit is die lig wat in die duisternis skyn, wat dit glansryk maak met goddelike oorspronklike heerlikheid. Hierdie waarheid, oneindig misterieus opsigself, verduidelik ander verborge en andersins onverklaarbare waarhede, terwyl dit met ontoeganklike en onbegryplike lig omhul is." — Ellen G. White Comments, *The Seventh-day Adventist Bible Commentary*, vol. 5, bl. 1126, (*vry vertaal*).

"Jesus het gesê: 'En Ek, as Ek van die aarde verhoog word, sal almal na My toe trek.' Johannes 12:32. Christus moet aan die sondaar geopenbaar word as die Een wat vir die sondes van die wêreld gesterf het; en namate ons die Lam van God aan die kruis van Gólgota aanskou, sal die verborgenheid van die verlossing vir ons duidelik begin word, en die goedheid van God sal ons tot bekering lei. Deur vir sondaars te sterf, het Christus 'n onuitspreeklike liefde geopenbaar; en namate die sondaar hierdie liefde besef, versag dit sy hart en verwek dit berou in sy siel. . . . Maar wanneer hulle 'n poging aanwend om te hervorm as gevolg van 'n opregte begeerte om te doen wat reg is, is dit die krag van Christus wat hulle trek. Hulle word beïnvloed deur 'n krag waarvan hulle onbewus is, hulle gewete word wakker en hulle lewe verbeter. Namate Christus hulle trek na die kruis om Hom daar te aanskou – die Een wat vir hul sondes deurboor is – begin hulle dink aan die wet." - Ellen G. White, Skrede na Christus, bl. 26-27.

Vrae vir bespreking:

❶ Waarom sou Johannes sy Evangelie begin deur oor Jesus se rol as Skepper te praat? Wat sê dit aan ons oor die belangrikheid van die Skepping as deel van alle teologie? Waarom is dit dan belangrik dat ons 'n korrekte begrip van die Skepping moet hê soos wat dit in die Skrif geopenbaar word?

❷ Bedink weer die vraag wat aan die einde van Sondag se studie gevra was. Wat gebeur met die kruis as, in plaas van die ewige God, 'n geskape wese daarop sou gesterf het? Wat verloor ons as Jesus enigiets anders as die ewige God was?

Getuies *van* Christus *as* die Messias

SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie: *Johannes 1:19–23; Jesaja 40:1–5; Johannes 1:29–37; Romeine 5:6; Johannes 1:35–39; Johannes 1:43–51; Johannes 3:1–21.*

Geheueteks: "Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie'" (*Johannes 3:3***).**

Daar is geen twyfel dat Jesus vir sy volk kragtige skriftuurlike bewyse gegee het om die aannames wat Hy oor Homself gemaak het, te steun nie, en wat dus die volgende insluit: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo, het die ewige lewe" (*Johannes 6:47*).

Maar daar is nog meer. Die water wat in wyn verander was; die vermeerdering van 'n paar brode om duisende te voed; die genesing van die seun van die koninklike beampte; die genesing van die siek man by die bad van Betésda; die genesing van die man wat blind gebore was; die opwekking van Lasarus uit die dood. Die evangelieskrywer gebruik 'n verskeidenheid van gebeurtenisse en mense — Jood, heiden, ryk, arm, 'n man, 'n vrou, heersers, gewone mense, geleerdes en ongeleerders — om te getuig wie Jesus is.

Johannes verwys selfs na die getuienis van die Vader en na die Skrif wat aandui wie Jesus is.

Hierdie week begin met die kragtige getuienis van Johannes die Doper. En nog ander getuies ook: Andréas en Simon Petrus, Filippus en Natánael, en 'n onverwagte getuie, die Fariseër Nikodémus. Maar daar is nog 'n getuie in die agtergrond (die ander dissipel saam met Andréas in Johannes 1:35, 40) — Johannes self.

Bestudeer hierdie week se les ter voorbereiding vir Sabbat, 26 Oktober.

Die getuienis van Johannes die Doper

Soos verlede week se les geïllustreer het, begin die Evangelie van Johannes met Jesus Christus, die Woord, in sy ewige bestaan voor die Skepping. Maar in daardie selfde voorwoord, verskyn Johannes die Doper as 'n getuie van Jesus. Sommige Jode in Jesus se tyd het twee messiaanse profete verwag, een as priester en die ander as koning. Johannes leer duidelik dat Johannes die Doper nie daarop aanspraak gemaak het om een van hierdie messiaanse profete te wees nie, maar hy was liewer 'n getuie van die een ware Messías.

Lees **Johannes 1:19–23. Hoe het Johannes die Doper sy bediening en sending verduidelik?**

_____

_____

Die godsdienstige leiers het priesters en Leviete gestuur om Johannes te vra wie hy was. Omdat die messiaanse verwagtinge hoogty gevier het in Judéa was dit belangrik vir die Doper om sy verwantskap met daardie verwagtinge op te klaar. Hy was nie die Lig nie, maar hy was deur God gestuur om te getuig van die Lig en om voor te berei vir die koms van die Messías (*Johannes 1:6–8*). Dit is waarom hy hulle so reguit as moontlik geantwoord het en gesê het: "Ek is nie die Christus nie" (*Johannes 1:20*).

Ook, Johannes het met water gedoop, maar Christus sou met die Heilige Gees doop (*Johannes 1:26, 33*). Johannes was nie waardig om Jesus se skoenriem los te maak nie (*Johannes 1:27*). Christus was Johannes voor, want Hy was reeds daar voor Johannes (*Johannes 1:30, AFR83*). Jesus was die Seun van God en Johannes het van Hom getuig (*Johannes 1:34*).

Lees **Jesaja 40:1–5 en Johannes 1:23. Hoe gebruik Johannes hierdie verse?**

_____

_____

In die dae van uitgeryde en klipperige paaie was die diensknegte gewoonlik voor die koning vooruitgestuur om die oppervlaktes of paaie gelyk te maak, en om die skerp draaie reguit te maak om so die pad vir die koning reguit te maak. So, ter vervulling van die profesieë, het Johannes gekom om die harte van die volk voor te berei.

Op watter wyse behoort ons as Sewendedag-Adventiste dieselfde bediening as Johannes die Doper te hê? Wys die ooreenkomste uit.

_____

Die Lam van God

Die Hebreeuse nasie het uitgesien na ‘n Messías wat hulle van die Romeine sou verlos. Die doel van die Evangelie van Johannes was om hulle wanbegrip oor die koms van die Messías te verander sodat hulle Jesus as die vervulling van die profesieë m.b.t. die koms van die Koning sou herken. Die Messias sou nie ‘n aardse heerser wees nie. Hy het gekom om al die Ou Testamentiese beloftes oor Homself te vervul wat sy offerande op die kruis vir die wêreld ingesluit het, en om die verhouding tussen God en sy volk te hernu.

Lees **Johannes 1:29–37. Watter aankondiging maak Johannes die Doper oor Jesus? Watter beeld gebruik hy om Jesus voor te stel, en waarom is dit so belangrik vir ons begrip oor wie Jesus is, en wat sy sending sou wees?**

_____

_____

Die verklaring deur die Doper dat Jesus die Lam van God is, ondersteun die doel van Johannes se Evangelie om sodoende ‘n hernude begrip van die werk en natuur van die Messías te weeg te bring. Jesus sou inderdaad die vervulling van die belofte van die offerstelsel wees, en ook terugverwys na die beloofde Verlosser soos oorspronklik in Génesis 3:15 belowe was.

“Toe Johannes met die doop van Jesus na Hom verwys het as die Lam van God, is nuwe lig op die Messias se sending gewerp. Die profeet het gedink aan die woorde van Jesaja: ‘soos ‘n lam wat na die slagplek gelei word’, Jesaja 53:7.” — Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, bl. 136.

Lees **Markus 10:45, Romeine 5:6 en I Petrus 2:24. Hoe help hierdie verse ons om die rol van Jesus as “die Lam van God” te verstaan?**

_____

_____

Al moes Johannes die Doper nog meer te wete kom oor Jesus se bediening, was hy baie seker dat Jesus die beloofde Messías was, die Een wat moes kom om die profesieë te vervul.

Oordenk Jesus se benaming as “die Lam van God” in diepe bepeinsing. Watter beelde word in jou gedagtes opgeroep, en hoe help die verbintenis met die Ou Testamentiese offerstelsel jou om dié grootse prys vir die mens se verlossing te waardeer?

_____

Die twee dissipels van Johannes

Twee van Johannes die Doper se dissipels het by hom gestaan toe Jesus by hulle verbygeloop het. En toe verklaar Johannes, "'Dáár is die Lam van God!" (*Johannes 1:36*). Die twee dissipels het Johannes se boodskap oor die Christus gehoor, oor die Messías wat sou kom om die Ou Testamentiese profesieë te vervul. En toe het die dissipels Johannes verlaat om Jesus te volg, omdat hulle besef het dat Jesus groter as Johannes die Doper was en dat Hy die vervulling van Johannes se boodskap was.

Lees **Johannes 1:35–39. Wat het hierdie twee dissipels gedoen nadat hulle Johannes se getuienis oor Jesus gehoor het?**

_____

_____

_____

Omdat hulle graag by Jesus wou wees, het hulle die dag saam met Hom deurgebring. Wie weet watter wonderbaarlike dinge hulle toe geleer en ondervind het?

Dit moes inderdaad groot dinge gewees het, want kort daarna het hulle begeer om hulle ondervinding met ander te deel. Andréas, een van die twee dissipels, het onmiddelik sy broer, Simon, gaan soek en vir hom gesê, "'Ons het die Messías gevind' – dit is, as dit vertaal word, die Christus" (*Johannes 1:41*). Toe Andréas sy broer na Jesus gebring het, het Jesus onmiddellik aangedui dat Hy hom geken het deur te sê, "'Jy is Simon, die seun van Jona, jy sal genoem word Séfas . . ." (*Johannes 1:42*). Jesus het Petrus geken en hom verstaan. Dat Jesus persone ken, is 'n hoofgedagte in die Evangelie van Johannes. (*Lees byvoorbeeld Johannes 2:24, 25*.)

"As Johannes en Andréas die ongelowige gees van die priesters en owerstes gehad het, sou hulle nie leerlinge aan die voete van Jesus geword het nie. Hulle sou dan as kritici na Hom gekom het, om Sy woorde te beoordeel. . . . Maar nie hierdie eerste dissipels nie. Tydens die prediking van Johannes die Doper het hulle al gehoor gegee aan die roepstem van die Heilige Gees. Nou het hulle die stem van die hemelse Leraar herken. . . . 'n Goddelike lig is oor die leerstellings van die Ou Testament gewerp. Die veelsydige temas van die waarheid is in 'n nuwe lig gesien." — Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, bl. 139.

Die Evangelie van Johannes se doel in sy geheel is om te onthul wie Jesus is, sodat hierdie goeie nuus met die wêreld gedeel kan word.

Op watter maniere het Christus, en jou geloof in Hom, jou lewe verander? Watter ander veranderinge sou jy graag nog wou sien plaasvind?

_____

_____

Filippus en Natánael

Lees **Johannes 1:43–46. Wat het Filippus se nuus oor sy geloof in Jesus onthul?**

_____

_____

Fillipus se tuisdorp was Betsáida, en so ook Andréas en Petrus. Hy het sy vriend Natánael gevind en hom van Jesus vertel. Johannes die Doper het Jesus "die Lam van God" genoem. Andréas het vir Petrus vertel dat hy "die Messías" gevind het. Maar Filippus het gesê dat hulle Hom gevind het van wie "Moses in die wet en ook die profete geskrywe" het, en bygevoeg dat "Jesus van Násaret" afkomstig was. Sy verwysing na Násaret het 'n vinnige reaksie van sy vriend ontlok.

Dit skyn asof Natánael bevooroordeeld teenoor die klein dorpie Násaret was. 'n Koning kon sekerlik nie van so 'n onbenullige plek gekom het nie. Vooroordeel verblind baie maklik die oë van mense sodat hulle ander mense se werklike waarde nie raaksien nie. Filippus het blykbaar agtergekom uit sy vorige geselsies met Natánael dat die regte manier om met vooroordeel te werk nie deur verhewe filosofiese of teologiese redenasies geskied nie, maar liewer deur die indiwidu te nooi om die waarheid vir hulle self uit te vind. Hy het doodeenvoudig gesê, "Kom kyk", en dit is presies wat Natánael gedoen het. Hy het gegaan en gesien.

Lees **Johannes 1:47–51. Hoe het Jesus Natánael oortuig van wie Hy was, en wat was Natánael se reaksie?**

_____

_____

Tussen verse 46 en 47 vind ons nie dat Natánael met woorde op Filippus se uitnodiging gereageer het nie, maar dat hy opgestaan en self gaan kyk het. Sy vriendskap met Filippus was sterker as vooroordeel, en van daardie oomblik af sou sy lewe heeltemal verander.

Jesus het mooi woorde oor Natánael gesê deur hom 'n Israeliet te noem in wie daar geen bedrog is nie (*Johannes 1:47*), 'n groot kontras met wat Natánael oor Jesus se tuisdorp gesê het (*Johannes 1:46*). Natánael was verbaas, want hy het Jesus nog nie vantevore ontmoet nie.

Toe Jesus sê dat Hy hom onder die vyeboom gesien het, het hierdie kort verklaring Natánael oortuig. Jesus het deur goddelike insig gesien hoe Natánael daar onder die boom gebid het om waarheid te vind (lees Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, bl. 140-141). En toe reageer Natánael met 'n geïnspireerde belydenis: "Rabbi, U is die Seun van God, U is die Koning van Israel!" Let op hoe die kleinste openbaring blykbaar tot die mees verhewe belydenis van geloof lei.

Die getuienis van Nikodémus

Lees **Johannes 3:1–21. Hoe ondersteun Nikodémus se getuienis die tema van die Evangelie van Johannes?**

_____

_____

Nikodémus was ‘n gerespekteerde onderwyser in Israel en ‘n vermoënde lid van die Sanhedrin. Vir verskeie redes speel sy getuienis ‘n belangrike rol in Johannes se Evangelie. Hy het na Jesus as “Rabbi” verwys en na die wondertekens wat Jesus gedoen het as die bewys van sy goddelike sending.Sodoende, selfs voordat Nikodémus besef het wat hy doen, het hy bewys gegee dat Jesus die Messías is.

Nikodémus het die tekens wat Jesus gedoen het as ‘n bewys van sy goddelike roeping gesien, maar het dit nog nie as die vervulling van die Ou Testamentiese profesieë oor die Messías beskou nie. Nikodémus het dus nog getwyfel; op daardie oomblik het hy nog nie Jesus as die Christus erken nie.

Lees **Johannes 3:3–21. Wat het Jesus vir Nikodémus gesê om te toon dat Hy regdeur Hom kon sien?**

_____

_____

Jesus ken die hart van elke indiwidu. Sy reaksie op Nikodémus mag kortaf voorkom, maar Hy spreek die vraagstuk direk aan. Hoewel die Jode geglo het dat dit vir die heidene nodig was om hulle te bekeer, het baie nie verstaan dat hulle, die verkose volk, ook ‘n bekeringsondervinding nodig gehad het nie. Niemand word as gered gebore nie, maak nie saak wat hulle nasionaliteit of kerkverband is waarin hulle grootgemaak was nie.

Daar is geen twyfel dat die Jode se wonderlike herkoms wat tot by Abraham teruggaan, aan hulle baie spesifieke voordele verskaf het nie (*lees Romeine 3:1, 2*). Maar dit was opsigself nie genoeg nie. Jesus het vir Nikodémus die ondenkbare gesê, dat hy, ‘n onderwyser en owerste in Israel, weer van omhoog gebore moes word!

Jesus het Nikodémus met sy eie geestelike onkunde gekonfronteer: “ ‘Jy is die leraar van Israel en jy weet hierdie dinge nie?’ ” (*Johannes 3:10*). Hoe kan jy, ‘n gesiene leraar, hierdie dinge nie weet nie? Die berisping moes hartdiep getref het.

Ten spyte van watter vrae Nikodémus ook al oor Jesus mag gehad het, het hy later saam met sy volgelinge Jesus se kant gekies (*lees Johannes 19:39*).

Wat beteken dit om “weer gebore” te wees, en waarom sou Jesus dit so beklemtoon het?

Vir verdere studie: Lees Ellen G. White, "Nikodémus," bl. 167–177, in *Die Koning van die Eeue.*

Nikodémus "het die Skrif in 'n nuwe gees ondersoek – nie ter wille van die bespreking van 'n teorie nie, maar om lewe vir sy siel te vind. Hy het die koninkryk van die hemele begin verstaan toe hy hom onderwerp het aan die leiding van die Heilige Gees. . . .

"Deur die geloof ontvang ons die genade van God; maar die geloof is nie ons verlosser nie. Dit verdien niks. Dit is die hand waarmee ons Christus aangryp en Sy verdienste vir ons as middel teen die sonde toe-eien. . . . Bekering kom net so gewis van Christus as wat vergifnis kom.

"Hoe moet ons dan gered word? 'Soos Moses die slang in die woestyn verhoog het', so is die Seun van die mens verhoog, en elkeen wat deur die slang verlei en gepik is, kan aanskou en lewe. 'Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem', Johannes 1:19. Die lig wat van die kruis af straal, openbaar die liefde van God. Sy liefde trek ons na Hom. As ons ons nie teen hierdie aantrekking verset nie, sal ons in berou oor die sondes wat die Heiland gekruisig het na die voet van die kruis gelei word. Dan sal die Gees van God deur die geloof 'n nuwe lewe in die siel verwek. Die gedagtes en drange word aan die wil van Christus gehoorsaam gemaak. Die hart, die gees, word opnuut geskep na die beeld van Hom wat in ons optree om alle dinge aan Hom te onderwerp. Dan word die wet van God op die verstand en hart geskryf en kan ons soos Christus sê: 'Ek het lus, o my God, om u welbehae te doen' (Psalm 40:9). — Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, bl. 175-176.

Vrae vir bespreking:

❶ **Johannes die Doper het gekom om die weg vir Jesus voor te berei. Hoe dink jy, hoe suksesvol was sy bediening vanuit 'n menslike perspektief? Ook, terwyl jy oor jou antwoord nadink, vra jouself die volgende belangrike vraag af: Hoe definieer jy "sukses" met betrekking tot geestelike dinge?**

❷ **Later het Johannes die Doper opreg getwyfel (***Matthéüs 11:2, 3; Lukas 7:19***). Wat het hierdie vrae laat ontstaan, en wat kan ons daaruit leer oor hoe om in ons geloof standvastig te wees?**

❸ **Bespreek die gedagte van hoe iemand soos Nikodémus, 'n leier in die ware kerk, iemand wat sekerlik baie kennis gehad het, geestelik so onkundig kon gewees het oor wat werklik saak maak? Watter lesse kan ons uit hierdie situasie leer?**

Die Samaritane getuig



SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie: *Johannes 4:1–42; Johannes 3:26–30; Jeremia 2:13; Sagaría 14:8; Eségiël 36:25–27.*

Geheueteks: **"en aan die vrou gesê: 'Ons glo nie meer op grond van wat jy gesê het nie, want ons het self gehoor en ons weet dat Hy waarlik die Christus, die Saligmaker van die wêreld, is'" (***Johannes 4:42***).**

Wie was die Samaritane? In 722 v.C. het die Assiriërs die noordelike koninkryk van Israel binnegeval, die Israeliete in gevangenskap weggevoer en hulle oor verskillende dele van hulle Assiriese keiserryk versprei om sodoende politieke stabiliteit in die noordelike deel van Israel tot stand te bring. Netso het hulle bannelinge van ander nasies gebring om die noordelike koninkryk van Israel te bevolk. Hierdie nasies wat toe bekend geword as die Samaritane, het hulle eie vorm van Judaïsme beoefen.

Die onderlinge verhoudinge tussen die Jode en die Samaritane was egter nie goed nie. Byvoorbeeld, die Samaritane het die heropbouing van die tempel in Jerusalem teëgestaan nadat die Jode van hulle Babiloniese ballingskap af teruggekeer het om die tempel te herbou. Die Samaritane het in die tussentyd hulle eie tempel op die berg Gerísim gebou. Maar hierdie tempel was in 128 v.C. deur die Joodse heerser, John Hyrcanus, vernietig.

Gedurende Christus se tyd op aarde het hierdie vyandskap voortgeduur. Die Jode het die Samaritane sover as moontlik vermy. Hoewel kommersiële bedrywighede tussen hulle wel plaasgevind het, was enige ander wedersydse inwerking verbode. Die Jode sou nie waag om iets van die Samaritane te leen nie en selfs nie eers 'n guns van hulle te aanvaar het nie. Dis teen hierdie agtergrond wat Johannes die ontmoeting tussen Jesus en die Samaritaanse vrou by die fontein (put), en die mense van die Samaritaanse stad, Sígar, beskryf.

**Bestudeer hierdie week se les ter voorbereiding vir Sabbat, 2 November.*

Die agtergrond van die ontmoeting

Lees Johannes 4:1–4. Wat was die eintlike rede waarom Jesus deur Samaría gereis het?

_____

_____

Die Fariseërs het ontdek dat die dissipels van Jesus meer mense as Johannes die Doper en sy dissipels gedoop het. Hierdie situasie kon spanning tussen Johannes se volgelinge en Jesus s'n tot gevolg gehad het. Die dissipels van Johannes was vanselfsprekend ywersugtig vir hulle leier se reputasie en vir sy status (*vergelyk Johannes 3:26–30*). Johannes se eerbiedwekkende antwoord was dat hyself minder moes word, en Jesus meer (*Johannes 3:30*). Heelwaarskynlik, om konfrontasie te vermy, het Jesus toe Judéa verlaat om na Galiléa te gaan. Die pad deur Samaría was die korter roete na Galiléa, maar nie die enigste nie. Die toegewyde Jode sou die langer pad gekies het, Oos deur die Peréa-streek. Maar Jesus het in Samaría 'n taak gehad om te vervul.

Lees Johannes 4:5–9. Hoe het Jesus hierdie geleentheid gebruik om met die vrou by die put te begin gesels?

_____

_____

Jakob se put was reg langsaan Sigem, terwyl Sígar vanwaar die vrou gekom het, ongeveer een myl (1,5 km) verder van die fontein af was. Jesus het by die fontein bly sit terwyl sy dissipels na die stad gegaan het om kos te koop. Hy het geen toegang tot die koel water van die put gehad nie. Toe die vrou by die put kom om water te kry, vra Hy vir haar water om te drink.

In Johannes 3 was dit verrassend dat Nikodémus, 'n owerste van die Jode en 'n Rabbi, homself sou verneder om na Jesus te kom. Hy het in die nag gekom om te voorkom dat hy gesien sou word. Maar in Johannes 4 gebeur dit dat die vrou die helder daglig gebruik, miskien om kontak met die ander vroue vroeg in die dag of later wanneer dit koeler sou wees, te vermy. Waarom het sy in die eerste plek die langer pad gekies om water te gaan haal, en dit in die middel van die dag terwyl dit so warm was? Wat haar rede ook al was om op daardie oomblik daar op te daag, haar ontmoeting met Jesus sou haar lewe verander.

Wat gebeur volgende? 'n Joodse leraar word met 'n Samaritaanse vrou wat 'n slegte reputasie het, vergelyk! En tog, juis onder hierdie omstandighede, vind daar 'n merkwaardige ontmoeting plaas.

Wat is sommige van die taboes in jou eie kultuur wat jou sal verhinder om voor ander te getuig? Hoe kan ons leer om dit te bowe te kom? Bring jou antwoord na die klas op Sabbat.

Die vrou by die put

Lees **Johannes 4:7–15. Hoe gebruik Jesus hierdie ontmoeting om teenoor die vrou te begin getuig?**

_____

_____

"Die haat tussen die Jode en Samaritane het die vrou belet om Jesus 'n guns aan te bied; maar die Heiland het na 'n sleutel gesoek om haar hart te bereik, en met die takt wat uit Goddelike liefde gebore is, het Hy haar om 'n guns gevra pleks van een aan te bied. 'n Vriendelike aanbod kon verwerp geword het; maar vertroue wek vertroue." — Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, bl. 184.

Soos in die geval met sy ontmoeting met Nikodémus, weet Jesus wat in die harte van mense aangaan. In sy reaksie op haar verbasing dat 'n Jood so 'n guns van 'n Samaritaan sou vra, praat Jesus direk met haar sonder om doekies om te draai. " 'As jy die gawe van God geken het en geweet het wie Hy is wat vir jou sê: Gee vir My water om te drink, sou jy Hom gevra het en Hy sou vir jou lewende water gegee het' " (*Johannes 4:10*).

Die vrou se reaksie was net soos die van Nikodémus wat gevra het, " 'Hoe kan hierdie dinge gebeur?' " (*Johannes 3:9*) m.b.t. om weer gebore te word. Sy het gevra, " 'Here, U het nie eens 'n skepding nie, en die put is diep; waarvandaan kry U dan die lewende water?' " (*Johannes 4:11*). In beide gevalle het Jesus hulle (die een, 'n uitstaande Joodse leraar; die ander, 'n Samaritaanse vrou met twyfelagtige sedes) na die bonatuurlike geestelike waarhede verwys wat beide van hulle moes hoor en verstaan. Jesus het eintlik aan elkeen van hulle dieselfde ding gesê: Hulle het 'n bekeringsondervinding nodig gehad.

Wat **is die Ou Testamentiese agtergrond van Jesus se verklaring oor lewende water? (***Jeremia 2:13, Sagaría 14:8***)**

_____

_____

Water is lewe; die mensdom kan nie sonder water bestaan nie, en daarom vorm water ook 'n kragtige en toepaslike beeld vir die ewige lewe. Daarom sê Jesus, " 'maar elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe' " (*Johannes 4:14*).

Lees Johannes 7:37, 38. Wat sê Jesus in hierdie verse, en hoe ondervind ons wat Hy hier belowe?

_____

" 'Here, gee my daardie water' "

" 'Dan sal Ek skoon water op julle giet, sodat julle rein kan word; van al jul onreinhede en van al jul drekgode sal Ek julle reinig. En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee, en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee. En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen' " (*Eségiël 36:25–27*).

Hoe **weerspieël Eségiël 36:25–27 die waarhede wat Jesus gepoog het om aan Nikodémus en aan die vrou by die put te gee?**

_____

_____

In beide gevalle het Jesus getrag om by hierdie mense geestelike waarhede tuis te bring, selfs al moes Hy illustrasies uit die natuur gebruik om dit te doen.

Aanvanklik het nie een van hulle verstaan wat Jesus bedoel het nie. Hoe, het Nikodémus gevra, kan 'n man weer gebore word? Dit wil sê, hoe kan hy na sy moeder se skoot terugkeer? Nikodémus het duidelik op 'n aardse vlak gefunksioneer, selfs al het Jesus hom duidelik geestelike waarhede aangebied. Die vrou het ook Jesus se woorde oor die water letterlik opgeneem terwyl Jesus duidelik oor iets geesteliks gepraat het.

Haar reaksie op Jesus se aanbod van lewende water was, " 'Here, gee my daardie water, sodat ek nie dors kry en hier hoef te kom skep nie' " (*Johannes 4:15*). Sy het geredeneer dat die water wat Jesus aangebied het haar staptoggies na die put sou laat ophou, en so die risiko om mense in die gesig te kyk, uitskakel. Dit is treffend dat die gesprek so vinnig verskuif het van Jesus wat vir water gevra het om te drink, na die vrou wat vir Hom water vra om te drink.

Lees **Johannes 4:16. Hoe het Jesus op die vrou se versoek gereageer?**

_____

_____

Jesus het die onderwerp van bespreking skielik verander deur die vrou te vra om haar man te gaan roep en dan terug te kom. Waarom so skielik die onderwerp verander? Die vrou se optrede het ontwyking getoon. Jesus het haar hart gelees. Sy moes haar situasie trotseer om gesond te kon word. "Voordat hierdie siel die gawe kon ontvang wat Hy haar so graag wou gee, moes sy eers tot 'n besef van haar sonde en van haar Verlosser gebring word." — Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, bl. 187.

Jesus onthul Homself

Lees **Johannes 4:16–24. Wat het Jesus gedoen om aan hierdie vrou te toon dat Hy haar diepste geheime ken, en hoe het sy gereageer?**

_____

_____

_____

Die vrou kon nie hierdie lig, hierdie onthulling op daardie oomblik hanteer nie. Alhoewel sy Jesus as ‘n profeet erken het, het sy probeer om dit wat hy onthul het, te vermy. Sy vra toe vir Jesus ‘n vraag oor die Jode en die Samaritane se dispuut oor hulle plek van aanbidding.

In antwoord op haar vraag het Jesus haar daarop gewys dat die Samaritane nie weet wat hulle aanbid nie. Hulle aanbidding was ‘n samestelling van Judaïsme en die heidense aanbiddingstelsel. Die Jode het die God wat Homself openbaar, aanbid — nog ‘n belangrike erkenning vir ‘n Samaritaan om te ervaar.

Om die ware God te aanbid, word nie aan ‘n plek gekoppel nie. Die bespreking oor ‘n plek van aanbidding was dus nie van toepassing op hierdie gesprek nie. Want God is gees, en diegene wat Hom aanbid, moet dit in gees en in waarheid doen. Eers nadat die vrou die waarheid wat Jesus so pas aan haar oorgedra het, aanvaar het, was sy gereed vir meer

Lees **Johannes 4:25, 26. Hoe het Jesus sy identiteit aan haar openbaar?**

_____

_____

_____

In al vier die Evangelies is hierdie die enigste skrifgedeelte waar Jesus voor sy kruisiging aan iemand verklaar het dat Hy die Messías is. En dit het Hy nie voor ‘n groot skare of ‘n belangrike persoon gedoen nie, maar aan ‘n naamlose Samaritaanse vrou, alleen, by Jakob se put. Hy stel in enige eensame siel wat afgesonderd en alleen voel, belang.

En so het Hy voor hierdie vrou wat nie net uit ‘n vreemde kultuur afkomstig was nie en ook nie die hoogste morele standaarde gehandhaaf het nie, openlik onthul oor wie Hy was. En deur aan haar sy kennis oor haar diepste geheime te kenne te gee, het Hy aan hierdie vrou groot rede gegee om ook in Hom te glo.

Wat behoort hierdie verhaal aan ons te sê oor waarom dit vir die evangelie nodig is om die skeidsmure wat ons as mense teenoor mekaar oprig, af te breek?

_____

Die Samaritane getuig

Lees **Johannes 4:27–29. Hoe verrassend het die vrou toe opgetree?**

Jesus se gesprek met die vrou word toe deur die terugkoms van die dissipels onderbreek. Hoewel hulle verras wat dat Hy met ‘n vrou in gesprek was, het hulle Hom nie ondervra nie. In plaas daarvan het hulle Hom aangemoedig om te eet.

Die vrou het intussen haar waterkruik gelos en na die stad gehardloop om aan die ander mense te gaan vertel wat sy so pas met Jesus ondervind het.

Lees **Johannes 4:30–42. Wat het op hierdie ontmoeting gevolg, en wat leer dit ons oor hoe die evangelieboodskap versprei kan word?**

Dis nogal vreemd dat Jesus se vertelling van ‘n oes die verhaal van die bekering van baie mense in die stad voorafgegaan het. Maar Johannes wou hê ons moet sien hoe Jesus verstaan het wat besig was om te gebeur. Om die plan van verlossing met ‘n Samaritaanse vrou te deel, was vir Hom baie meer belangrik as om te eet. Om siele na verlossing te lei, was sy doel. En Hy het van die geleentheid gebruik gemaak om sy dissipels die dringendheid om die evangelie aan alle mense te verkondig, te leer, selfs aan hulle wat anders as hulle was.

Daar is baie hoogtepunte in die Evangelie van Johannes, en Johannes 4:39–42 is sekerlik deel daarvan. Baie van die Samaritane het geglo vanweë die vrou se getuienis, “ ‘ Kom kyk ‘n man wat my alles vertel het wat ek gedoen het’ ” (*Johannes 4:39*).

Die Samaritane het toe by Jesus aangedring om by hulle te bly. Die gevolg was dat baie meer geglo het weens die Woord van Jesus, “en aan die vrou gesê: Ons glo nie meer op grond van wat jy gesê het nie, want ons het self gehoor en ons weet dat Hy waarlik die Christus, die Saligmaker van die wêreld, is’” (*Johannes 4:42*).

Wat behoort hierdie verhaal aan ons te sê oor hoe kragtig die getuienis van selfs net een persoon kan wees? Hoe kragtig is jou getuienis oor wat Jesus in jou lewe gedoen het?

Vir verdere studie: Lees Ellen G. White, "By die Put van Jakob," bl. 183–195, in *Die Koning van die Eeue.*

"Sodra die Samaritaanse vrou die Heiland gevind het, het sy ander na Hom gebring. Sy het 'n doeltreffender sendeling blyk te wees as Sy eie dissipels. Die dissipels het in Samaría geen aanduiding gesien dat dit 'n belowende sendingveld is nie. Hulle het gedroom oor die groot toekomswerk wat wag. Hulle het nie besef dat 'n oes op hulle gewag het om ingesamel te word nie. Maar deur 'n vrou wat deur hulle verag is, is 'n hele stad beweeg om die Heiland te hoor. Sy het dadelik die lig na haar volksgenote oorgedra.

"Hierdie vrou illustreer die werking van 'n praktiese geloof in Christus. Elke ware dissipel word as sendeling in die koninkryk van God gebore. Hy wat die lewende water drink, word 'n fontein van die lewe. Die ontvanger word 'n gewer. Die genade van Christus in die siel is soos 'n bron in die woestyn wat opwel om almal te verkwik en wat die wat op die punt is om te vergaan, gretig maak om die water van die lewe te drink." — Ellen G. White, *Die Koning van die Eeu*e, bl. 195.

Vrae vir bespreking:

❶ Hersien julle antwoorde op Sondag se laaste vraag. Wees heeltemal eerlik daarmee. Watter tradisies en bevooroordeeldheid in jou kultuur kan inderdaad jou eie getuienis teenoor ander dwarsboom?

❷ Waarom dink jy het Jesus so 'n warm ontvangs onder die Samaritane gehad in teenstelling met hoe sy eie mense Hom behandel het?

❸ Plaas jouself in die plek van die Samaritaanse vrou. 'n Totale vreemdeling kom en vertel aan haar dat Hy bewus is van haar diepste geheime. Hoe kon enigiemand, wat nog van 'n vreemdeling, hierdie dinge te wete gekom het? Geen wonder dat Jesus haar so beïndruk het nie. Wat behoort hierdie verhaal aan jou te vertel oor hoe die Here alles van ons weet, selfs die diepste en donkerste geheime wat ons nie wil hê enigiemand moet van hoor nie? En tog, wat sê dit aan ons oor hoe Hy haar behandel het en oor hoe Hy ons wil behandel, selfs al weet Hy van al ons geheime? Watter bemoediging kan hierdie waarheid vir jou bring?

❹ Watter temas in die Evangelie van Johannes wat ons tot dusver bestudeer het, word ook in Jesus se ontmoeting met die Samaritaanse vrou by die put gevind?

Meer getuienisse oor Jesus

SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie: *Johannes 3:25–36, Johannes 1:32–36, Daniël 7:18, Johannes 6:51–71, Johannes 5:36–38, Johannes 7:37–53.*

Geheueteks: " 'En Ek, as Ek van die aarde verhoog word, sal almal na My toe trek.' " (*Johannes 12:32***)**

Jesus het nie net verbasende dinge oor Homself gesê nie, maar ook oor wie Hy is, oor wie Hom gestuur het en waar Hy vandaan gekom het. Hy het ook getoon wie Hy is deur die wonderwerke en tekens wat Hy gedoen het. Soos sommige openlik van Jesus getuig het: " 'Wanneer die Christus kom, sal Hy meer tekens doen as wat hierdie man gedoen het? ' " (*Johannes 7:31*)

Hy het sy woorde met handelinge bekragtig en dit het die waarheid van sy woorde bevestig.

Maar, soos wat die drama voortduur, begin die mense verdeeld raak. Die genesing van die man by die bad van Betésda het gramskap by die leiers opgewek. Die gesprek in Kapérnaüm na die voeding van die 5,000 het daartoe gelei dat Jesus deur die menigtes verwerp was. Die opwekking van Lasarus het geloof in sommige gewek, maar by ander 'n vyandigheid wat tot die verhoor en kruisiging van Jesus gelei het.

Hierdie week se les gaan oor diegene wat gesien het wat Jesus gedoen het, en daaroor getuig het. In elkeen van hierdie insidente word sommige aspekte van wie Jesus werklik is, geopenbaar, en tesame skep dit 'n dieper insig in Jesus as die Messias.

**Bestudeer hierdie week se les ter voorbereiding vir Sabbat, 9 November.*

Innerlike nederigheid: Johannes die Doper getuig weer

Les 2 beskryf hoe dit wat Johannes die Doper oor getuig het, die eerste dissipels — Andréas en Johannes, Petrus, Filippus en Natánael – na Jesus gestuur het. 'n Mens sou verwag dat die Doper, nadat hy sy getuienis gelewer het, van die toneel af sou verdwyn het. Maar hy verskyn 'n hele paar keer weer in die Evangelie van Johannes.

Lees **Johannes 3:25–36. Hoe vergelyk Johannes die Doper homself met Jesus?**

_____

_____

_____

'n Dispuut het tussen Johannes die Doper se dissipels en 'n naamlose Jood ontstaan oor die reiniging – waarskynlik 'n vraag wat oor die doeltreffendheid van die doop gevra was (*vergelyk Markus 1:4, 5*). Interessantheidshalwe, toe sy dissipels Johannes daarna genader het om heelwaarskynlik die vraag wat hulle teëgekom het op te los, het hulle na Jesus verwys en gesê, " '. . . Rabbi, Hy wat saam met u oorkant die Jordaan was . . . kyk, Hy doop, en almal gaan na Hom toe' " (*Johannes 3:26*). Dit is nie moeilik om tussen die reëls te lees nie: hulle was jaloers op Jesus — jaloers namens hulle eie meester, en sommer ook net persoonlik jaloers.

Dit was so maklik vir Johannes om self in hierdie jaloesie genoeë te kon vind, maar hy het dit nie gedoen nie, want hy het geweet wat sy sending was. In plaas daarvan het hy sy dissipels herinner dat hy nog nooit daarop aanspraak gemaak het dat hy die Christus is nie. Inteendeel: hy het gekom om van Hom te getuig, om die weg vir Hom te berei, om oor Hom te getuig (*Johannes 1:6–8*).

Deur die illustrasie van 'n huwelikseremonie te gebruik, noem hy homself *die vriend van die bruidegom*, terwyl Jesus die bruidegom is. Die *bruid* sou die volk van God wees (*vergelyk Hoséa 2:16–23 en Jesaja 62:1–5*). En toe spreek hy die woorde wat Johannes se ware grootheid aangedui het, "Hy moet meer word, maar ek minder" (*Johannes 3:30*).

In Johannes 3:31–36 word die vergelyking tussen Jesus en Johannes voortgesit, en word die voortreflikheid van die Messias bo sy voorloper verder beaam. Met Johannes se getuienis wat op Jesus gefokus was, word die gedagte om te getuig weereens beklemtoon. Diegene wat daardie getuienis ontvang en in Jesus glo, het die ewige lewe. Hulle wat Hom nie ontvang nie, verkeer steeds onder die toorn van God. Dit is wat die teksvers sê. God het die wêreld lief en Hy het sy Seun gestuur om die wêreld te red (*Johannes 3:16, 17*). Maar hulle wat weier om die gawe wat aangebied word, te aanvaar, sal die prys vir hulle eie sondes moet betaal — die ewige dood.

Hoe kan ons hierdie les van nederigheid voor God en die mens leer? Wat kan ons leer uit hierdie voorbeeld van Johannes se sielsnederigheid?

Die Messias: ‘n nuwe insig

Lees **Johannes 1:32–36. Wat sê Johannes die Doper hier oor Jesus, die langverwagte Messias, waaraan die volk nie gedink het nie?**

_____

_____

Die Jode het uitgesien na die koms van die Messias, want hulle het geglo dat Hy hulle uit die mag van die Romeine sou kom verlos. Omdat hulle al lank deur hierdie wêreldmag onderdruk was, het die Jode geglo dat die Messias nie net die Romeine tot ‘n val sou bring nie, maar die Jode ook ‘n groot en magtige nasie sou gemaak het. Johannes se woorde, “die Lam van God”, wat direk na sy versoeningsoffer verwys het, was heelwaarskynlik deur die oorgrote meerderheid van die Joodse bevolking verkeerd vertolk. Hulle het waarskynlik nie geweet waarvan hy gepraat het nie.

Johannes wou dus deur sy evangelieboodskap hulle begrip oor die Messias se koms verander, sodat hulle in Jesus die vervulling van die profesieë oor die Koning wat sou kom om te kom doen wat Hy gedoen het, sou raaksien. Hy sou nie as ‘n politieke en militêre leier gekom het nie, maar om Homself vir die sondes van die wêreld te offer. Dit was sy doel. Eers daarna, wanneer alles uiteindelik voltooi sal wees, sal die finale koninkryk in besit geneem word (*lees Daniël 7:18*).

“Toe Johannes met die doop van Jesus na Hom verwys het as die Lam van God, is nuwe lig op die Messias se sending gewerp. Die profeet het gedink aan die woorde van Jesaja: ‘soos ‘n lam wat na die slagplek gelei word’, Jesaja 53:7.” — Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, bl. 136.

Johannes sê in Johannes 1:31, “ ‘En ek het Hom nie geken nie’ ”. So, hoe het Johannes dan Jesus as die Messias erken? Die antwoord is dat die Here wat Johannes gestuur het, vroeër aan hom gesê het, “ ‘Op wie jy die Gees sien neerdaal en op Hom bly, dit is Hy wat met die Heilige Gees doop.’ En Johannes het gesê, ‘En ek het gesien en getuig dat Hy die Seun van God is’ ” (*Johannes 1:33, 34*). Met ander woorde, God het aan Johannes geopenbaar dat Jesus die Messias was.

“Christus [is] die krag van God en die wysheid van God” (*1 Korinthiërs 1:24*). Om te weet dat Jesus die Christus is, kom van God self af deur die oortuigingskrag van sy Gees. Hierdie tema verskyn dikwels in Johannes. Verlossing kom nie deur wêreldse filosofie, wetenskap of geleerdheid nie. Dit kom net van God af tot ‘n hart wat deur geloof en gehoorsaamheid aan Jesus oorgegee is.

Hoe sou ons die waarheid oor Jesus as ons versoeningsoffer weet as dit nie aan ons geopenbaar was nie? Waarom is dit dan so uiters belangrik om die Bybel en wat dit ons oor Jesus leer, te ken?

_____

Aanvaarding en verwerping

Les 2 het die voeding van die 5,000 in Johannes 6 behandel, maar het nie die laaste gedeelte van die verhaal wat nou hier gedoen gaan word, ingesluit nie.

Lees **Johannes 6:51–71. Watter boodskap van Jesus was vir die mense moeilik om te aanvaar?**

_____

_____

_____

Nadat Jesus die mense deur 'n wonderwerk gevoed het, was hulle gereed om Hom as koning te kroon (*Johannes 6:1–15*). Maar toe Hy later met hulle by die sinagoge van Kapérnaüm gesels het, het Hy die geestelike betekenis van die wonderwerk verduidelik en gesê, "Ek is die brood van die lewe" (*Johannes 6:35*). En toe verklaar Hy dat hierdie brood sy vlees is wat Hy vir die lewe van die wêreld gee (*Johannes 6:51*).

Hierdie verklaring het die oë van die menigte oopgemaak vir die feit dat Jesus nie die aardse koning sou wees wat hulle verwag het nie. Hy het nie by hulle aardse denke ingepas nie. Hulle het bekering geweier, 'n bekering wat hulle denke sou verander het om Jesus as die Messias te aanvaar. Baie van sy dissipels het Hom toe daarna verlaat (*Johannes 6:66*).

Vanuit 'n menslike oogpunt moes dit vir Jesus swaar gewees het om te aanvaar. Die goedkeuring van die skare is aangenaam. Wie wil nie aanvaar word nie? Maar om baie mense te sien onttrek en jou beginsels te bevraagteken, is genoeg om jou mismoedig te maak. Toe Hy die menigte sien weggaan, het Jesus aan sy binnekring, die Twaalf, gevra of hulle nie ook wou weggaan nie.

Dit is toe dat Petrus sy verbasende belydenis gemaak het, nog 'n getuienis oor wat Jesus aanbied en wie Hy is. " 'U het die woorde van die ewige lewe. En ons het geglo en erken dat U die Christus is, die Seun van die lewende God' " (*Johannes 6:68, 69*).

Die dissipels was saam met Jesus vir 'n hele paar jaar. Hulle het saam met Hom gereis, sy wonderwerke gesien, Hom hoor preek. Hulle het deur ondervinding geleer dat daar niemand was wat met Hom vergelyk kon word nie. Hoe ongewoon sekere situasies ookal was, hulle was oortuig dat hierdie man die Messias was — afgesien van hoeveel hulle nog nie verstaan het waaroor die doel van sy koms gegaan het nie. Eers na sy dood en opstanding het hulle begin verstaan waarom Jesus gekom het.

Wat kan ons uit hierdie verhaal leer oor die feit dat die meerderheid gewoonlik verkeerd is? Waarom moet ons hierdie feit onthou, veral oor die aspekte van ons geloof wat by die oorgrote meerderheid ongewild is – selfs ook by die oorgrote meerderheid Christene?

_____

Die Vader getuig

Die Evangelie van Johannes begin met die *Woord* (logos) wat *by God* is; d.w.s., by God die Vader (*Johannes 1:1*). Toe die Woord vlees geword het, het die Gees van Jesus getuig deur tydens sy doop op Hom neer te daal (*Johannes 1:32–34*). Maar die Vader getuig ook van Jesus gedurende sy aardse bediening.

Lees **Johannes 5:36–38. Wat sê Jesus hier oor die Vader?**

_____

_____

Jesus verbind die Vader met die werke en wonderwerke wat Hy gedoen het. Hy sê baie duidelik dat die Vader Hom gestuur het en dat die Vader van Hom getuig.

Lees **Matthéüs 3:17 en 17:5, Markus 1:1l en Lukas 3:22 (***lees ook II Petrus 1:17, 18***). Wat sê die Vader oor Jesus?**

_____

_____

Tydens Jesus se doop het die Vader en die Gees by die Seun aangesluit om die volgende belangrike gebeurtenis aan te dui: die begin van Jesus se bediening. Die Vader het verklaar dat Jesus sy geliefde Seun is in wie Hy ‘n welbehae het. Maar, tydens ‘n kritieke tyd in Christus se bediening, het die Vader weer gepraat, hierdie keer soos dit in die Evangelie van Johannes opgeteken is.

Sake het ‘n klimaks bereik gedurende die finale dae van Jesus se bediening. Die godsdienstige leiers wat dit nie reggekry het om Hom te stop nie (*lees Johannes 12:19*), wou Hom meer as ooit tevore uit die pad kry. Die menigtes wat geesdriftig oor Hom was, veral toe meer en meer mense wat die getuienisse gehoor het van hulle wat gesien het hoe Hy Lasarus uit die dood opgewek het (*Johannes 12:17, 18*), Jesus begin volg het. Selfs die Grieke wat die fees bygewoon het, wou Jesus gesien het.

Op hierdie tydstip, in antwoord op Jesus se woorde in Johannes 12:28, “ ‘Vader, verheerlik u Naam!’ ”, het die Vader vanuit die hemel weer getuig, “ ‘Ek hét dit verheerlik, en Ek sal dit weer verheerlik’ ” (*Johannes 12:28*).

Soos wat ons reeds gesien het, is Jesus se uur van verheerliking die kruis. Die Vader se getuienis oor Jesus wys dus na die groot offerande van die Lam van God vir die sondes van die wêreld. Dit is die hoogtepunt van sy aardse bediening. Sy dood namens ons het die volle prys betaal vir al ons sondes, en in Hom, deur geloof, hoef ons nooit hierdie prys self te betaal nie.

Die menigte getuig

"En op die laaste dag, die groot dag van die fees, het Jesus gestaan en uitgeroep en gesê: As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei' " (*Johannes 7:37, 38*).

Johannes het baie keer verslag gedoen oor hoe Jesus sterk verklarings oor Homself gemaak het, oor wie Hy was en wat Hy kom doen het.

Die Skrif in Johannes 7:37 wat hierbo aangehaal word, is nog 'n voorbeeld van wat Jesus vir Homself toege-eien het, en oor wat Hy vir almal wat na Hom toe kom, sal doen. Hierdie was ook verbasende aansprake.

Toe **Jesus met die Jode wat die huttefees bygewoon het, gepraat het, hoe het baie van hulle daarop gereageer? (***Johannes 7:37–53***)**

_____

_____

_____

Sommige het gesê Hy was die Profeet oor wie Moses lank gelede voorspel het (*lees Deuteronómium 18:15–19*). Ander het gedink dat Jesus die Christus was. Maar dit het die argument laat ontstaan dat die Messias nie uit Galiléa sou kom nie, en dat Hy uit die geslag van Dawid moes kom, en in Bethlehem gebore moes word — wat natuurlik alles waar was oor Jesus (*vergelyk Matthéüs 1–2*), alhoewel baie blykbaar nie hiervan geweet het nie!

Selfs die wat Hom gevange wou neem, die dienaars, was deur Hom en die welsprekendheid van sy woorde, vasgevra. Die Fariseërs het op die dienaars se verslag gereageer met 'n ander vraag, " 'Het iemand uit die owerstes in Hom geglo?' " (*Johannes 7:48*). Hierdie vraag van die Fariseërs het aan Johannes die geleentheid gegee om Nikodémus te noem wat, na sy ontmoeting met Jesus, probeer het om Jesus teen die Fariseërs se sameswerings te beskerm. " 'Oordeel ons wet die mens sonder om hom eers te hoor en te weet wat hy doen?' " (*Johannes 7:51*).

Het Nikodémus ooit vir Jesus as die Messias aanvaar? Hoewel sy vraag hierbo nie bewys lewer dat Hy dit gedoen het nie, gee hierdie optrede van hom plus wat Hy gedoen het nadat Jesus gesterf het, (*lees Johannes 19:39, 40*), 'n vaste bewys dat Nikodémus wel in Hom begin glo het.

En so was dit die antwoord op hulle vraag: ja, inderdaad, een van die Fariseërs het ten einde laaste in Hom geglo.

Lees Johannes 7:49. Wat het die leiers gesê wat hulle misnoeë getoon het oor die menigtes wat Jesus gevolg het? Watter les kan ons hieruit leer?

_____

Vir verdere studie: Lees Ellen G. White, "Die Krisis in Galiléa," bl. 383–394; "In die Buitenste Voorhof," bl. 621–626, in *Die Koning van die Eeue*.

" 'Na wie toe sal ons gaan?' Israel se leraars was die slawe van vormgodsdiens. Die Fariseërs en Sadduseërs was gedurig die harnas in vir mekaar. Om Jesus te verlaat sou beteken om tussen yweraars vir rites en seremonies te verval – mense wat net hul eie verheerliking soek. Die dissipels het meer vrede en blydskap ondervind sedert hulle Jesus aangeneem het as enige ander tyd in hul lewens. Hoe kon hulle terugkeer na diegene wat die Sondaarsvriend versmaai en vervolg? Hulle het lank op die Messias gewag: nou is Hy hier; hulle kan Hom nie verlaat ten gunste van diegene wat Sy lewe soek en hulle vervolg het omdat hulle Sy volgelinge geword het nie.

" 'Na wie toe sal ons gaan?' Nie van die leer van Christus, Sy lesse van liefde en genade, na die duisternis van ongeloof, die goddeloosheid van die wêreld nie. Ondanks baie wat die Heiland se wonderwerke aanskou het Hom verlaat het, het Petrus die geloof van die dissipels uitgespreek: 'U is die Christus.' Net die gedagte om hierdie anker vir hul siele te verloor, het hulle met vrees en pyn vervul. Om sonder 'n Verlosser te wees, is om weerloos op die stormsee rond te dobber." — Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, bl. 393.

Vrae vir bespreking:

❶ Voer 'n klasbespreking oor die moeilike vraag waarom sommige mense, wanneer daar aan hulle bewys gegee word dat Jesus die Messias is en ook bewyse oor die waarheid van die Christelike geloof, dit met blydskap aanvaar, terwyl ander aan wie dieselfde bewyse gegee word, dit verwerp?

❷ Watter waarheid kan meer belangrik wees as dat Jesus Christus vir ons sondes gesterf het? Hoe het ons egter van hierdie uiters belangrike waarheid te wete gekom? Deur die wetenskap, natuurwette, natuurlike teologie, die logika, die rede? Terwyl al hierdie dinge ons dalk deur feite kan lei om in 'n Skepper God te glo, in 'n Oorspronklike Oorsaak, 'n Onbeweeglike Wese, wat ook al — nie een van hierdie dissiplines, opsigself of selfs gekombineerd, kan ons die mees belangrike waarheid wat ons moet weet, leer nie: Dat Christus vir ons sondes gesterf het. Wat behoort hierdie feit – dat al hierdie beginsels ons nie kan lei na die een ding wat ons moet weet nie — ons te leer oor hoe uiters belangrik dit is om die Bybel ons finale en beslissende outoriteit oor geloofsake te maak?

❸ Waarom kan dit so belangrik vir iemand se eie geloof wees om die dinge wat God in sy of haar lewe gedoen het, oor te vertel?

Geseënd *is* hulle wat glo

SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie: *I Johannes 8:54–58, Génesis 12:3, Romeine 4:1–5, Johannes 12:1–8, Johannes 19:4–22, Johannes 20:19–31, Daniël 2, Daniël 7.*

Geheueteks: "Jesus sê vir hom: Omdat jy My gesien het, Thomas, het jy geglo, salig is die wat nie gesien het nie en tog geglo het' " (*Johannes 20:29)*.

Dwarsdeur sy Evangelie het Johannes te doen gehad met'n verskeidenheid mense — mense uit verskillende agtergronde, gelowe en met verskillende ondervindings — almal wat getuig het oor wie Jesus was.

" 'Dáár is die Lam van God!' " (*Johannes 1:36*). " 'Ons het die Messías gevind' " (*Johannes 1:42*). " 'Ons het Hom gevind van wie Moses . . . geskrywe het' " (*Johannes 1:46*). " 'Rabbi, U is die Seun van God! U is die Koning van Israel!' " (*Johannes 1:50*). " 'Is Hy nie miskien die Christus nie?' " (*Johannes 4:29*). " '. . . want ons het self gehoor en ons weet dat Hy waarlik die Christus, die Saligmaker van die wêreld is' " (*Johannes 4:42*). " 'Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde van die ewige lewe' " (*Johannes 6:68*). " '. . . ek glo dat U die Christus is, die Seun van God wat in die wêreld sou kom' " (*Johannes 11:27*). " '. . . dat ek blind was en nou sien' " (*Johannes 9:25*). " 'Dáár is julle Koning!' " (*Johannes 19:14*). " 'Ek vind geen skuld in Hom nie' " (*Johannes 19:6*). " 'My Here en my God!' " (*Johannes 20:28*).

Wie was sommige van hierdie mense, en waarom het hulle getuig soos hulle getuig het oor die identiteit van Jesus?

**Bestudeer hierdie week se les ter voorbereiding vir Sabbat, 16 November.*

Terugverwysend na Abraham

Jesus was nie skaam om te verklaar wie Hy was nie, nog minder om ‘n beroep op getuies te doen om te getuig oor wie Hy was nie, selfs getuies wat al lankal oorlede was, wat Abraham ingesluit het. “ ‘Abraham, julle vader, het hom verheug dat hy my dag sou sien; en hy het dit gesien en het hom verbly’ ” (*Johannes 8:56*).

Waarom was Abraham se getuienis so belangrik dat dit in Johannes se Evangelie ingesluit was? *Génesis 12:3, Génesis 18:16–18, Génesis 26:4, Matthéüs 1:1, Handelinge 3:25*

_____

_____

_____

“Deur middel van sinnebeeld en belofte het God ‘vooraf aan Abraham die evangelie verkondig’ (Galasiërs 3:8). En die geloof van die patriarg was op die aanstaande Verlosser gevestig. Aan die Jode het Christus gesê: ‘Abraham, julle vader, het hom verheug dat hy my dag sou sien; en hy het dit gesien en het hom verbly’ (Johannes 8:56). Die ram wat in Isak se plek geoffer was, het die Seun van God voorgestel wat in ons plek geoffer sou word. Toe die mens weens sy oortreding van die wet van God tot die dood veroordeel was, het die Vader Sy Seun aanskou en aan die sondaar gesê: ‘Leef; Ek het ‘n losser gevind.”’ — Ellen G. White, *Patriarge en Profete*, bl. 154.

Abraham was die vader van die Joodse nasie. Hy het die belofte ontvang dat alle nasies deur hom geseën sou word. Hierdie seën het deur die Messías wat ‘n afstammeling van Abraham was, werklikheid geword.

Abraham was ook die vader van hulle wat deur geloof in God sou glo en het daarop reageer (*Hebreërs 11:8, 17-19*). Sy gewilligheid om sy seun Isak te offer (*Génesis 22*), die seun van die belofte, was nie net ‘n bewys van geloof nie, maar ‘n kykie op die plan van verlossing.

Toe Jesus gesê het, “ ‘Abraham, julle vader, het hom verheug dat hy my dag sou sien’ ” (*Johannes 8:56*), het die leiers so gereageer, “ ‘U is nog nie vyftig jaar oud nie, en het U Abraham gesien?’ ” (*Johannes 8:57*).

Jesus se antwoord was verbasend. “ ‘Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, voordat Abraham was, is Ek’ ” (*Johannes 8:58*).

Jesus gebruik ‘n taal wat herinnerend is aan wat God aan Moses by die brandende bos gesê het. Dit was ‘n aanspraak dat Hy God is, die selfbestaande een. Daar is geen twyfel dat die leiers die implikasie verstaan het toe Hy gesê het, want hulle het toe “klippe opgetel om Hom te stenig”, (*Johannes 8:59*).

Lees Romeine 4:1–5. Hoe gebruik Paulus hierdie verhaal van Abraham om die groot waarheid van verlossing deur geloof alleen, sonder die dade van die wet, te openbaar? Hoe help hierdie verse ons om die gedagte dat Abraham die vader van hulle is wat deur geloof lewe, te verstaan?

Die getuienis van Maria

Ses dae voor die Paasfees het Jesus besoek afgelê by Maria, Martha en hulle broer, Lasarus, wie Jesus uit die dood opgewek het. Simon, wat van melaatsheid genees was, het 'n fees gehou om sy waardering vir wat Jesus vir hom gedoen het, te betoon. Martha het bedien en Lasarus het by die tafel saam met die ander gaste gesit (*Johannes 12:1–8*).

Wat was die betekenis van Maria se optrede hier? Hoe het dit getuig van wie Jesus werklik was? *Johannes 12:1–3***.**

_____

_____

_____

Die parfuum was baie duur, die waarde daarvan omtrent 'n jaar se lone vir die gewone arbeider. Maria het waarskynlik hierdie geskenk gebring om haar dankbaarheid aan die Verlosser te betoon vir die vergifnis van haar sondes en vir die opwekking van haar broer uit die dood. Haar bedoeling was om dit eendag vir Jesus se begrafnis te gebruik. Maar toe hoor sy dat Hy binnekort as Koning gesalf sou word. En daarom wou sy die eerste wees wat Hom eer sou betoon het.

Sy het heelwaarskynlik nie bedoel dat haar gebaar raakgesien moes word nie, maar Johannes skryf, "En die huis is vervul met die reuk van die salf" (*Johannes 12:3*). Judas het met 'n vinnige vermaning gereageer en gesê dat die parfuum liewer verkoop en die geld aan die armes gegee moes gewees het. Jesus het onmiddellik vir Maria gerusgestel, " 'Laat haar staan; . . . die armes het julle altyd by julle, maar My het julle nie altyd nie' " (*Johannes 12:7, 8*).

Hierdie is 'n tema wat dwarsdeur hierdie Evangelie herhaal word. Jesus weet hoe die mens dink (*Johannes 2:24, 25; Johannes 6:70, 71; Johannes 13:11; Johannes 16:19*). In hierdie geval, by Simon se fees, het Jesus geweet hoe Judas dink. Johannes is versigtig om te noem wie Judas was — 'n selfgerigte dief (*Johannes 12:6*).

"Die geurige gawe wat Maria op die dooie liggaam van die Heiland wou uitgiet, het sy nou op Sy lewende liggaam uitgestort. By die begrafnis sou die soete geur maar net die graf gevul het, nou het dit Sy hart verbly met die versekering van haar geloof en liefde. . . . En toe Hy deur die duisternis van Sy groot beproewing gegaan het, het Hy saam met Hom die gedagtenis van hierdie daad geneem – 'n voorsmaak van die liefde wat Hy vir ewig van Sy verlostes sou ontvang." — Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, bl. 560.

Jesus het geweet wat in beide die harte van Maria en Judas omgegaan het. Hy weet ook wat in jou hart is. Wat behoort hierdie waarheid aan ons te sê oor ons behoefte aan Christus se geregtigheid wat ons kan verander en ons ook kan bedek?

_____

Die onbewustelike getuienis van Pilatus

Johannes maak telkens melding van die pogings van die godsdienstige leiers wat Jesus gevange wou neem om Hom te verhoor, en Hom die doodstraf op te lê. In Johannes se Evangelie word daar dikwels na Jesus se verklaring dat Sy tyd of uur nog nie gekom het nie, verwys, bedoelende sy tyd om gekruisig word (*Johannes 2:4; Johannes 7:6, 8, 30; Johannes 12:7, 23, 27; Johannes 13:1; Johannes 17:1*).

En toe het die uur gekom. Jesus was in die Tuin van Getsémané gearresteer en voor Annas gebring, toe voor Kájafas die hoëpriester, en twee keer voor Pilatus.

Johannes het baie getuies uit elke stand geroep om te getuig dat Jesus die Christus is. En toe word daar 'n beroep op Pilatus, die goewerneur wat Jesus moes aankla, gedoen. Dit was 'n belangrike getuienis, want Pilatus was 'n Romein, 'n goewerneur, en 'n regter; die meeste van die ander getuies was Jode en gewone burgers van die land.

Hoe word Pilatus se uitspraak met die tema van Johannes se Evangelie verbind? *Johannes 18:38 en 19:4–22***.**

_____

_____

_____

Jesus was vroeg op Vrydagoggend na Pilatus gebring (*Johannes 18:28*). Sy plan was om hierdie gevangene vinnig te verhoor. Maar Jesus se houding het Pilatus se belangstelling gewek. Die goewerneur het Jesus versigtig ondervra en toe het Hy die volgende gesê, " 'Hiervoor is Ek gebore en hiervoor het Ek in die wêreld gekom, om vir die waarheid te getuig. Elkeen wat uit die waarheid is, luister na my stem' " (*Johannes 18:37*).

Hoewel die goewerneur uiteindelik Jesus tot die dood veroordeel het, het hy nietemin drie keer aangekondig dat Jesus onskuldig was (*Johannes 18:38 en 19:4, 6*), en toe bokant die kruis hierdie woorde laat skryf: " 'JESUS, DIE NASARÉNER, DIE KONING VAN DIE JODE' " (*Johannes 19:19*), en so sy getuienis oor wie Jesus is, afgesluit. En toe, ten spyte daarvan dat hy getuig het dat Christus onskuldig was, het hy Jesus tot die dood veroordeel.

Pilatus het die Waarheid voor hom gesien staan, en tog — nadat hy die skare toegelaat het om Hom te mishandel — *het hy Jesus tot die dood veroordeel*! Wat 'n tragiese voorbeeld! Hy het nie sy gewete gehoorsaam en gedoen wat sy hart hom van oortuig het oor wat reg is nie!

Wat kan ons uit Pilatus se voorbeeld leer oor die gevaar om toe te laat dat gewildheid, selfs onder sosiale druk, ons daarvan weerhou om te doen wat reg is?

_____

Die getuienis van Thomas

Lees **Johannes 20:19–31. Wat kan ons uit die verhaal van Thomas oor geloof en twyfel leer? Watter groot fout het Thomas gemaak?**

_____

_____

_____

Christus het na sy opstanding aan die dissipels verskyn toe hulle weens hulle vrees in ‘n kamer bymekaargekom het. Thomas was nie saam met hulle nie. Hy het later deur die gerigte van die ander dissipels van die opstanding gehoor, maar hy het in vertwyfeling geraak. Dit het nie by sy prentjie van die koninkryk ingepas nie. En ook, hy het seker gewonder waarom Jesus Homself aan die ander dissipels getoon het toe hy nie teenwoordig was nie.

Thomas het gesê, “ ‘As ek nie in sy hande die merk van die spykers sien en my vinger steek in die merk van die spykers en my hand in sy sy steek nie, sal ek nooit glo nie. ’ ” (*Johannes 20:25*).

Thomas het die voorwaardes van sy geloof uitgespreek. Hierdie benadering tot geloof in Jesus verskyn oor en oor in die boek van Johannes. Nikodémus het Jesus geantwoord, “ ‘Hoe kan ‘n mens as hy oud is, gebore word?’ ” (*Johannes 3:4*). Die vrou by die put het gevra, “ ‘Here, U het nie eens ‘n skepding nie, en die put is diep, waarvandaan kry U dan die lewende water?’ ” (*Johannes 4:11*). Die skare wat deur die brode en die visse gevoed was, het gevra, “ ‘Watter teken doen U dan, sodat ons kan sien en U glo?’ ” (*Johannes 6:30*).

Dit is hierdie “sien is glo”-perspektief wat die Evangelie van Johannes teenspreek. Toe Jesus Thomas na die opstanding gesien het, het Hy hom genooi om te kom sien en om sy verrese liggaam aan te raak. Maar toe sê Hy, “ ‘ . . . salig is die wat nie gesien het nie en tog geglo het’ ” (*Johannes 20:29*).

“Die Here vra ons nooit om te glo sonder om genoegsame bewys te lewer waarop ons geloof gevestig kan word nie. Sy bestaan, Sy karakter, die waarheid van Sy Woord – al hierdie dinge berus op getuienis wat ons kan aanneem, en hierdie getuienis is oorvloedig. Maar God het nie die moontlikheid van twyfel uit die weg geruim nie. Ons geloof moet op bewyse berus, en nie van vertoon afhang nie. Diegene wat graag wil twyfel, sal baie geleentheid daarvoor hê; terwyl diegene wat waarlik verlang om te glo, baie bewyse sal vind om hulle geloof te ondersteun.” — Ellen G. White, *Skrede na Christus*, bl. 105.

Deur die Woord van God, deur die Skepping, en deur persoonlike ondervinding, is daar ‘n ongelooflike hoeveelheid bewyse aan ons gegee vir ons geloof in Jesus.

Indien iemand jou sou vra, *Waarom glo jy in Jesus*, wat sou jy antwoord?

_____

Ons getuienis oor Jesus

Oor en oor, terwyl Johannes van die verskillende mense wat oor Jesus getuig het, skryf, is hy besig om ons tot verreikende gevolgtrekkings te lei: "Nog baie ander tekens het Jesus voor sy dissipels gedoen wat in hierdie boek nie beskrywe is nie; maar hierdie is beskrywe, dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God; en dat julle deur te glo die lewe kan hê in sy Naam", (*Johannes 20:30, 31*).

Dink maar daaraan, as ons persoonlik in die vlees teenwoordig was en gesien het hoe Jesus baie van hierdie wonderwerke gedoen het, sou ons sekerlik geglo het, sou ons nie? Ons sou graag so wou dink; maar, op een of ander manier, het ons selfs meer redes om in Jesus te glo as daardie mense wat die wonderwerke werklik self gesien het.

Waarom?

Wat is sommige van die dinge wat ons vandag het wat daardie mense gedurende die tyd van Jesus nie gehad het nie, wat ons behoort te help om in Hom te glo? *Lees byvoorbeeld Matthéus 24:2, 24:14 en 24:6–8***.**

_____

_____

En dit is nie omdat ons die kragtige vertellings in Johannes se Evangelie het nie, maar omdat ons die groot voordeel het dat ons gesien het hoe so baie van wat Jesus en ander Bybel-outeurs voorspel het, waar geword het, soos byvoorbeeld die vernietiging van die tempel in Jerusalem (*Matthéüs 24:2*), die verspreiding van die evangelie reg rondom die wêreld (*Matthéüs 24:14*), die groot afval (*II Thessalonicense 2:3*), en die wêreld wat aanhou om 'n gevalle en bose plek te wees (*Matthéüs 24:6–8*). Regdeur die lewe van Jesus se bediening het sy volgelinge 'n klein en geteisterde groepie mans en vroue gebly wat, gemeet aan menslike standaarde, lankal uit die geskiedenis moes verdwyn het. Hoe kon hulle geweet het wat ons nou weet, van al dinge wat gebeur het? En hulle het. Om die waarheid te sê, ons eie geloofsbelydenis bestaan as gevolg van Jesus wat geprofeteer het dat die evangelie aan die hele wêreld verkondig sou word.

En, vandag, ongeveer tweeduisend jaar later, het ons as volgelinge van Jesus ook die voorreg om van Hom te getuig en van wat Hy vir ons gedoen het. Dit is nie deur die redenasies van Natánael of Nikodémus, die vrou van Samaría, of die leringe van die Fariseërs dat ons self weet dat Jesus die Messias is nie. Dit is deur die Skrif te lees en deur die oortuigingskrag van die Heilige Gees dat ons Jesus as die Verlosser van die wêreld aanvaar.

En, elkeen van ons, op ons eie manier en deur ons eie verhouding met God, het ook 'n verhaal om te vertel. Ons verhaal mag dalk nie so dramaties wees soos om te sien hoe iemand uit die dood opgewek word nie, of hoe iemand wat van geboorte af blind was genees word nie, en dit maak eintlik nie saak nie. Wat saak maak, is dat ons Jesus persoonlik ken en op ons eie manier vir Hom getuig, soos die mense in Johannes se evangelie vir Hom getuig het.

Vir verdere studie: Lees Ellen G. White, "Geloof op die Proef Gestel," bl. 145–155, in *Patriarge en Profete*; "In Pilatus se Geregsaal," bl. 723–740, in *Die Koning van die Eeue*.

Thomas "het hom aan die voete van Jesus neergewerp en uitgeroep: 'My Here en my God.'"

"Jesus het sy erkenning aanvaar maar hom vriendelik bestraf oor sy ongeloof: 'Omdat jy My gesien het, Thomas, het jy geglo, salig is die wat nie gesien het nie en tog geglo het.' Thomas se geloof sou Christus meer blydskap gebring het as hy gewillig was om te glo op die getuienis van sy broeders. As die wêreld nou Thomas se voorbeeld moes volg, sou nie een in verlossing glo nie; want almal wat Christus ontvang, moet dit doen op die getuienis van ander.

"Baie twyfelaars maak die verskoning dat hulle sou glo as hulle die getuienis kon ontvang wat Thomas gehad het. Hulle besef nie dat hulle nie net daardie getuienis het nie, maar veel meer. Baie wat, soos Thomas, wag totdat alle moontlike twyfel verwyder kan word, sal hul doel nooit verwesenlik sien nie. Geleidelik verval hulle dieper in die ongeloof. Diegene wat die gewoonte kweek om die donker kant te beskou, en wat murmureer en kla, besef nie wat hulle doen nie. Hulle saai die saad van twyfel, en hulle sal 'n oes van twyfel maai. Op 'n tydstip wanneer geloof en vertroue op sy nodigste is, sal baie vind dat hulle magteloos is om te hoop en te glo." — Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, bl. 807, 808.

Vrae vir bespreking:

❶ Wat was die noodsaaklike verskil tussen Abraham en Thomas se geloofsbetuiginge? Wat kan ons uit elkeen van hulle se verhale leer?

❷ Gee 'n geleentheid in die klas aan diegene wat gewillig is om vir Jesus te getuig soos wat ons gesien het dit in die Evangelie van Johannes gedoen was. Alhoewel elkeen se getuienis sal verskil, wat sê hulle, en hoe getuig hulle van dieselfde Here?

❸ Pilatus vra 'n eg-filosofiese vraag: "Wat is waarheid?" Gee jou antwoord op daardie vraag met inagneming van alles wat ons in Johannes bestudeer het.

❹ Lees die profesieë van Daniël 2 en 7. Hoewel daardie mense in die tyd van Jesus hierdie twee hoofstukke tot hulle beskikking gehad het, watter groot voordeel het ons vandag (wat hulle nie toe gehad het nie) met betrekking tot die feit dat ons kan sien hoe daardie profesieë vervul is en dus meer redes het om te glo?

Ou Testamentiese profesieë word vervul



SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie: *Johannes 5:17, 20, 36–40, 46 en 47; Johannes 13:18; Johannes 17:12; Jeremia 2:13; Sagaría 9:9; Johannes 8:12–30.*

Geheueteks: " 'Maar Ek het 'n groter getuienis as dié van Johannes, want die werke wat die Vader My gegee het om te volbring, die werke self wat Ek doen, getuig van My dat die Vader My gestuur het.' " (*Johannes 5:36***).**

Oor en oor in die boek van Johannes sien ons die dinge wat Jesus gesê en gedoen het wat onthul het dat die Messias (*hammashiach*), die Christus, na Israel gekom het. En Hy het inderdaad as een van hulle gekom, 'n Jood wat in Bethlehem gebore was, net soos die Skrif dit voorspel het.

Tog het Johannes geskryf, "Hy was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom ontstaan, en die wêreld het Hom nie geken nie" (*Johannes 1:10*).

Hy was in die wêreld, die wêreld was deur Hom gemaak, en tog het die wêreld Hom nie geken nie? Dit is 'n ongelooflike verklaring. En, soos ons in Johannes en in die ander Evangelies sien, het baie mense Hom nie geken nie al behoort hulle Hom te geken het, veral weens al die dinge wat Jesus gedoen en gesê het. En, des te meer so, omdat die Ou Testamentiese geskrifte vooruitgewys het na Hom.

Hierdie week gaan ons na nog meer bewyse kyk hoe Johannes Jesus as die Messias onthul het, en gaan ons ook kyk waarom sommige mense nog aangehou het om Hom te verwerp — ten spyte van al die kragtige bewyse wat Hom as die Christus bevestig het.

Wat kan ons uit hulle foute leer?

**Bestudeer hierdie week se les ter voorbereiding vir Sabbat, 23 November.*

Tekens, werke en wonders

Behalwe die spesifieke wonderwerke wat Johannes gebruik het om na Jesus as die Messias te verwys, het hy ook die omvangrykheid van die tekens, werke en wonders aangeteken.

Die tekens en wonders opsigself was nie die bewys dat Hy die Messias was nie, want baie profete, soms ook valse profete, het ook wonderwerke gedoen. Johannes het nie die tekens aangeteken om slegs 'n groot wonderteken-bewerker te identifiseer nie. Die tekens waaroor Johannes geskryf het, het die unieke kenmerk gehad om na Jesus as die Messias te verwys, en om aan te dui dat Hy inderdaad van God die Vader self gekom het.

Lees **Johannes 5:17, 20 en 36–38. Hoe beskryf hierdie verse die verwantskap tussen Jesus en God die Vader, veral in die konteks van die tekens?**

_____

_____

Jesus het die tekens gebruik om sy noue werksverband met die Vader te openbaar. Die twee was een. Sy werke het het dit getoon, dat " 'die Vader in My is, en Ek in Hom' " (*Johannes 10:38; lees ook Johannes 14:10, 11*).

Die doel van Jesus se koms was om die werke te doen van die Een wat Hom gestuur het, sodat hierdie werke aan die wêreld bekendgestel kon word. Dit wil sê, Hy het gekom om die werk waarvoor die Vader Hom gestuur het, te doen en die werke wat Hy gedoen het, het duidelik getuig dat Hy van die Vader gekom het.

En tog, soos ons reeds gesien het, selfs ten spyte van die kragtige tekens en die getuienisse van baie mense, het die mense nog gekies om nie te glo nie.

Die godsdienstige leiers het vir Jesus gevra, " 'Hoe lank hou U ons in onsekerheid? As U die Christus is, sê dit vir ons ronduit.'" Jesus het hulle geantwoord, "'Ek het dit vir julle gesê, en julle glo nie. Die werke wat Ek doen in die Naam van my Vader, dié getuig van My' " (*Johannes 10:24, 25*).

Indien Jesus reguit gepraat het en gesê het dat Hy die Messías was, sou die godsdienstige leiers, enigiets wat hulle teen Hom kon vind, na Hom geslinger het. Omdat Hy dit geweet het, het Jesus liewer na die werke verwys wat Hy gedoen het. Indien Jesus gesê het dat Hy die Christus was, kon hulle Hom makliker verwerp het. Maar hoe kon hulle die tekens, die werke en die wonderwerke ontken het? Dit het kragtig getuig oor wie Hy was en waar Hy vandaan gekom het.

Hoe kan ons onsself daarteen beskerm om nie sulke verharde harte soos hierdie godsdienstige leiers te hê nie? Op watter wyse kan ons moontlik die werk van God in ons lewens teenwerk?

_____

Die gesaghebbende rol van die Skrif

Behalwe die spesifieke tekens en getuienisse wat Johannes gebruik het om Jesus as die Messias te bevestig, het hy ook ‘n beroep op die gesag en die profesieë van die Ou Testament wat na die werk van Christus vooruitgewys het, gedoen. Die Ou Testament vorm nie net die middelpunt van Johannes se Evangelie nie, maar ook van die hele Nuwe Testament. Regverdiging vir Jesus en vir wie Hy was, waar Hy vandaan gekom het, wat Hy gedoen het, en wat Hy nog gaan doen — is op die Skrif gebaseer, en in hierdie geval op die Ou Testament.

Lees die volgende verse: Johannes 5:39, 40, 46 en 47. Wat leer dit ons oor Jesus se gesindheid teenoor die gesag van die Skrif?

_____

_____

_____

Regdeur die Evangelies verwys Jesus herhaaldelik na die gesag van die Skrif wat oor Hom getuig. Byvoorbeeld, Jesus gebruik dikwels gebeurtenisse uit die Ou Testament om na Homself en na wat Hy doen, te verwys. Die volgende is so ‘n geval waar Hy ‘n gebeurtenis uit Númeri 21:5-9 aanhaal: “ ‘En soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die mens verhoog word’ ”, (*Johannes 3:14*). Hier verwys Jesus nie net na die verhaal nie, maar deur hierdie skrifgedeelte te gebruik om na Homself te verwys, gee Hy aan ons die gesaghebbende interpretasie van wat die verhaal bedoel was om oor te dra.

En nie net Jesus nie, maar ander Bybelkarakters gebruik ook die Ou Testament om na Jesus te verwys. Byvoorbeeld, vroeër in Johannes lees ons die woorde van Filippus: “ ‘Ons het Hom gevind van wie Moses in die wet en ook die profete geskrywe het’ ”, (*Johannes 1:45, 46*).

Lees die volgende verse: *Johannes 13:18; Johannes 17:12; Johannes 19:24, 28 en 36*. **Wat leer hierdie verse ons oor die gesag van die Skrif soos wat Jesus en Johannes dit verstaan het? Wat behoort dit aan ons te sê oor die uiters belangrike rol wat die hele Skrif ook in ons geloofslewe moet speel?**

_____

_____

_____

Watter magte werk tans subtiel of openlik om ons geloof in die gesag van die Bybel te ondermyn? Bring jou antwoord na die klas op Sabbat.

_____

Ou Testamentiese profesieë oor Jesus: Deel I

Toe Jesus met die godsdienstige leiers oor sy identiteit geredeneer het, het Hy die gesag van die Skrif bevestig. Aanvanklik het dit onnodig gelyk om dit te doen, want die godsdienstige leiers het tog in die Bybel geglo. Desnieteenstaande het Jesus selfs in hierdie geval die gesag van die Skrif beklemtoon, en het Hy dit gedoen om aan hulle te toon wie Hy was — dit maak nie saak hoe verhard hulle harte was nie, en hoe hard hulle probeer het om sy oortuiging teen te staan nie.

Net so teken Johannes baie direkte aanhalings en sinspelings aan uit die Ou Testament, wat Jesus as Messias en die vervulling van die Ou Testamentiese belofte aandui.

Hoe word die volgende Nuwe Testamentiese en Ou Testamentiese skrifgedeeltes met mekaar gekoppel? Dit wil sê, hoe gebruik die Nuwe Testament hierdie teksverse om oor Jesus te getuig?

_____

*Johannes 1:23, Jesaja 40:3*_____

_____

*Johannes 2:16, 17; Psalm 69:9*_____

_____

*Johannes 7:38, Jeremia 2:13*_____

_____

*Johannes 19:36, Númeri 9:12*_____

_____

Dis nie net Johannes nie, maar ook Petrus, Paulus, Matthéüs, Markus, Lukas en al die Nuwe Testamentiese skrywers wat onder inspirasie van die Heilige Gees, herhaaldelik benadruk hoe Jesus van Násaret se lewe, dood en opstanding almal vervullings van die Ou Testamentiese profesieë is.

En alhoewel Jesus die dissipels gedurig na die Skrif wat sy bediening voorspel het, verwys het, wanneer het hulle uiteindelik verstaan dat die Skrif na Hom verwys? Dit was eers na sy dood en na sy opstanding toe Hy aan hulle verskyn het, dat hulle dit uiteindelik begryp het. “En toe Hy opgestaan het uit die dode, het sy dissipels onthou dat Hy dit vir hulle gesê het; en hulle het die Skrif geglo en die woord wat Jesus gespreek het.” (*Johannes 2:22; lees ook Johannes 20:9*.)

Ou Testamentiese profesieë oor Jesus: Deel II

Jesus sê aan die godsdientige leiers: " 'Julle ondersoek die Skrifte, omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het; en dit is dié wat van My getuig' " (*Johannes 5:39*). Wat 'n ongelooflike aanname om oor Homself te maak!

Skattings verskil, maar sommige geleerdes redeneer dat Jesus van Násaret honderde van die Ou Testamentiese profesieë vervul het. Wat die getal ook al was, die kanse dat een man selfs net 'n paar daarvan sou vervul, wat nog van almal, is verbysterend. Elke nou en dan is daar iemand wat die volgende vergelyking maak: dink daaraan dat as 'n gebied so groot soos Texas met muntstukke twee voet opmekaar gepak sou word, en een van die muntstukke pienk geverf sou word en die muntstukke dan deurmekaar gekrap sou word. Indien 'n persoon dan geblinddoek sou word en een kans sou kry om die pienk muntstuk op te tel, wat is die moontlikheid dat hy of sy die pienk muntstuk met eerste optelslag sou kon optel?

Daar is geen twyfel nie — Christus se geboorte, lewe en dood was deur die Ou Testament voorspel, en dit is 'n ongelooflike bewys van sy identiteit as die verwagte Messias. Johannes verwys oor en oor na hierdie Ou Testamentiese verse om te toon wie Jesus was, en ook, waarom ons in Hom behoort te glo en die verlossing wat Hy aanbied, behoort te aanvaar.

Wat openbaar die volgende skrifgedeeltes uit Johannes se Evangelie oor Jesus as 'n vervulling van Messiaanse profesieë?

_____

*Johannes 12:13, Psalm 118:26*_____

_____

*Johannes 12:14, 15; Sagaría 9:9*_____

_____

*Johannes 13:18, Psalm 41:9*_____

_____

*Johannes 19:37, Sagaría 12:10, Sagaría 13:6*_____

_____

Hoe vas is jy geanker in wat jy glo? Indien iemand jou sou uitdaag oor waarom jy in Jesus as die Messias glo, watter antwoorde sou jy kon gee, en waarheen sou jy gaan om daardie geloof te help verdedig,? Waarom?

Van benede

Sover het ons in ons studie van Johannes gesien dat hy Jesus inderdaad as die beloofde Messias openbaar, die groot hoop waarna die Joodse volk uitgesien het.

En tog was baie van die godsdienstige leiers, die geestelike gidse van die volk, Jesus se grootste vyande.

Waarom?

Lees **Johannes 8:12–30. Wat is die wisselwerking tussen Jesus en die godsdienstige leiers hier? Watter verse help die beste om te verduidelik waarom so baie Hom verwerp het?**

_____

_____

Jesus sê dat hulle nog Hom nog sy Vader nie ken nie (*Johannes 8:19*). Hulle moes beide geken het, maar hierdie manne was deur hulleself mislei. Hulle was so vasgevang in hulle eie tradisies en filosofieë dat selfs met Jesus reg voor hulle, en al die dinge wat Hy gedoen en gesê het — al die kragtige openbaringe deur die Vader – het hulle Hom steeds verwerp.

Tweedens het Jesus aan hulle gesê, " 'Julle is van benede' " (*Johannes 8:23*). Met ander woorde, hoe godsdienstig hulle ook al mag gewees het, was hierdie nie geestelike godsmanne nie. Hulle het 'n "gedaante van godsaligheid" gehad (*II Timótheüs 3:5*), maar dit was al. Hulle was uiterlik vroom maar innerlik ongelowig.

Hierdie was niks nuuts nie: " 'Omdat hierdie volk nader kom met hulle mond en My eer met hulle lippe, terwyl hulle hul hart ver van My hou, sodat hulle vrees vir My 'n aangeleerde mensegebod is' ", (*Jesaja 29:13*). Hierdie selfde konsep word deur Jesus eeue later herhaal toe Hy gesê het, " 'Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is' ", (*Markus 7:7*). Hulle menslike leringe, hulle menselike gebooie, was "uit hierdie wêreld" (*Johannes 8:23*) en, soos Jesus toe gesê het, "Ek is nie uit hierdie wêreld nie" (*Johannes 8:23*). Dit was erg genoeg dat hierdie manne hulleself bedrieg het; die tragedie was erger omdat hulle ook ander laat afdwaal het, hoewel, interessantheidshalwe, Johannes geskryf het dat as gevolg van die gesprek wat in hierdie verse uitgebeeld word, "het baie in Hom geglo" (*Johannes 8:30*).

Dus, selfs ten spyte van slegte leierskap, was baie Jode in staat om by hulle verby te kyk en vir hulleself te sien wie Jesus was.

Watter lesse put jy uit Jesus se gesprek met die godsdienstige leiers? Hoe kan ons "van bo" wees en nie "van benede" nie — en hoe kan ons die verskil ken?

_____

Vir verdere studie: Lees Ellen G. White, " 'Laat Julle Hart Nie Ontsteld Word Nie,' " bl. 662–680, in *Die Koning van die Eeue*.

"Soos 'n goue skat is waarheid aan die Hebreeuse volk toevertrou. Die Joodse bedeling met die handtekening van die hemel daarop is deur Christus self ingestel. Die groot waarhede van die verlossingsplan is met beelde en simbole omsluier. Tog het die Jode Christus, na wie al hierdie simbole verwys het, nie herken toe Hy gekom het nie. Hulle het die Woord van God in hulle hande gehad, maar die oorlewering wat van geslag tot geslag aan hulle oorgedra is, en die menslike uitleg van die Skrifte, het die waarheid soos dit in Jesus is vir hulle verberg. Die geestelike betekenis van die heilige Skrifte was verlore. Die skatkis van alle kennis was vir hulle oop, maar hulle het dit nie geweet nie.

"God verberg Sy waarheid nie vir die mens nie. Deur hulle eie doen en late maak hulle dit vir hulleself duister. Christus het aan die Joodse volk oorvloedige bewyse gelewer dat Hy die Messias was, maar Sy leer het 'n besliste verandering in hulle lewens vereis. Hulle het besef dat as hulle Christus sou aanneem, hulle hul mens-opgestelde stelreëls en oorleweringe, hulle selfsugtige, goddelose gewoontes sou moet opgee. Dit verg opoffering om die onveranderlike, ewige waarheid te ontvang. Daarom wou hulle nie die oortuigendste bewyse erken wat God kon gee om geloof in Christus te vestig nie. Hulle het voorgegee dat hulle in die Ou-Testamentiese Skrifte glo, maar het geweier om die getuienis daarin aangaande Christus se lewe en karakter aan te neem. Hulle was bang dat hulle oortuig sou word en tot bekering sou kom, en verplig sou wees om hulle vooropgestelde opinies prys te gee. Die skat van die evangelie, die Weg, die Waarheid, en die Lewe, was tussen hulle, maar hulle het die grootste gawe wat die hemel kon gee, verwerp." — Ellen G. White, *Die Gelykenisse van Christus*, bl. 105.

Vrae vir bespreking:

❶ Hoe bou die profesieë wat in Jesus se lewe vervul was, geloof?

❷ Wat is die drie of vier hoof-struikelblokke wat die godsdienstige leiers verhinder het om in Jesus te glo? Hoe word hierdie selfde beginsels tans ook geopenbaar?

❸ Maak 'n persoonlike opname van waar jou selfvertroue gemaklik voel. Watter stappe kan jy neem om jou geloof te versterk?

❹ Wat behoort jou antwoord op die vraag aan die einde van Maandag se studie ons te leer oor die gesag van die Skrif, en waarom moet ons enigiets verwerp wat twyfel laat ontstaan oor die finale en hoogste gesag van die Skrif?

Die Bron van lewe

SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:
Johannes 1:4; Johannes 10:10; Johannes 1:12, 13; Johannes 6:61–68; Númeri 13:23–33; Matthéüs 4:1–4.

Geheueteks: " 'Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.' " (*Johannes 14:6*).

Volgens die Evangelie van Johannes, toe Jesus gevra is wie Hy was, het Hy geantwoord met 'n verklaring wat Hom as deel van die godheid aandui. "EK IS" was ongetwyfeld 'n verwysing na die HERE Homself toe Hy aan Moses by die brandende bos verskyn het. " 'EK IS WAT EK IS,' " het Hy vir Moses gesê (*Exodus 3:14*). En hierdie selfde God, die "EK IS", het toe "vlees geword en het onder ons gewoon – en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom – vol van genade en waarheid" (*Johannes 1:14*).

Die tema "EK IS" word dwarsdeur Johannes gevind. Hierdie week se geheueteks weerkaats hierdie tema: " 'Ek is die Weg en die Waarheid en die Lewe' " (*Johannes 14:6*). Die "EK IS", is die Lig van die wêreld, die Brood van die Lewe, die Deur vir die skape, die Goeie Herder, en die Ware Wynstok.

Hierdie week gaan ons voort met die openbaring van God soos in Johannes weergegee word. Ons sal ook meer ten volle die anderkant van die saak ondersoek, waar, ten spyte van die kragtige bewys vir Jesus as die Messias, sommige Hom verwerp het. Ons sal hierdie gedagte om twee redes bestudeer: om nie dieselfde fout te begaan nie; ook om te kyk hoe ons dalk kan uitreik na hulle wat in gevaar is om ook dieselfde fout te begaan.

**Bestudeer hierdie week se les ter voorbereiding vir Sabbat, 30 November.*

In Hom was lewe

In Johannes 1:1 verklaar die apostel duidelik dat Jesus, die goddelike Seun, God is. Gevolglik dui die verklaring in Johannes 1:4 — "In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense" — daarop dat die verwysing na lewe wat hier ter sprake is, goddelik is, 'n onontleende ewige selfbestaan. Omdat Hy lewe in Homself het, kan Hy sy lewe aflê om dit weer op te neem (*Johannes 10:17*). En omdat Hy lewe in Homself het, kan Hy lewe skenk aan wie Hy wil (*Johannes 5:21; vergelyk met Johannes 14:19*).

Hierdie woord *lewe* (*zoē*) verskyn 36 keer in die Evangelie van Johannes, wat ongeveer 25 persent van die gebruik daarvan in die Nuwe Testament verteenwoordig. Behalwe dat daar in Johannes 1:4 en 5 na die bron van lewe op ons planeet verwys word, word die woord ook aan verlossing gekoppel. Regdeur die res van Johannes word hierdie gedagte van lewe (*zoē* die meeste kere as die *ewige lewe*, die verlossingsbelofte, uitgedruk (*lees Johannes 3:15, 16 en 36; Johannes 4:14 en 36; Johannes 6:27, 40, 47, 54 en 68; Johannes 10:27, 28*). Dus, die Een wat lewe gegee het by die skepping, is dieselfde Een wat verlossing, die ewige lewe, aan 'n verlore wêreld bring.

Waarom het Jesus na hierdie aarde gekom? *Johannes 1:29, Johannes 3:16, Johannes 6:40, Johannes 10:10, Johannes 12:27***.**

_____

_____

'"En soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die mens verhoog word, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê"' (*Johannes 3:14, 15*).

Net soos die slang wat uit brons gemaak was die plek van die Israeliete wat deur die slange gebyt was, ingeneem het, so het Jesus ons plek ingeneem, ons wat deur die sonde neergevel is. Hy het die straf verdra wat ons moes verdra het, sodat ons die lewe wat syne was, kon verkry.

Christus begeer ook dat ons lewe en oorvloed moet hê (*Johannes 10:10*). Aldus vir "almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo: wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is" (*Johannes 1:12, 13*).

Christus het gekom om die Vader aan ons te openbaar, want, "Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het *Hom* verklaar" (*Johannes 1:18*). Deur na Jesus se karakter te kyk, kan ons die karakter van die Vader sien.

Wat kan ons uit die lewe van Jesus oor die karakter van die Vader leer? Waarom is hierdie openbaring sulke goeie nuus?

_____

Woorde van die ewige lewe

Lees **Johannes 6:61–68. Toe Jesus die dissipels gevra het of hulle Hom ook wou verlaat, wat was die betekenis van Petrus se antwoord?**

_____

_____

_____

Petrus se woorde oor die "ewige lewe" vorm deel van 'n tema wat dwarsdeur die Evangelie van Johannes gevind word. In Johannes 6 word daar deur woordkeuse op die ewige lewe gekonsentreer in die konteks van die voeding van die 5,000 (*Johannes 6:27, 40, 47, 54 en 68*). Jesus sê dat Hy die Brood van die Lewe (*Johannes 6:35*) is, bedoelende dat sy lewe, sy dood en opstanding die bron van ewige verlossing is.

Die frase *ewige lewe*, of soortgelyke uitdrukkings, verskyn ten minste 17 keer in die Evangelie van Johannes. Hierdie woorde verwys nie na 'n geestesbestaan nie, of om deel van 'n wese wat vir ewig leef, te wees nie, of om een of ander hemelse bestaan te voer nie. Dit verwys liewer na daardie lewegewende krag wat onmiddellik verlossing en betekenis bring, en daarna 'n eindelose lewe wanneer onse HERE terugkom. Net soos Jesus vlees geword het, vind die opstanding waarvan Jesus praat werklik in 'n fisiese liggaam plaas. Dit is 'n opstanding uit die dood, 'n hernuwing van die lewe wat ons eens in Eden gehad het.

Hoe **ontvang ons die ewige lewe?** *Johannes 3:15, 16; Johannes 5:24; Johannes 6:40, 47; Johannes 8:31; Johannes 12:46; Johannes 20:31***.**

_____

_____

_____

Alleenlik deur geloof weet ons dat Jesus Christus op die aarde kom leef het om vir ons te sterf. Hierdie geloof van ons is 'n gawe, maar van ons kant af moet ons bewustelik kies om alles aan Jesus oor te gee, om ons te bekeer, en om sy bloed vir onsself toe te eien vir die vergifnis en reiniging van ons sondes.

Toe Jesus Petrus gevra het of hy Hom ook gaan verlaat, het Petrus gevra, " 'Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde van die ewige lewe' ", (*Johannes 6:68*). Hierdie belydenis bevat die kern van ons verlossing en hoe ons dit bekom. Dit kom nie van die filosofie af nie, of die geskiedenis, of die wetenskap nie — al hierdie is menslike dissiplines. Dit kom van Jesus af wat die ewige lewe in Homself het, en dit aan almal gee wat op die Heilige Gees se invloed reageer en dit dan aanvaar.

Watter invloed het die feit dat ons noual sekerheid het om vir ewig te kan lewe, op hoe ons ons aardse lewe nou hier beskou? Hoe behoort dit ons beskouing te beïnvloed?

Om te glo en die wedergeboorte

Lees **Johannes 1:12 en 13. Watter stappe word hier beskryf om 'n Christen te word?**

_____

_____

Johannes het sy Evangelie geskryf sodat ons in Jesus moet glo en dan deur te glo, die ewige lewe in sy Naam te ontvang *(Johannes 20:31*). In Johannes 1:12 en 13 word hierdie proses in twee stappe beskryf. Eerstens ontvang ons Hom, d.w.s. ons glo in Hom. Tweedens, gee Hy aan ons die gesag of mag om God se kinders te word. In vers 13 word dit beskryf as "uit God gebore". Daar is dus 'n menslike en 'n goddelike kant van Christen word. Ons moet in geloof optree, Hom ontvang, oop wees vir die lig, maar Hy is die een wat die hart regenereer.

Om die waarheid te sê, geloof is opsigself 'n gawe van God wat ontvang word "uit die gehoor, en die gehoor is deur die Woord van God", (*Romeine 10:17*). "Om ware, blywende geloof in Christus te hê, moet ons Hom ken soos die Woord Hom verteenwoordig." — Ellen G. White, *Fundamentals of Christian Education*, bl. 433, (*vry vertaal*). "Die Gees wat in die mens se gedagtes werk en die verstand verlig, skep in die gedagtes geloof in God." — Ellen G. White Comments, *The Seventh-day Adventist Bible Commentary*, vol. 7, bl. 940, (*vry vertaal)*.

Hulle wat in die Seun glo en Hom as die Messías aanvaar, ontvang die ewige lewe. Johannes beklemtoon ook die aanvaarding van en geloof in die Woord soos wat Jesus dit gespreek het (*Johannes 5:24, 38, 47*). Die Heilige Gees se rol is om oortuiging te bring (*Johannes 16:7, 8; vergelyk met Romeine 8:16*).

Lees **Romeine 8:16. Watter beginsel oor verlossing in Jesus word hier gevind?**

_____

_____

Geloof, bybelse geloof, gegrond op die werk van die Heilige Gees in ons harte, is die fondament van ons geloof. "Geloof is . . . die groot seën – die oog wat sien, die oor wat hoor." – Ellen G. White, *In Heavenly Places*, bl. 104, (*vry vertaal*). Die humanistiese benadering tot geloof verklaar dat ons 'n fondament, die geloofsbeginsel, moet vind en dan glo. In teenstelling hiermee verklaar die bybelse benadering dat geloof die fondament is, 'n gawe van God (*Efésiërs 2:8, I Korinthiërs 1:17–24, I Korinthiërs 2:1–6*). Ons begin met geloof as die fondament, en dan van daar af groei ons in begrip en genade.

Indien iemand jou sou vra waarop jou geloof gegrond is, hoe sou jy reageer?

_____

Om die Bron van Lewe te verwerp

Sommige van die hartseerste verhale in die Bybel word in die Evangelie van Johannes gevind. “En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie. . . . [Die Lig] was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom ontstaan, en die wêreld het Hom nie geken nie. Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie” (*Johannes 1:5, 10, 11*). Die “EK IS” was deur baie van sy eie volk verwerp.

Geen wonder dat Paulus later waarsku, “Werp dan julle vrymoedigheid . . . nie weg nie” (*Hebreërs 10:35*). Soos wat ons oor en oor gesien het, was Christus verwerp omdat mense nie sy Woord aanvaar het nie.

“Die hedendaagse humanistiese manier van denke begin met twyfel. Mense bevraagteken alles om vas te stel wat waarheid is. Dit wat die vuurproef van ‘n kruisverhoor oorleef, word as rotsvaste kennis aanvaar, en word iets waarin daar geglo kan word. Sommige mense pas hierdie metode ook op die Bybel toe deur alles te bevraagteken vanuit ‘n wetenskaplike, historiese, sielkundige, filosofiese, argeologiese of geologiese perspektief, om sodoende waarheid in die Bybel te bepaal. Die einste metode begin met en bou voort op twyfel in die Skrif se geloofwaardigheid. Christus het gevra, ‘. . . maar as die Seun van die mens kom, sal Hy wel die geloof op die aarde vind?’ (Lukas 18:8).” — E. Edward Zinke and Roland Hegstad, *The Certainty of the Second Coming*, (Hagerstown, MD: Review and Herald Publishing Association, 2000) bl. 96, (*vry vertaal*).

Lees **Númeri 13:23–33. Wat het die verskil tussen die twee terugvoer-verslae wat die spioene van Kanaän af teruggebring het, gemaak?**

_____

_____

Die sonde van die Hebreërs toe hulle by Kades-Barnéa was, was om die Woord van God te betwyfel. God het hulle gevra om die land in besit te gaan neem. Hulle het toe twaalf spioene gestuur om Kanaän te gaan bespied. Hulle het teruggekom met twee verslae. Die oorgrote meerderheid het ‘n negatiewe verslag teruggebring. Daar is reuse in die land, ommuurde stede, wapens wat hulle nog nooit te vore gesien het nie, en goedopgeleide krygsmagte. In teenstelling hiermee was hulle, die Israeliete, slawe in Egipte met min militêre ondervinding. Tien van die spioene het nee gestem as gevolg van die oorweldigende bewyse vanuit ‘n menslike oogpunt. Twee spioene het ja gestem gegrond op hulle geloof in die oorweldigende mag van die Woord van God.

Hoe kan ons voorkom om dieselfde tipe fout te begaan wat hier gemaak was? En tog, hoe kan ons verwaandheid of aanmatiging of dwase optrede voorkom, deur steeds te glo dat ons God se wil doen en daarom nie kan misluk nie?

_____

Veroordeling

"Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie. . . . Want elkeen wat kwaad doen, haat die lig en kom nie na die lig nie, dat sy werke nie bestraf mag word nie. Maar hy wat die waarheid doen, kom na die lig . . ." (*Johannes 3:18–21; vergelyk met Johannes 1:10*).

Waarom word mense geoordeel? *Johannes 3:18, 36; Johannes 5:24, 38; Johannes 8:24; Johannes 12:47***.**

_____

_____

_____

Die verwerping van Jesus Christus as die Lig van die wêreld, stel ons bloot aan twyfel en aan die versoekings van die duiwel. Dit is om weg van die lig te draai na die duisternis toe.

Eva het lig ontvang om haar te help hoe om by die boom in die middel van die tuin op te tree. Satan het haar versoek om die lig te bevraagteken. Sy het God se woord getoets deur te redeneer dat 'n liefdevolle God nie die wesens wat Hy geskep het, sou vernietig nie. Sy het ook op haar sintuie se waarneming vertrou. Die slang het van die vrugte geëet en het nou die mag om te praat. Dalk praat die slang die waarheid. *As ek van die vrugte eet, kan ek dalk soos God word!* Sy was bedrieg en het van die lig af weggedraai. En haar man het dieselfde pad geloop.

Lees Matthéüs 4:1–4. Toe Christus in die woestyn versoek was, watter beginsels het Hy gebruik om die versoekings van Satan teë te staan?

_____

_____

_____

Christus was ook aan dieselfde menslike denkvermoë as Adam en Eva, die antediluviane en Israel by Kades-Barnéa, onderworpe. Hy kon gevra het waarom 'n liefdevolle God sy Seun in die woestyn vir 40 dae en nagte sonder kos en beskerming laat ronddwaal het. Hy kon ook besluit het om sy Seunskap te bewys — *Ek sal hierdie klippe in brood verander!* In plaas daarvan het Hy die Woord van God gebruik om te antwoord. Sy optrede was liewer hemelgeoriënteerd as om aardse denkpatrone te gebruik. Hoe maklik kon Hy sy weg gerasionaliseer het om 'n verkeerde besluit te maak wat so baie mense, ja selfs gelowiges, dikwels doen.

Vir verdere studie: Ellen G. White, " 'God Met Ons,' " bl. 19–26; "Stryd," bl. 601–609, in *Die Koning van die Eeue*.

"Deur Hom te verneder om die mensheid aan te neem, het Christus die teenoorgestelde karakter as dié van die Satan geopenbaar. Maar Hy het Hom nog verder verneder. 'En in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis', Filippense 2:8. Net soos die hoëpriester sy pragtige kleed uitgetrek en die wit linnekleed van 'n gewone priester aangetrek het, so het Christus ook die gestalte van 'n dienskneg aangeneem en geoffer. Hy self die priester, en Hy self die slagoffer. 'Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel, die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom', Jesaja 53:5.

"Christus is behandel soos ons verdien het, sodat ons behandel kan word soos Hy verdien het. Hy is veroordeel vir ons sondes waaraan Hy geen deel gehad het nie, sodat ons geregverdig kan word deur Sy geregtigheid waarin ons geen deel gehad het nie. Hy het ons dood gesterf, sodat ons Sy lewe kan ontvang. 'Deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom'" — Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, bl. 25.

Vrae vir bespreking:

❶ Jesus het so baie gegee om die wêreld te red. Wat beskou jy as die beste maniere om ander te help om hierdie ongelooflike waarheid raak te sien en in Hom te glo?

❷ Wat is die hoofverskille tussen besluite wat geneem word wat op menslike, wêreldse vlakke gegrond is, teenoor besluite wat op goddelike openbaring gegrond is?

❸ Hoe pas logika en denkvermoë in by die begrip van die Woord van God? Watter logiese en rasionele redes het ons om gelowig te word? Hoe verwys die vervulling van profesie of die ongelooflike prag en ingewikkeldheid van die geskape wêreld ons na die bestaan van God en na die waarheid van die plan van verlossing?

❹ Hou 'n bespreking in die sabbatskoolklas oor julle antwoorde op die vraag aan die einde van Dinsdag se studie. Waarop is jou geloof gegrond? Indien iemand jou sou vra waarom jy in Jesus en in die aansprake van die Evangelie glo, hoe sou jy reageer?

Die Weg, die Waarheid, en die Lewe

SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie: *Johannes 13:1–20; Johannes 14:1–3; Daniël 7:27; Johannes 14:5–11; Johannes 1:14; Kolossense 1:16, 17; Johannes 5:38–40.*

Geheueteks: Niemand het ook God gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het *Hom* verklaar", (*Johannes 1:18***).**

Die Evangelie van Johannes is in vier hoof-afdelings verdeel: Die Voorwoord [Voorrede] (*Johannes 1:1–18*), die Boek van Tekens (*Johannes 1:19–12:50*), die Boek van Heerlikheid (*Johannes 13:1–20:31*), en die Epiloog (Narede) (*Johannes 21:1–25*). Hierdie studie het sover hoofsaaklik op die Voorrede en die Boek van Tekens gefokus om d.m.v. sy wonderwerke (die tekens), deur gesprekke en deur leringe te verklaar wie Jesus is. Die res van die lesse gaan nou meer op die derde afdeling van Johannes, die Boek van Heerlikheid, konsentreer.

Interessantheidshalwe, die bekende sewe "EK IS"-verklarings vorm 'n skakel tussen die Boek van Tekens en die Boek van Heerlikheid. Hierdie skakels is "die brood van die lewe" (*Johannes 6:35, 41, 48, 51*), "die lig van die wêreld" (*Johannes 8:12, Johannes 9:5*), "die deur" (*Johannes 10:7, 9*), "die goeie herder" (*Johannes 10:11, 14*), "die opstanding en die lewe" (Johannes 11:25), "die weg, die waarheid en die lewe" (*Johannes 14:6*), en "die ware wynstok" (*Johannes 15:1, 5*).

Hierdie week se les begin met Jesus se doel met sy afskeidsgesprek en die inleiding tot die betekenisvolle episode waar Jesus sy dissipels se voete gewas het. Daarna word daar op die "EK IS"-verklaring in hoofstuk 14 gefokus ("Ek is die weg en die waarheid en die lewe;").

**Bestudeer hierdie week se les ter voorbereiding vir Sabbat, 7 Desember.*

Ek het julle ‘n voorbeeld gegee

Die afskeidsrede (*Johannes 13–17*) bevat instruksies vir Jesus se dissipels vir die toekoms. Die literêre patroon stem ooreen met Moses se afskeidsboodskap in Deuteronómium, of Jakob se seënwense vir sy kinders (*Génesis 47–49*), of Dawid se instruksies aan Salomo (*I Kronieke 28–29*). Jesus bemoedig sy dissipels m.b.t. sy vertrek. Hy belowe ‘n plaasvervanger wat Hom sal verteenwoordig (die Heilige Gees; *Johannes 14–16*). Hy voorspel dat hulle bedroef sal wees (*Johannes 15–16*), en Hy vermaan die dissipels om getrou te bly (*Johannes 15*).

Lees **Johannes 13:1–20. Wat het hier gebeur, en waarom is hierdie verhaal so belangrik? Watter lesse wou Jesus hier oordra?**

_____

_____

_____

In daardie deel van die wêreld toe Jesus op die aarde was, het die mense sandale gedra of kaalvoet geloop. Die voete het dus vol stof en vuil geword. Die gewoonte was dat ‘n dienskneg of ‘n slaaf die voete van diegene wat na ‘n maaltyd gekom het, moes was. Maar daar was nie ‘n dienskneg by hierdie geleentheid teenwoordig toe Jesus, net voor sy arrestasie, sy laaste maal saam met die dissipels geniet het nie.

Tot almal se verbasing het Jesus self opgestaan en almal se voete gewas. Johannes 13:4, 5 vertel Jesus se optrede stap vir stap. Dit word met soveel besonderheid vertel om die Meester se ongelooflike nederige handeling te beklemtoon.

Deur Petrus se reaksie te beskryf (Johannes 13:8–11), verdiep Johannes die dissipels se ontsteltenis en onbegryplikheid oor Jesus se optrede. Hoe kon Jesus, die Meester, die Messias, so ‘n nederige taak uitvoer? Petrus het eers geweier om Jesus toe te laat om sy voete te was, net om te hoor hoe Jesus aan hom sê dat indien hy nie saamwerk nie, hy geen deel aan Hom sal hê nie. En toe vra Petrus vir meer, deur sy intense begeerte uit te roep om heeltemal aan Jesus verbind te word.

Die betekenis van Jesus se handeling is gekoppel aan wie Hy is. Hy verklaar in Johannes 13:13 dat Hy Meester en Here is. Dit is wat hulle Hom genoem het, en Hy bevestig dat dit so is. Hierdie titel dui outoriteit en mag aan.

Tog leer Jesus dat mag en gesag vir diens gebruik moet word en nie vir selfverheerliking nie. Die Adventiste Kerk het hierdie betekenis van Jesus se voorbeeld aanvaar deur wat regmatig die Voetewassing genoem word as voorbereiding vir die gebruik van die Nagmaal, in te stel.

Wat leer die Voetewassing-instelling jou oor hoe om die voorbeeld van Jesus te volg en hoe om ander nederig te bedien?

_____

Ek sal sekerlik weer kom

Lees **Johannes 14:1–3. Wat het daartoe gelei dat Jesus hierdie woorde gespreek het?**

_____

_____

_____

Aan die einde van Johannes 13 sê Jesus dat Hy weggaan (*Johannes 13:33*). Dit maak toe dat Petrus vra waarheen Hy gaan (*Johannes 13:36*)? Die dissipels het nie verstaan dat Jesus oor sy dood, opstanding en hemelvaart gepraat het nie. Toe sê Petrus dat hy gereed is om sy lewe vir Hom te gee (*Johannes 13:37*). En toe voorspel Jesus dat Petrus hom gaan verloën (*Johannes 13:38*).

Teen hierdie agtergrond sê Jesus aan sy dissipels dat hulle harte nie ontsteld moet word nie (*Johannes 14:1*). Die werkwoord *ontsteld word* in die Grieks vertaal as *tarassō*, wat beteken om *in beroering te bring, te versteur, van stryk te bring, verward te maak*. Dit is geen wonder dat Jesus se woorde die dissipels verwar het nie.

Maar om hulle vrese teë te werk, praat Hy van sy Vader se huis waar daar baie woonplek is (nie deftige wonings nie, maar verblyf soos in 'n herberg). Hy gaan daarheen om vir hulle plek te berei. Sy woorde reik verby die komende storm van sy kruisdood tot by die dag wanneer Hy terugkom om sy volk te kom verlos. Hy verwys na die tyd wanneer hierdie groot tragedie van sonde eens en vir altyd sal ophou (*lees Daniël 7:27*).

Jesus sê, " 'En as Ek gegaan [het]. . ., kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is' " (*Johannes 14:3*). Hierdie is duidelik 'n belofte van sy Tweede Koms.

Wat is die grondslag vir sekerheid in hierdie belofte? Baie sal sê dis vervulling van die Bybelprofesieë, en dit is sekerlik waar. Maar in Johannes 14:3 word die grondslag anders gestel. In hierdie vers is die stelling *kom Ek weer* in die teenwoordige tyd in die Grieks (*Ek kom*). Hierdie gebruik van die teenwoordige tyd in Grieks word die *futuristiese teenswoordigheid* genoem. Dit is 'n toekomstige gebeurtenis wat met soveel sekerheid genoem word dat dit beskryf word asof dit nou gebeur. Dus is dit reg om die sinsnede te vertaal as *Ek sal sekerlik weer kom*.

Die grondslag van ons hoop in die terugkeer van ons HEER is nie net die vervulling van Bybelprofesie nie. Dit is ook, en met meer sekerheid, gegrond op ons vertroue in die Man wat die belofte gemaak het. Hy het gesê Hy sal sekerlik terugkom na sy volk. Ons kan ons vertroue in daardie belofte plaas op Hom Wie die belofte gemaak het.

Wat leer die kruis ons oor die sekerheid van Christus se tweede koms? Sonder die Tweede Koms, wat was dan goed omtrent Jesus se dood tydens sy eerste koms?

_____

Ek is die weg en die waarheid en die lewe

Lees **Johannes 14:5, 6. Wat wou Thomas weet oor waarheen Jesus op pad was? Wat het Jesus hom geantwoord?**

_____

_____

_____

Thomas se navraag klink heel logies. Indien jy nie weet waarheen iemand gaan nie, hoe kan jy dan die weg ken om daardie persoon te volg? Jesus verklaar die navraag deur aan te dui dat Hy self die weg is. Die weg waarheen? Die weg na die Vader. In die voorwoord (*Johannes 1:1–18*) word die intieme verbintenis tussen die Woord (*logos*), Jesus Christus, en die Vader beklemtoon.

Johannes 1:18 sê dat die eniggebore God ("*unieke*" God, wat'n beter vertaling is) die Een is wat die Vader bekendstel. *Om bekend te stel* (in Grieks die werkwoord *exēgeomai*), beteken *om te verduidelik, te interpreteer, te verklaar*. Die woord eksegese het hieruit ontstaan. Dit beteken om die betekenis bekend te maak. Dus is Jesus Christus die verbinding met die Vader, die Een wat die Vader aan die gevalle wêreld verduidelik of interpreteer. Gevolglik is Hy die weg of die pad na die Vader toe. Sonder Hom word ons begrip van die Vader beperk.

Lees **Johannes 14:7–11. Hoe het Jesus Filippus se wanbegrip opgeklaar?**

_____

_____

Filippus vra toe om die Vader te sien, iets wat geen sondige mens kan doen en leef nie (*vergelyk Exodus 33:17–34:9, Johannes 1:18*). Jesus berispe toe die gebrek aan begrip en sê dat as jy Hom (vir Jesus) gesien het, jy die Vader gesien het (*Johannes 14:9*). Gevolglik is dit duidelik dat Jesus die weg na God is. Sonder Hom word die pad donker en onseker. Hy is die lig wat die weg na God verlig.

Jesus verbind drie terme met mekaar: *weg, waarheid en lewe*. Die term weg word in Johannes 1:23 gebruik m.b.t. Johannes die Doper wat die weg vir Jesus berei, en ook hier in Johannes 14:6. Die begrippe *waarheid* en *lewe* is hooftemas in hierdie Evangelie. In Woensdag en Donderdag se studies sal die beskouing van *waarheid* bestudeer word, 'n uiters belangrike onderwerp, veral in 'n wêreld waar die konsep van "waarheid" bestudeer word.

Waarom is dit so bemoedigend dat Jesus vir ons die beste openbaring is van hoe en wie God die Vader is?

_____

EK IS die waarheid

Lees **Johannes 1:14, 17; Johannes 8:32, Johannes 14:6 en Johannes 15:26. Hoe verbind Johannes die konsep van Waarheid direk met Jesus?**

_____

_____

_____

In die Evangelie van Johannes word waarheid oor en oor met Jesus, met sy Vader en met die Heilige Gees verbind. Waarheid word met Jesus verbind, met die Woord (*logos*), en met lig – in teenstelling met duisternis (*Johannes 1:1–14, Johannes 3:19–21*). En ook word valsheid met die duiwel en met sonde verbind (*Johannes 8:44–46*). Gevolglik is waarheid in Johannes nie net 'n saak van feite en inligting nie. Dit sluit sulke dinge in, maar nog meer, die waarheidbeskouing sluit 'n morele aspek van getrouheid aan God en aan sy wil in.

"Daar is vele wat om die lewende God smeek, wat na die Goddelike teenwoordigheid verlang. Wysgerige teorieë of letterkundige essays, hoe briljant ook al, kan die hart nie bevredig nie. Die stellings en uitvindings van die mens is waardeloos. Laat die Woord van God tot die mense spreek. Laat diegene wat nog net oorleweringe en menslike teorieë en spreuke gehoor het, die stem hoor van Hom wie se woord die siel tot die ewige lewe kan vernuwe." – Ellen G. White, *Die Gelykenisse van Christus*, bl. 40.

Dink na oor wat dit vir Jesus beteken om die Waarheid te wees. Jesus is die logos, die Woord wat by God van die begin af was en wat die Skepper van alle geskape dinge is (*Johannes 1:1–4*). Een met die Vader van ewigheid tot ewigheid besit Jesus die karakter-eienskappe van die Vader en is dus ook die "EK IS". Sy wese is nie aan enigiemand of enigiets anders ondergeskik nie. Niks wat bestaan, insluitend kennis, bestaan apart van Hom nie. En alles wat bestaan, wat geskape was, was deur Jesus alleen geskape en bestaan ook net in Hom. "Want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte – alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape. En Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand." (*Kolossense 1:16, 17*).

Jesus is nie net die beliggaming van die waarheid nie. Hy is die Waarheid. Waarheid is nie 'n begrip of 'n samestelling nie. Dit is 'n Persoon!

Die waarheid, Jesus Christus, kan vergelyk word met die son wat die wêreld verlig (*Johannes 8:12*). Dit stem ooreen met wat C. S. Lewis oor die Christendom gesê het, "Ek glo in die Christendom soos ek glo dat die son opkom, nie net omdat ek dit sien nie, maar omdat ek as gevolg daarvan alles rondom my kan sien." — "Is Theology Poetry?" (n. p.: Samizdat University Press, 2014), bl. 15, oorspronklik in 1944 aangebied, (*vry vertaal*).

Dit is deur Jesus, die Waarheid, dat ons in staat is om die wêreld rondom ons behoorlik te kan interpreteer.

Die Skrif en die Waarheid

Dwarsdeur die Evangelieboodskap speel die Skrif 'n belangrike rol om ons te vertel van die Een wat die weg, die waarheid en die lewe is. Regdeur die Evangelies, ook regdeur die Bybel, die Ou en Nuwe Testamente, speel die Skrif 'n uiters belangrike rol om waarheid te onthul. Dis veral waar wanneer dit ons leer oor wie Jesus is en wat Hy hier op aarde kom doen het.

Lees **Johannes 5:38–40. Wat sê Jesus hier oor die Skrif?**

_____

_____

Jesus en sy dissipels het weer en weer na die Skrif verwys om Hom as die Messias te bevestig. Christus het gesê, " 'Maar as julle Moses geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskrywe. En as julle sy geskrifte nie glo nie, hoe sal julle my woorde glo?' " (*Johannes 5:46, 47*).

Lees **Lukas 24:27. Waarom is dit belangrik dat Jesus heel eerste na die Skrif verwys het om die belangrikheid van sy bediening bekend te maak?**

_____

_____

Op 'n ander plek, terwyl Hy uit die boek van Exodus aangehaal het, het Christus gesê, " 'het julle nie die woord gelees wat tot julle deur God gespreek is nie . . . ?' " (*Matthéüs 22:31*). Sagaría het soos volg na die beloftes van God verwys: "soos Hy [God] gespreek het deur die mond van sy heilige profete van ouds af" (*Lukas 1:70*). In sy preek tydens Pinkster het Petrus gesê, " 'Broeders, hierdie Skrif moes vervul word wat die Heilige Gees voorspel het deur die mond van Dawid . . ." (*Handelinge 1:16*).

Die Bybel is nie 'n wetenskaphandboek nie. Dit verduidelik nie hoe om 'n atoom te verdeel of hoe om 'n breinoperasie uit te voer nie. Maar dit doen iets wat selfs nog meer belangrik is. Dit voorsien die konteks wat aan ons heelal betekenis gee. Dit is die sleutel wat die deur oopsluit, die lig wat dit moontlik maak om te sien. Daarsonder sal ons in duisternis verkeer oor die bestaan van God, sy rol in die heelal, ons eie oorsprong, wat dit beteken om te lewe, en die toekoms.

Watter waarhede leer ons in die Bybel wat die wetenskap, selfs in teorie, ons nooit kan leer nie?

_____

Vir verdere studie: Lees Ellen G. White, " 'The Light of Life,' " bl. 463–475, in *Die Koning van die Eeue*; E. Edward Zinke, "The Authority of the Bible and the Certainty of the Second Coming," *The Certainty of the Second Coming*, bl. 23–36.

Toe Jesus gesê het, "Ek is die lig van die wêreld", was Hy "in die tempelhof wat aan die dienste van die Huttefees verbonde was. In die middel van die hof was twee hoë pale waaraan groot lampe gehang het. Na die aandoffer is al die lampe aangesteek en kon hul lig oor Jerusalem gesien word. Hierdie seremonie was ter herdenking aan die vuurkolom wat Israel deur die woestyn gelei het, en was ook beskou as 'n simbool van die koms van die Messias. Wanneer die lampe saans aangesteek was, was daar vreugdetonele in die hof. . . .

"In die beligting van Jerusalem het die volk uitdrukking gegee aan hul hoop dat die Messias met Sy koms Sy lig oor Israel sou laat skyn. Maar vir Jesus het die toneel 'n wyer betekenis gehad. Soos die helder lampe van die tempel alles om hulle verlig het, so verlig Christus, die bron van geestelike lig, die duisternis van die wêreld. Tog was die simbool onvolmaak. Die groot lig wat Sy eie hand in die hemele geplaas het, was 'n getrouer weergawe van Sy heerlike sending.

"Dit was oggend: die son het net oor die Olyfberg opgekom, en sy strale het verblindend op die marmerpaleise geval en die goud van die tempelmure verlig toe Jesus daarna verwys en sê: 'Ek is die lig van die wêreld.' " — Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, bl. 463, 464.

Vrae vir bespreking:

❶ Bespreek julle antwoorde op Donderdag se laaste vraag in die Sabbatskoolklas. Watter uiters belangrike waarhede wat deur die Bybel geleer word kan ons nooit, selfs in beginsel, deur die wetenskap geleer word nie? Byvoorbeeld, die kruis? Of die opstanding? Of die Wederkoms? Watter ander belangrike bybelse waarhede moet aan ons openbaar word — anders sal ons nooit daarvan weet nie?

❷ Dink na oor die val van Lucifer, 'n volmaakte wese met so baie intellektuele kennis oor God en oor hoe God is. En tog, selfs met al hierdie kennis, het hy teen Hom gerebelleer. Wat vertel dit aan ons oor die werklikheid van 'n vrye keuse, dieselfde vrye keuse wat ons het — en waarom ons elke oomblik moet kies om ons wil aan God oor te gee?

Die Vader, *die* Seun, *en die* Gees

SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie: *Johannes 14:10, 24; Génesis 3:7–9; Johannes 16:27, 28; Johannes 16:7–11; Johannes 17:1–26.*

Geheueteks: " 'Maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het' " (*Johannes 14:26***).**

Die Evangelie van Johannes bestaan uit 'n mosaiek vantemas. Johannes steun op tekens (wonderwerke) om te toon dat Jesus die Messias is, soos deur die profete belowe was. Johannes gebruik 'n linie van getuienisse om Jesus as die Christus te verkondig. Hy gebruik ook die " 'EK IS' " verklarings om Jesus se goddelikheid aan te dui.

Al drie lede van die Godheid word in Johannes 1 genoem (*Johannes 1:1–4, 14, 18, 32–34*). Vir eeue lank het die mens probeer om die aard van die Godheid ten volle te verstaan, maar omdat dit nie moontlik is nie, verwerp baie die gedagte. Hoe dwaas is dit egter om iets te verwerp net omdat ons dit nie ten volle verstaan nie, of omdat dit nie by ons beperkte menslike redenasie inpas nie.

Johannes sê dat indien jy God wil verstaan, jy na Jesus moet kyk en wat in die Woord onthul word. Hierdie benadering maak 'n hele nuwe wêreld van verhoudinge oop – tussen die drie lede van die Godheid, tussen die lede van die Godheid en die mens, en tussen mense self. Hierdie week se les kyk na hoe die Evangelie van Johannes die Vader, Seun en Heilige Gees voorstel, maar binne die konteks van die vaarwelgesprek (*Johannes 13–17*).

**Bestudeer hierdie week se les ter voorbereiding vir Sabbat, 14 Desember.*

Ons hemelse Vader

Die Evangelie van Johannes is geskryf vanuit die standpunt van die algemene bybelse verhaal wat met ons oorsprong begin. “In die begin het God die hemel en die aarde geskape” (*Génesis 1:1*). Of: *In die begin het die Vader, Seun, en die Heilige Gees die hemele en die aarde geskape.* Hulle is die Bron van alles wat bestaan. Hulle het die heelal geskep, en dit sluit die wesens in wat dit bewoon. Op ons planeet het daar ‘n spesiale skepping van lewe plaasgevind, en die kroonstuk van ons planeet was die skepping van die mens. En God se doel met die mens was dat ons in liefdevolle eensgesindheid met Hom en met mekaar moes leef.

Ongelukkig het Lucifer sonde in die wêreld ingebring. Sonde, onder andere, verbrokkel ons verhouding met God. Dis ‘n wanvoorstelling oor wie God is. Dus het Jesus ons menslike natuur deelagtig geword om kennis oor God te herstel en om die mensdom te verlos.

Terwyl Hy hier was, het Jesus sy lewe aan die Vader oorgegee en volgens sy leiding geleef. Hy het gesê, “ ‘Ek en die Vader is een’ ” (*Johannes 10:30*). “ ‘. . . dat julle kan erken en glo dat die Vader in My is, en Ek in Hom’ ” (*Johannes 10:38*. “ ‘As Ek nie die werke van my Vader doen nie, moet julle My nie glo nie’ ” (*Johannes 10:37*).

Wat was [is] sommige rolle van die Vader soos dit in die volgende skrifgedeeltes beskryf word?

*Johannes 3:16, 17; Johannes 6:57*_____

_____

Johannes 5:22, 30 _____

_____

*Johannes 6:32; Johannes 14:10, 24*_____

_____

*Johannes 6:45*_____

_____

*Johannes 15:16, Johannes 16:23*_____

_____

Hierdie verse verteenwoordig die Vader in noue samewerking met sy Seun, Jesus Christus. Die Vader is intiem betrokke by ons wêreld en het baie in ons verlossing belê. Wat leer hierdie waarheid ons oor God se liefde vir ons?

Jesus en die Vader

Ons was deur die Godheid geskep om 'n persoonlike verhouding met Hom te geniet (*Génesis 1:26, 27*). Weens sonde was daardie verhouding egter radikaal ontwrig. Ons kan die onmiddellike aanslag van hierdie ontwrigting in die Tuin van Eden se verhaal sien.

Lees **Génesis 3:7–9. Hoe onthul hierdie skrifgedeelte die skeiding wat sonde veroorsaak het, en wat beteken dit dat God na hulle geroep het, en nie andersom nie?**

_____

_____

Die voorneme van die Godheid was om aan die ganse mensdom genesing te bied om die verwydering wat deur sonde veroorsaak was, te herstel, selfs al sou die hele mensdom nie almal die aanbod aanvaar het nie.

Om die herstel van hierdie verhouding tot stand te bring, het een Lid van die Godheid mens geword. "En die Woord het vlees geword en onder ons gewoon – en ons het sy heerlikheid aanskou" . . ., (*Johannes 1:14–18*). Gevolglik het die mensdom sy volheid en genade ontvang. Dit is wat Jesus kom deel het met ons, om die heerlikheid van God aan te kondig sodat die verhouding wat deur sonde verbreek was, herstel kon word, ten minste vir almal wat gewillig was om dit deur geloof te aanvaar, dit wat aan hulle in Christus aangebied was.

Watter **wonderlike hoop kan ons in hierdie verse sien?** *Johannes 1:1, 2; Johannes 5:16–18; Johannes 6:69; Johannes 10:10, 30; Johannes 20:28***.**

_____

_____

"In Christus is die lewe – die oorspronklike onontleende lewe." — Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, bl. 530. En tog het Hy as die vleesgeworde Seun wat "Homself ontledig" het (*Filippense 2:7*) van die beoefening van sy goddelike mag, na sy bestaan as mens op aarde verwys as 'n gawe van God. "Die Godheid van Christus is die gelowige se waarborg van die ewige lewe." — *Die Koning van die Eeue*, bl. 530.

God was nie deur die mensdom erken nie (*Johannes 17:25*). Daarom het Hy sy eniggebore Seun gestuur (*Johannes 9:4, Johannes 16:5*) sodat Hy, die Vader, bekend kan word.

Met verwysing na die heelal het 'n ateïs geskryf: "In ons verlatenheid, in al hierdie uitgestrektheid, is daar geen wenk dat daar vir ons hulp van êrens sal kom om ons van onsself te red nie", (*vry vertaal)*. Wat leer die Bybel ons wat aandui net hoe verkeerd hierdie man is?

_____

Om die Seun te ken is om die Vader te ken

Deur die Evangelie van Johannes beskryf die apostel hoe Jesus, die Seun, se aktiwiteite na die Vader wys. Jesus verduidelik wie die Vader is en toon wat sy verwantskap met ons wêreld is. Dit stem ooreen met Johannes 1:18 wat sê dat Jesus *Hom* verklaar het (Grieks, *exēgeomai*: om te verduidelik, te interpreteer, uiteen te sit). Oor en oor doen Jesus dit. Die woord *Vader* (*patēr*) verskyn 136 keer in Johannes en 18 keer in Johannes 1–3, wat meer as een derde van die gebruik daarvan in die hele Nuwe Testament is. Die vaarwelgesprek is een van die primêre gedeeltes in die Evangelies waar Jesus die Vader bekendstel.

Jesus was die Vader se verteenwoordiger op aarde, en Hy het gekom om, as mens, die Vader se wil te doen. Om die waarheid te sê, Jesus het gesê dat Hy in alle dinge daarna streef om die Vader se wil te soek, en nie sy eie nie (*Johannes 5:30*). Aanvanklik klink dit verwarrend, maar dit toon hoe Jesus, in sy menslike hoedanigheid, Homself totaal aan die Vader oorgegee het.

Jesus het ook gesê dat Hy deur die Vader gestuur was om die Vader se werk klaar te maak — die verlossing van die mensdom — en dat die Vader self van Hom getuig het (*Johannes 5:36–38*).

Jesus het verkondig dat die Vader Hom gestuur het as die enigste een deur wie die mensdom na die Vader kan kom (*Johannes 6:40, 44*). Die Vader wil hê dat mense die ewige lewe moet ontvang deur wat in Jesus gevind word, en wat belowe om hulle in die laaste dag op te wek.

Wat leer die volgende teksverse ons oor Jesus en die Vader se verhouding? *Johannes 7:16; Johannes 8:38; Johannes 14:10, 23; Johannes 15:1, 9, 10; Johannes 16:27, 28; Johannes 17:3.*

_____

_____

_____

Jesus se aansprake op sy verwantskap met die Vader is verbasend. Hy maak daarop aanspraak dat al sy leringe die leringe van die Vader is; dat alles wat Hy sê Hy persoonlik van die Vader gehoor het; dat deur in Hom te glo dieselfde is as om in die Vader te glo; dat beide sy woorde en sy werke van die Vader af kom; en dat Hy en die Vader een is in hulle liefde en werk vir die verlossing van die mensdom. Wat ‘n kragtige getuienis oor hoe naby Jesus aan sy Vader in die hemel is!

Hoe sal jou lewe verander as jou gedagtes en handelinge God se wil vir jou lewe ten volle weerspieël? Dit wil sê, hoe kan ons dit wat ons deur Jesus oor God se wil weet, beter uitleef?

_____

Die Heilige Gees

Die Heilige Gees is nie so prominent in die Evangelie van Johannes as wat die Vader en die Seun is nie. En tog is sy rol uiters belangrik vir Jesus se sending om suksesvol te wees.

Lees **Johannes 1:10–13. Wat leer hierdie vers ons oor die belangrikheid van die Heilige Gees se rol wat bekering betref?**

_____

_____

_____

In die eerste hoofstuk van Johannes kan ons sien net hoe vernaam die rol van die Heilige Gees is. Johannes vertel ons dat almal wat sy Woord aanvaar het, d.w.s., almal wat in Hom geglo het, kinders van God geword het, hulle "wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is", (*Johannes 1:13*). Dit kan net deur die werk van die Heilige Gees plaasvind.

Wat **vertel die volgende skrifgedeeltes oor die aktiwiteite van die Heilige Gees?** *Johannes 3:5–8, Johannes 6:63, Johannes 14:26, Johannes 15:26, Johannes 16:7–11*.

_____

_____

_____

"Deur die werk van die Heilige Gees aan Sy dissipels te beskryf, wou Jesus hulle met dieselfde vreugde en hoop besiel wat Sy eie hart besiel het. Hy het Hom verheug oor die oorvloedige hulp wat Hy vir Sy kerk verskaf het. Die Heilige Gees was die hoogste van alle gawes wat Hy die Vader kon afvra vir die verheffing van Sy kinders. Die Gees sou gegee word as 'n vernuwende krag, en hiersonder sou die soendood van Christus tot niks kon gelei het nie. Die bose magte het eeue lank opgebou, en die onderwerping van die mens aan hierdie sataniese gevangenskap was verbysterend. Die sonde kan alleenlik deur die magtige werking van die Derde Persoon van die Godheid weerstaan en oorwin word, want Hy sou nie in beperkte mate kom nie, maar in die volheid van die Goddelike krag." — Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, bl. 671.

Wat 'n seën dan om die Heilige Gees te ontvang, wat bevestig dat God waaragtig is (*Johannes 3:33*). Dit is die Gees wat ons van sonde oortuig, van geregtigheid, en van oordeel (*Johannes 16:8–11*). Daarom, is dít die Persoon wat ons help om te weet wat reg is, wat waar is, wat goed is, wat ons help om ons verstand en ons lewensondervindinge aan die Woord van God te onderwerp deur die oorredende en oortuigende krag van die Heilige Gees.

Die gebed van Jesus

Johannes 17 word soms die hoëpriesterlike gebed van Jesus genoem. Dit sluit die vaarwelgesprek af. Jesus het na hierdie aarde gekom sodat die mensdom uiteindelik tot die oorspronklike persoonlike verhouding met God herstel kon word. Hy het getrou die tekens wat God Hom gegee het, gedoen. Met woorde en dade het Hy God met die mense in aanraking gebring.

Jesus sou binnekort hierdie aarde verlaat. Hy het begeer om nog ‘n keer sy liefde met sy dissipels te deel. Hy wou hê dat hulle die intieme verhouding tussen Homself, die Vader en die Heilige Gees sou verstaan. En Hy wou gehad het dat hulle dieselfde persoonlike verhouding met God die Vader en die Heilige Gees sou beleef, soos Hy dit ondervind het.

Lees **Johannes 17:1–26. Watter woorde of frases in hierdie hoofstuk dui Jesus se begeerte vir ‘n innige verhouding van liefde tussen Hom, die Vader en sy dissipels aan?**

_____

_____

_____

Baie mense lees Johannes 17 met die gedagte dat die enigste ding wat saak maak eenheid en liefde is. Daar is geen twyfel nie dat God se doel is om ons tot ‘n persoonlike verhouding met Hom en met alle mense te bring. Maar ‘n versigtiger benadering dui aan dat daar ‘n kragtiger verbinding tussen liefde en waarheid moet wees.

“ ‘En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God . . .’ ”, (*Johannes 17:3*), nie soos ons dink God moet wees nie. “ ‘Ek het u Naam geopenbaar aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het, . . . en hulle het u woord bewaar . . . en waarlik erken dat Ek van U uitgegaan het’ ”, (*Johannes 17:6, 8*). “ ‘Heilig hulle in u waarheid, u woord is die waarheid’ ” (*Johannes 17:17*).

Christus het gekom om die Vader te openbaar. Hierdie openbaring was belangrik omdat daar baie dwaalbegrippe oor God was. Die Evangelie van Johannes toon hoe ernstig Jesus hierdie sending opgeneem het. Hy het God se Woord en handelinge reg verteenwoordig. Indien waarheid nie saak maak nie, waarom so ver gaan om dit te bewys?

Jesus het ‘n baie moeilike lewe gehad net om uiteindelik deur die godsdienstige leiers verwerp te word. Hy het gely as gevolg van mense en selfs van sy eie dissipels se belangeloosheid. Een van sy dissipels het hom verraai, ‘n ander een het Hom drie maal verloën. Hy het ‘n genadelose verhoor verduur en het op die kruis gesterf deur die einste mense wat Hy kom red het.

Hoe kan jy die liefde van God soos wat dit tussen Jesus en die Vader bestaan het, in jou eie lewe beter weerspieël?

_____

Vir verdere studie: Lees Ellen G. White, " 'Laat Julle Hart Nie Ontsteld Word Nie,' " bl. 662-680, in *Die Koning van die Eeue*; "Additional Note on [John] Chapter 1," *The SDA Bible Commentary*, vol. 5, bl. 911–919.

Toe hulle probeer vasstel het wie Jesus was, het sy opponente Hom volgens menslike standaarde geoordeel, " 'volgens die vlees' " (*Johannes 8:15*). Dit is heelwaarskynlik erger as om te "oordeel volgens wat julle sien" (*Johannes 7:24*). Hier het hulle hul toevlug tot vleeslike standaarde geneem, tot die gevalle mensdom in 'n gevalle wêreld, sonder die duidelike beheer van die Gees (*lees Johannes 3:3–7*). Hulle het sy "vlees" gesien soos dit was, maar nooit die moontlikheid oorweeg dat Hy die Woord wat vlees geword het, kon wees nie (*Johannes 1:14*). Om Christus met so 'n beperkte stel kriteria op te weeg, was om Hom vanuit 'n wêreldse oogpunt te beoordeel (*II Korinthiërs 5:16*).

"Die Trooster word 'die Gees van die waarheid' genoem. Sy werk is om die waarheid te omskryf en te handhaaf. Hy woon eers in die hart as die Gees van die waarheid, en word só die Trooster. Daar is vertroosting en vrede in die waarheid, maar geen ware vrede of troos is in valsheid te vind nie. Dit is deur valse teorieë en oorlewerings dat die Satan die verstand onder sy beheer kry. Deur valse standaarde aan mense voor te hou, misvorm hy die karakter. Deur die Skrif praat die Heilige Gees tot die verstand en lê Hy die waarheid op die hart. So stel Hy dwaalleer aan die kaak en verban Hy dit uit die siel. Dit is deur die Gees van die waarheid wat deur die Woord van God werk, dat Christus Sy uitverkorenes aan Homself onderwerp." — Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, bl. 671.

Vrae vir bespreking:

❶ **Die ewige lewe is om God te ken (*Johannes 17:3*). Wat beteken dit om God te ken teenoor om net van sekere feite oor Hom te weet, d.w.s., dat Hy magtig is, of liefdevol, of 'n God van geregtigheid? Indien iemand jou sou vra, "Ken jy God?", wat sou jy sê? Hoe pas Jesus in jou antwoord in?**

❷ **In praktiese daaglikse terme, wat word deur Jesus se woorde "u woord is die waarheid", geïmpliseer? (*Johannes 17:17*)**

❸ **Jesus het gebid, " 'Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose bewaar' " (*Johannes 17:15*). Hoe werk ons eie keuses in op hoe goed hierdie gebed in ons lewens beantwoord kan word?**

Die uur van verheerliking: die Kruis *en* die Opstanding

SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:
Johannes 18:33–19:5; Johannes 19:17–22; Johannes 19:25–27; Lukas 2:34, 35; Johannes 20:1–18; I Korinthiërs 15:12–20.

Geheueteks: **"Pilatus sê toe vir Hom: 'Is U dan tog 'n koning?' Jesus antwoord, 'U sê dat Ek 'n koning is. Hiervoor is Ek gebore en hiervoor het Ek in die wêreld gekom, om vir die waarheid te getuig. Elkeen wat uit die waarheid is, luister na my stem.' "** (*Johannes 18:37*)

Jesus se kruisiging en opstanding vorm die klimaks vandie Evangelie van Johannes. Die eerste tien hoofstukke dek ongeveer 'n periode van drie en 'n half jaar; in teenstelling daarmee dek hoofstukke 11 tot 20 ongeveer een tot twee weke.

Die vier Evangelies beskryf die dood van Jesus op verskillende maniere. Alhoewel die beskrywings verenigbaar is, beklemtoon elke outeur daardie hoofpunte wat veral by die temas van sý Evangelie pas. Matthéüs beklemtoon die vervulling van die Skrif; Markus beklemtoon die ooreenkomste tussen die doop van Jesus en die kruis; en Lukas fokus op die kruis wat genesing bring en red (die verhaal van die dief aan die kruis).

Maar Johannes beskryf die kruis as die troonbestyging van Jesus, wat veral aan die gedagte van *die uur* gekoppel word, en wat verskeie kere, dwarsdeur die boek, na verwys word (*Johannes 7:30, Johannes 8:20, Johannes 12:27*). Hierdie gedagte van troonbestyging skep 'n ironiese prentjie aangesien om gekruisig te word die mees veragtelike en skandelike manier was wat die Romeine kon gebruik het om iemand dood te maak. Hierdie kontras wys na 'n innige ironiese afbeelding soos dit deur Johannes aangebied word: Jesus sterf 'n skandelike dood, maar terselfdertyd is dit ook sy glorieryke troonbestyging as die Verlosser.

**Bestudeer hierdie week se les ter voorbereiding vir Sabbat, 21 Desember.*

Wat is waarheid?

In Johannes 18:28–32 word die verhoor van Jesus nie in besonderhede beskryf nie. Die fokus is eerder op Jesus wat voor Pontius Pilatus verskyn.

Lees **Johannes 18:33–38. Waaroor het Pilatus en Jesus gepraat?**

_____

_____

_____

Die goewerneur het vir Jesus gevra of Hy die koning van die Jode is (*Johannes 18:33*). Hierdie was die eerste verwysing na hierdie titel, maar nie die laaste nie. Jesus vra toe vir Pilatus of dit hy is wat vra, of het die ander mense gesê dat Hy die "Koning van die Jode" is? Sy vraag het die bordjies vir die goewerneur verhang deurdat daar aan hom gevra was of hy verstaan het met wie hy praat. Die leser weet reeds dat Jesus die Koning is. Gaan die goewerneur dit toegee?

Pilatus reageer toe daarop met sy eie vraag: " 'Is ek dan 'n Jood? U volk en die owerpriesters het U aan my oorgelewer. Wat het U gedoen?' " (*Johannes 18:35*). Dit was 'n ontwykende antwoord gegrond op sy ergernis oor die verleentheid wat Jesus se vraag vir hom geskep het. Dit was die goewerneur se eerste stap om van die waarheid af weg te beweeg deur toe te laat dat vooroordeel sy waarneming blokkeer.

Jesus het gereageer dat sy koninkryk nie van hierdie wêreld is nie (*Johannes 18:36*). Pilatus het toe begryp en afgelei dat Jesus daarop aanspraak maak om 'n koning te wees (*Johannes 18:37*). Dit het gelei tot Jesus se belangrike verduideliking dat Hy gebore was om van die waarheid te getuig en dat elkeen wat " 'uit die waarheid is, [na sy stem] luister' ", (*Johannes 18:37*).

Pilatus vra toe, " 'Wat is waarheid?' " (*Johannes 18:38*). Maar hy wag nie op die antwoord nie. In plaas daarvan stap hy na buite om te probeer om Jesus van die skare te red.

Waarheid is 'n tema in Johannes se Evangelie. As die ewige Woord (*logos, Johannes 1:1–5*), is Jesus die Lig en die Waarheid. Dit vorm 'n kontras met duisternis en dwaling. Hy is vol van genade en waarheid (*Johannes 1:14*). Genade en waarheid het deur Hom gekom (*Johannes 1:17*). Johannes die Doper het vir die waarheid getuig (*Johannes 5:33*). Jesus het bevestig dat sy Vader "waaragtig" is (*Johannes 7:28*). Jesus het self die waarheid van sy Vader gehoor (*Johannes 8:40*). Jesus is self "die weg en die waarheid en die lewe" (*Johannes 14:6*). Die Woord van God is "waarheid" (*Johannes 17:17*). Ten spyte van sy vraag het Pilatus sy geleentheid om die waarheid te ontvang, weens sy vooroordeel, sy eerste besluite en die druk wat op Hom toegepas was, ontbeer.

Hoe verstaan jy die gedagte van Jesus as die Waarheid?

_____

_____

Dáár is die Mens!

Lees **Johannes 18:38–19:5. Hoe het Pilatus probeer om die Jode te oorreed om vir Jesus se vrylating te vra?**

_____

_____

Pilatus het nie gewag dat Jesus hom antwoord toe hy Hom gevra het wat waarheid is nie. In plaas daarvan het hy na buite gegaan om te probeer om die skare te oorreed. Deur met hulle te redeneer in plaas daarvan om Jesus net te laat gaan, het hy homself benadeel. Die godsdienstige leiers het agtergekom dat hulle die goewerneur d.m.v. die skare kon manipuleer.

Pilatus verwys toe die skare na 'n gewoonte van die Jode dat 'n gevangene vrygelaat word tydens die Paasfees, en vra of hy vir hulle "die Koning van die Jode" moet loslaat? Verbasend en nogal ironies, vra die skare toe vir die vrystelling van 'n rower met die naam van Barábbas, liewer as die onskuldige Jesus.

Toe begin die bespotting van en beledigings teen Jesus. Die Romeinse soldate het 'n kroon van dorings gevleg, 'n purper kleed oor Hom gewerp, en nader na Hom gekom en Hom spottend begroet as koning van die Jode. Hierdie soort begroeting deur die soldate was soos hulle die keiser begroet, maar hier was dit spottend gedoen.

Deur op die gevoelens van die mense te werk, het Pilatus probeer om Jesus vry te laat. Hy het Jesus toe buitentoe gebring terwyl Hy die kroon van dorings en die purper kleed dra. Die toneel wat nie eintlik deur Johannes breedvoerig beskryf word nie, toon Jesus wat spottenderwys beklee word en die goewerneur wat die mense toeroep, " 'Dáár is die mens!' " (*Johannes 19:5*). Dit herinner die leser aan Johannes die Doper se woorde in Johannes 1:29, " 'Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!' " Dit is ironies dat die heidense goewerneur die Messias in hierdie koninklike drag aan Israel voorgestel het.

Volgens Johannes 19:6–16 roep die skare egter uit dat Jesus gekruisig moet word, omdat Hy glo Homself die Seun van God genoem het. Dit maak Pilatus bang en hy probeer al hoe harder om Jesus los te laat. Maar die leiers verseël Jesus se lot deur te beweer dat om Hom los te laat, Pilatus homself teen die keiser sou verset. Hulle het geweet dat Pilatus se lojaliteit teenoor die keiser hom sou dwing om iemand wat homself dieselfde rang toe-eien, nie los te laat nie. Die leiers sê toe dat hulle geen koning behalwe die keiser het nie. Hulle diep haat vir Jesus was dus groter as hulle nasionale strewes. Om van Jesus ontslae te raak, was hulle gewillig om hulle aansprake op nasionale selfstandigheid op te offer.

Hoe vreesaanjaend — 'n heidense heerser wil Jesus loslaat terwyl die geestelike leiers van die nasie wat Hom moes erken, Hom liewer gekruisig wou sien! Watter lesse kan ons vir onsself hieruit leer?

_____

" 'Dit is volbring' "

Soos Johannes 19:17–22 toon, het Pilatus 'n opskrif in Latyn, Grieks en Hebreeus geskryf wat gelees het, " 'JESUS, DIE NASARÉNER, DIE KONING VAN DIE JODE' " (*Johannes 19:19*). Die godsdienstige leiers wou gehad het dat dit verander moes word. Pilatus het geweier, en die opskrif het onveranderd gebly, 'n stille getuie van die waarheid oor Jesus en ook een van die tekens dat Jesus op die kruis as Koning op die troon geplaas was. Hier het Jesus, hulle ware Koning, die Koning van die Jode, op die kruis soos 'n gewone misdadiger gehang.

" 'n Hoër mag as Pilatus of die Jode het gesorg vir daardie opskrif bokant Jesus se hoof. In die voorsienigheid van God sou dit die gedagte prikkel en lei tot 'n ondersoek van die Skrifte." — Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, bl. 745.

Lees **Johannes 19:25–27. Watter hartroerende toneel m.b.t. Jesus se moeder, het by die kruis plaasgevind?**

_____

_____

Tussen hulle wat by die voet van die kruis daardie dag gestaan het, was Johannes, die geliefde dissipel saam met Maria, die moeder van Jesus, en nog andere. Baie jare voor hierdie gebeurtenis het Símeon juis hierdie ondervinding voorspel toe Josef en Maria Jesus na die tempel gebring het om Hom toe te wy (*vergelyk Lukas 2:34, 35*). Nou in sy sterwensoomblikke, praat Jesus met sy moeder, " 'Vrou dáár is u seun!' ", en aan Johannes sê Hy, " 'Dáár is jou moeder!' " (*Johannes 19:26, 27*).

Lees **Johannes 19:28–30. Wat is die betekenis van Jesus se sterwenswoorde, "Dit is volbring"?**

_____

_____

Die Griekse werkwoord *teleō* (om klaar te maak, te voltooi, uit te voer) in vers 28 ("dat alles al volbring was"), is dieselfde werkwoord wat in vers 30 gebruik word ("Dit is volbring"). Verder verskyn daar ook 'n verwante woord, *teleioō* (om klaar te maak, perfek te maak) in vers 28 m.b.t. die vervulling van die Skrif ("sodat die Skrif vervul sou word"). Hoe verskriklik die toneel ook al was, alles was vervul, uitgevoer, voltooi.

Toe Jesus gesê het, "Dit is volbring!", het Hy die werk wat die Vader Hom gegee het om te doen, klaargemaak, voltooi.

Wat beteken Jesus se woorde, "Dit is volbring", vir elkeen van ons? Wat was volbring, en hoe is dit op ons lewens van toepassing?

Die leë graf

Lees **Johannes 20:1–7. Wat is vir ons belangrik wat in hierdie verse uitgebeeld word?**

_____

_____

_____

Jesus het laat Vrydagmiddag gesterf en het vroeg Sondagoggend opgestaan. Omdat dit tyd was vir die Sabbat om te begin toe Hy begrawe was (*Johannes 19:42*), was die teraardebestelling haastig gedoen maar nie afgehandel nie. Hoe lief sy volgelinge ook al vir Jesus was, het hulle die Sabbat gehou en nie na die graf toe gegaan nie (*vergelyk met Markus 16:1, Lukas 23:56*). Na die Sabbat het 'n aantal vroue speserye na die graf gebring op Sondagoggend. Hulle was geskok, want die steen was weggerol en die graf was leeg.

Maria Magdaléna was een van hulle wat vroeg na die graf gegaan het. Sy het toe gehardloop om vir Petrus en Johannes te gaan vertel wat sy gesien het. Die twee manne het toe daarheen gehardloop. Johannes het vinniger as Petrus gehardloop en het eerste gearriveer. Toe hy by die graf neerbuk en binne kyk, sien hy die linne doeke daar opgevou lê. Maar hy het nie ingegaan nie.

Petrus het egter in die graf ingegaan en die linne doeke daar sien lê. Hy het ook die gesigdoek gesien, maar dit was nie saam met die res van die doeke nie. Dit was opgerol op een plek afsonderlik.

Lees **Johannes 20:8–10. Wat was die betekenis van die opgevoude gesigdoek?**

_____

_____

_____

Nadat Petrus die graf binnegegaan het, het Johannes ook ingegaan. Johannes 20:8 sê dat hy ingegaan het, gesien het, en geglo het. Waarom sou die sien van die grafdoeke en die opgevoude gesigdoek wat afsonderlik gelê het Johannes daartoe gelei het om te glo dat Jesus uit die dode opgestaan het?

Om hierdie vraag te beantwoord, is dit nodig om te peins oor waarom die graf in die eerste plek leeg sou gewees het. Die mees tipiese antwoord sou wees, as gevolg van grafskenders. Maar hierdie verduideliking misluk weens drie redes. Eerstens, Matthéüs vertel dat die graf bewaak was (*Matthéüs 27:62–66*), wat grafskending onwaarskynlik gemaak het. Tweedens, grafskenders steel gewoonlik kosbaarhede, nie liggame wat besig is om te verrot nie. Derdens, grafskenders is gewoonlik haastig en vou nie grafdoeke op nie. Geen wonder nie dat toe Johannes die gesigdoek gesien het, hy geglo het dat Jesus uit die dood opgestaan het.

Jesus en Maria

Lees **Johannes 20:11–13. Wat het hier gebeur wat toon hoekom Maria Magdaléna steeds nie die betekenis van die leë graf verstaan het nie?**

_____

_____

_____

Die vorige verwysing na Maria in die vers voor hierdie een is waar sy vir Petrus en Johannes vertel van die leë graf (*Johannes 20:2*). Hulle het toe na die graf gehardloop, en sy het so bietjie later ook na die graf teruggekeer. Nadat Petrus en Johannes die graf ondersoek het, het hulle weggegaan. Maar Maria het teruggekeer en huilende daar vertoef. Daar is geen twyfel nie dat sy gedurende die laaste paar dae reeds baie gehuil het. En nou gebeur dít ook nog? Al bukkend het sy na binne gekyk.

Tot haar verbasing het daar twee engele in wit geklee in die graf gesit waar Jesus se liggaam moes gelê het. Hulle vra haar toe, " 'Vrou, waarom ween jy?' " (*Johannes 20:13*). Haar hartseer antwoord was dat hulle haar Heer weggeneem het en dat sy nie weet waar hulle Hom neergelê het nie.

Lees **Johannes 20:14–18. Wat het toe gebeur wat alles vir Maria verander het?**

_____

_____

Deur haar betraande oë het Maria omgedraai en iemand agter haar sien staan. Met woorde wat dieselfde geklink het as die engele s'n, het die Vreemdeling gevra, " 'Vrou, waarom ween jy? Wie soek jy?' " (*Johannes 20:15*). Sy het toe gedink dat sy met die tuinier praat en sy hulp gevra om die liggaam van Jesus te vind.

Die Vreemdeling sê toe een woord, "Maria!", 'n Een- woord openbaring wat die wêreld verander het. Skielik het die verbaasde Maria die verrese Jesus wat met haar praat, ge-eien en dadelik erken dat dit Hy is. Jesus dring toe daarop aan dat sy Hom nie moet aanraak nie omdat Hy nog nie na sy Vader opgevaar het nie. Maar sê toe vir haar dat sy die dissipels moet gaan vertel dat Hy " 'na my Vader en julle Vader, en my God en julle God,' " opvaar (*Johannes 20:17*). Maria het dadelik haar sending voltooi. Sy het die dissipels gaan vertel dat sy die Here gesien het en ook die res van die besonderhede wat Hy met haar gedeel het aan hulle meegedeel (*Johannes 20:18*).

Lees I Korinthiërs 15:12–20. Volgens Paulus, wat baat ons Christelike geloof ons as Christus nie uit die dood opgewek was nie?

_____

Vir verdere studie: Lees Ellen G. White, " 'Dit Is Volbring,' " bl. 758–764; " 'Die Here Het Opgestaan,' " bl. 779–787; en " 'Waarom Ween Jy?' " bl. 788–794, in *Die Koning van die Eeue*. Lees ook, Clifford Goldstein, *Risen: Finding Hope in the Empty Tomb* (Nampa, ID: Pacific Press, 2020).

"Pilatus wou Jesus graag loslaat, maar het besef dat hy dit nie sou kon doen en nog sy eie posisie en eer handhaaf nie. Hy het verkies om liewer 'n onskuldige lewe op te offer as om sy wêreldse mag te verloor. Hoe offer vele nie so hulle beginsels op om verlies of lyding te ontkom nie. Plig en gewete dui een rigting aan, maar selfbelang 'n ander. Die stroom loop sterk in die verkeerde rigting, en hy wat 'n ooreenkoms met die Bose soek, word weggevoer in die digte duisternis van skuld." — Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, bl. 738.

"Christus het Sy lewe nie neergelê voordat Hy die werk wat Hy kom doen het, volbring het nie, en met Sy laaste asem kon Hy uitroep: "Dit is volbring" (Johannes 19:30). Die stryd was volstry. Sy regterhand en Sy heilige arm het Hom die oorwinning besorg. As Oorwinnaar het Hy Sy banier op die ewige hoogtes geplant. Was daar nie vreugde onder die engele nie! Die ganse hemel het getriomfeer in die Heiland se oorwinning. Die Satan is verslaan, en hy wis dat sy koninkryk verlore is.

"Vir die engele en die sondelose wêreld was die roep: "Dit is volbring", betekenisvol. Dit was sowel vir hulle as vir ons dat die groot verlossingswerk voltooi was. Saam met ons deel hulle in die vrugte van Christus se oorwinning." — Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, bl. 758.

Vrae vir bespreking:

❶ Watter besluitnemingsprosesse kan jou help om te voorkom om die soort fout te maak wat Pilatus gemaak het?

❷ Waarom moes Jesus in ons plek gesterf het? Waarom moes Hy ons Plaasvervanger wees? Waarom was sy dood nodig vir ons verlossing? Watter Skrifgedeeltes steun jou antwoord?

❸ Wat is die verwantskap tussen Skriftuurlike bewys en historiese bewys wanneer geloof in Jesus se opstanding ter sprake kom? Dit wil sê, wat is die historiese bewys wat Jesus se opstanding kragtig bevestig?

❹ Dink na oor I Korinthiërs 15:12–20. Hoe verstaan 'n mens die gedagte dat, sonder Christus se opstanding "ook die wat in Christus ontslaap het, verlore" is (*I Korinthiërs 15:18***), as hulle wat "in Christus ontslaap" onmiddellik hemel toe gaan? Hoe bevestig Paulus se woorde hier die waarheid dat die dode slaap tot die opstanding wanneer Christus weer kom?**

Epiloog: om Jesus *en* sy Woord te ken

SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie: *Johannes 21; Johannes 11:9, 10; Johannes 8:42–44; Johannes 4:46–54; II Timótheüs 3:16; Johannes 15:1–11.*

Geheueteks: " 'Julle ondersoek die Skrifte, omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het; en dit is dié wat van My getuig' " (*Johannes 5:39***).**

Johannes se Evangelie, net soos Markus s'n, eindig met 'n samekoms in Galiléa. Hierdie laaste les oor Johannes gaan oor hierdie vergadering, maar skakel ook in by die tema van hoe ons Jesus en die Woord van God ken — 'n konsep wat dwarsdeur die vierde Evangelie gevind word.

Hoewel hulle vir meer as drie jaar saam met Jesus was, was die dissipels nog grootliks vir die kruisiging en die opstanding onvoorbereid, selfs al het Jesus hulle oor en oor vertel wat sou gebeur.

Ongelukkig het hulle Hom nie ernstig opgeneem nie.

Dit kan ook nou met ons die geval wees: ons hoor of lees die Woord van God, maar ons luister nie mooi nie; bly nie daarby nie; en gehoorsaam dit nie. Dit wil sê, ons aanvaar dit nie as die lig wat ons gedagtes en handelinge moet lei nie. Dit is ongelukkig, dalk onbedoeld, die geval met baie Christene.

In hierdie les, ons laaste les in Johannes, gaan ons na sommige van hierdie Evangelie se belangrikste temas kyk, wat ons kan help om meer as net kopkennis van Jesus te bekom om sodoende Hom beter en van naderby te leer ken en in Hom en in sy Woord te bly.

**Bestudeer hierdie week se les ter voorbereiding vir Sabbat, 28 Desember.*

Die samekoms in Galiléa

Lees **Johannes 21:1–19. Watter uiters belangrike waarhede word hier onthul, veral wat God se genade betref – en menslike nederigheid?**

_____

_____

Johannes 20 eindig met die doel van die Evangelie, wat logies sou wees om mee af te sluit, maar dan volg nog een hoofstuk. Hoofstuk 21 begin waar sommige van die dissipels terug in Galiléa is, en met Petrus wat voorstel dat hulle 'n nag op die meer moet deurbring. Dit kom voor asof die ou dae weer aangebreek het, en die dissipels weer besig is met hulle ou bedryf, om vis te vang. Maar hulle vang niks daardie nag nie.

Vroeg die oggend sê 'n misterieuse vreemdeling op die strand vir hulle om hulle net aan die regterkant van die bootjie in te gooi. Toe vang hulle so baie visse dat hulle nie in staat is om die net in te trek nie. Dit was soos aan die begin van hulle bediening saam met Jesus (*lees Lukas 5:1–11*). Johannes herken Jesus en sê dit aan Petrus wat onmiddellik in die water spring en land toe swem.

Jesus vra vir Petrus drie vrae oor sy liefde vir sy Meester. Voor die kruisiging het Petrus daarop aangedring dat hy sy lewe vir Jesus sou aflê (*Johannes 13:37*). Dit is toe dat Jesus sy drievoudige verloëning voorspel het (*Johannes 13:38*). By hierdie ontmoeting in Galiléa, verwys Petrus nie na homself nie, maar eerder na Jesus: " 'Here, U weet alles, U weet dat ek U liefhet' " (*Johannes 21:17*).

Sommige let op dat Jesus die werkwoord *agapaō* gebruik, wat beteken om lief te hê, terwyl hy Petrus ondervra (behalwe die laaste keer), en dat Petrus elke keer reageer met *phileō*, wat beteken om lief te hê, maar net as 'n vriend. Die implikasie is dat Petrus nog nie die dieper liefde bereik het nie.

Maar eintlik is Petrus se reaksie op nederigheid gefokus. Met Petrus se vorige mislukking gedurig in sy geheue, gebruik hy waarskynlik liewer 'n "geringer term", omdat hy nie wil waag om te veel vir homself toe te eien nie. En dit is hierdie nederigheid wat Jesus bekragtig, en wat uiters belangrik is vir Petrus se toekomstige bediening. Daar is geen twyfel nie, nederigheid is een van die hoogste kwalifikasies vir die bediening, want die fokus is dan op Jesus Christus, en nie op self nie.

Petrus se herstel en sy rol as leier in die vroeë kerk is een van die sterkste bewyse dat Jesus uit die dood opgestaan het. Dit sou moeilik gewees het om Petrus se leierskap te verduidelik as Jesus hom nie tot die bediening herstel het in die teenwoordigheid van die ander dissipels nie.

Waarom is nederigheid so belangrik vir enigeen wat graag die Here wil leer ken? In die lig van die kruis, wat het enigeen van ons om op trots te wees?

_____

Om jou oë op Jesus gerig te hou

Lees **Johannes 21:20–22. Watter vraag van Petrus het hom op 'n verkeerde spoor gelei? Hoe het Jesus hom geantwoord om hom reg te help?**

_____

_____

_____

Jesus het so pas vir Petrus tot die bediening herstel en toe vir hom gesê, "Volg My" (*Johannes 21:19*). Dit was heelwaarskynlik 'n uitnodiging aan Petrus om Jesus op die strand te volg. En dit is hoekom Petrus, toe hy omdraai en sien hoe Johannes ook vir Jesus volg, vir Jesus vra, " 'Here, maar wat van hom?' " (*Johannes 21:21*).

Toe Hy Petrus tot die bediening herstel het, het Jesus voorspel hoe Petrus sou sterf (*Johannes 21:18*). Dit wil voorkom asof Petrus toe ook oor Johannes se dood gewonder het. Maar Jesus het Petrus se aandag daarop gevestig om Hom te volg, en om hom nie oor een van die ander dissipels te bekommer nie.

Lees **Johannes 21:23–25. Hoe was Jesus se verklaring verkeerd verstaan? Hoe het die apostel Johannes dit reggestel?**

_____

_____

_____

Die broeders het verkeerd verstaan wat Jesus bedoel het toe Hy gesê het, " 'As Ek wil hê dat hy bly totdat Ek kom, wat gaan dit jou aan? Volg jy My!' " (*Johannes 21:22*). Hulle het gedink dat dit beteken het dat Jesus sou terugkom voordat Johannes sou doodgaan. Soos die tyd verbygegaan het en Johannes ouer geword het, sou 'n krisis ontstaan het as hy sou doodgaan (wat natuurlik gebeur het) en Jesus nog nie teruggekom het nie. Johannes stel hierdie misverstand reg deur aan te dui dat Jesus na sy eie wil verwys het, en nie geprofeteer het oor wat in die toekoms sou gebeur nie.

Die gedagte om op Jesus te fokus, in plaas van op ander mense, is 'n kragtige leidraad vir die res van hierdie week se les. Jesus en Jesus alleen is ons Verlosser. Dis onvermydelik dat mense jou sal teleurstel, miskien jou selfs seer sal maak.

Die waarhede wat Dinsdag tot Donderdag gedek word, sal by die tema om die Woord van God te verstaan, aansluit, met die doel om Jesus te ken en Hom te volg, want Hy alleen moet ons Meester en Gids wees — afgesien van die hulp, raad en leiding wat ander mense ons mag gee.

Hoe dikwels het ander mense na wie jy dalk opgesien het, jou teleurgestel? Watter lesse, hoe moeilik ook al, het jy uit daardie ondervinding geleer?

Lig en duisternis

Lees **Johannes 1:4–10; Johannes 3:19–21; Johannes 5:35; Johannes 8:12; Johannes 9:5; Johannes 11:9, 10 en Johannes 12:35. Watter groot kontras word hier gevind, en waarom vorm hierdie kontras so 'n grondslag vir die onderbeklemtoning van die waarheid?**

_____

_____

Die wêreld is in duisternis; dit ontwyk die lig en kan nie op sy eie die weg na die ware God vind nie, die persoonlike God van die skepping wat openbaar en red.

"Nooit kan die mens vanself 'n kennis van die hemelse opdoen nie. 'Hoogtes van die hemel is dit – wat kan jy doen? Dieper as die doderyk – wat kan jy weet?' Job 11:8. Net die gees van aanneming kan die diep dinge van God aan ons openbaar, wat 'die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het. . . . Maar God het dit aan ons deur sy Gees geopenbaar . . .' " – Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, bl. 412.

Net Jesus Christus "wat in die boesem van die Vader is, dié het Hom verklaar" (*Johannes 1:18*). Die Griekse werkwoord is *exēgeomai*, wat beteken "om te interpreteer", "te verduidelik", "uiteen te sit". Johannes stel Jesus as die hemelse boodskapper, die Een wat verduidelik wat dit beteken om God te ken. Net deur Jesus kan ons God waarlik ken.

Lees **Johannes 8:42–44. Hoe beskryf Jesus die valse grondslag waarop die godsdienstige leiers van Israel hulle geloof gegrond het?**

_____

_____

Hulle wat nie in die waarheid is nie praat vanuit hulle eie bronne. Hulle "sien" die betekenis van 'n teksvers vanuit 'n menslike perspektief. In teenstelling daarmee moet ons aanvaar dat Christus die lig van die wêreld is en Hom volg wanneer ons sy Woord interpreteer. Daarteenoor praat die duiwel vanuit "sy eie bronne" (*Johannes 8:44*). As ons nie versigtig is nie en nie ten volle aan God in geloof en gehoorsaamheid oorgegee is nie, loop ons gevaar om dieselfde te doen: die teksvers te lees gegrond op ons eie begeertes, dit wat ons wil hê, volgens ons eie insigte, wat baie makliker is as wat ons mag besef.

Hoe reageer jy op waarhede wat "op jou tone trap", teenoor hoe jy op daardie waarhede behoort te reageer?

_____

Teologie van "Bo" of van "benede"

Lees **Johannes 4:46–54. Watter probleem het die koninklike beampte na Jesus gebring, en wat was die werklike onderliggende saak hier?**

_____

_____

Hierdie man het na Jesus, die Lig van die wêreld, gekom, maar hy het reeds besluit om net te glo as Jesus sy kind sou gesond maak. Ons kan sê dat hierdie man se teologie 'n "teologie van benede" was. Teologie van benede stel reëls op en bepaal standaarde vir God en sy Woord. Menslike idees, so foutief en beperk en subjektief as wat dit kan wees, word die finale outoriteit van hoe mense die Woord van God interpreteer. Wat 'n gevaarlike slagyster om in te trap!

In teenstelling daarmee reageer Teologie "van Bo" eerste met geloof in God en sy Woord (*Johannes 4:48; Johannes 6:14, 15; II Timótheüs 3:16*). Wanneer die Bybel deur geloof aanvaar word, word dit self die interpreteerder. Die wêreldbeskouing van die Skrif, eerder as die filosofie van die hede, is die gids om die Skrif te verstaan en te interpreteer. Menslike sienings moet onderhewig en ondergeskik wees aan die Woord van God, en nie andersom nie.

Ons moet die woorde van die Skrif glo as ons die woorde van Jesus sou glo (*Johannes 5:46, 47*). " 'As julle in my Woord bly, is julle waarlik my dissipels' " (*Johannes 8:31*). As ons twyfel in God se Woord, kan sy Woord nie in ons bly nie (*Johannes 5:38*). " 'Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag. Want Ek het nie uit Myself gespreek nie; maar die Vader wat My gestuur het, Hy het My 'n gebod gegee wat Ek moet sê en wat Ek moet spreek.' " (*Johannes 12:48, 49*)

Om God se Woord te hoor, is meer as 'n passiewe inname van inligting. Dit beteken ook om God se wil te doen. En dit is die aktiewe antwoord op die hoor van die Woord. " 'As iemand gewillig is om sy wil te doen, sal hy aangaande die leer weet of dit uit God is, en of Ek uit Myself spreek' " (*Johannes 7:17*).

En hierdie hoor en doen van God se Woord is 'n betuiging van liefde vir Hom. " 'As iemand My liefhet, sal hy my woord bewaar, en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak' " (*Johannes 14:23*).

Wat is die verwantskap tussen ons liefde vir Jesus en gehoorsaamheid? Waarom is enige soort "gehoorsaamheid" wat nie op liefde gegrond is nie, in gevaar om wetties te wees?

_____

Wees een met Jesus

Lees **Johannes 12:32. Op watter maniere beskryf hierdie treffende verklaring die outoriteit van Jesus Christus?**

_____

_____

_____

Soos ons dwarsdeur hierdie kwartaal se lesse gesien het, trek die Evangelie van Johannes ons nader aan Jesus, maar alleenlik indien ons gewillig is om God beter te leer ken en om sy wil te doen. Dwarsdeur hierdie Evangelie, wanneer mense Jesus teëkom, word die lig wat Jesus aan hulle bied òf aanvaar òf verwerp, wat hulle dan blind maak vir die waarheid. Nikodémus, die vrou by die put, die koninklike beampte, die man by die bad van Betésda, die 5,000 wat met garsbrode en twee vissies gevoed was, Jesus se broers, die godsdienstige leiers, die man wat blind gebore was, Maria en Martha, Pilatus — almal het Jesus ontmoet en keuses gemaak oor die waarheid en die lig wat Hy aangebied het.

Menslike teologie begin gewoonlik met menslike redenasies om die bestaan van God en sy natuur te bepaal en te ondersoek. Die menslike perspektief wat geskend, gevalle en vooroordeeld is, kry gewoonlik voorkeur bo die goddelike, die heilige, die volmaakte, en God se alwetendheid. Die teologie van hier benede is ‘n waarborg dat mense mislei sal word, net soos dit in die verlede gedoen was en ook in die toekoms sal doen (*lees Openbaring 14:1–12*), wanneer menslike wysheid sal poog om die goddelike te vervang, en sal probeer om valse aanbidding op die wêreld af te dwing.

Lees **Johannes 15:1–11. Wat is die geheim van geestelike groei en gesond wees?**

_____

_____

_____

Die geheim is om altyd met Jesus verbind te wees. Hy is die Woord van God, die Brood van die Lewe, die Lig van die wêreld, die Deur vir die skape, die Goeie Herder, die Opstanding en die Lewe, die Weg en die Lewe, en die Ware Wynstok.

Die Lede van die Godheid en hulle Woord, die Bybel, is soos magnete. Indien daar nie weerstand teen hulle gebied word nie, sal hulle ons nadertrek na hulle toe. “Die stem van God praat met ons deur sy Woord en daar is baie stemme wat ons sal hoor; maar Christus het gesê dat ons moet oppas vir hulle wat sal sê, hier is Christus of daar is die Christus. Hoe sal ons dan weet dat hulle nie die waarheid het nie as ons nie alles met die Skrif vergelyk nie?” – Ellen G. White, *The Advent Review and Sabbath Herald*, April 3, 1888, (*vry vertaal*). En dan moet ons ons eie sienings met die Woord van God se sienings vervang.

Vir verdere studie: God se perspektief verskil grootliks van die mens s'n. God toon sy perspektief aan ons deur middel van sy Woord, die Bybel, deur die krag van die Heilige Gees. Dit is ons keuse of ons liewer in duisternis wil wandel of in die lig wat van Jesus Christus kom soos dit in die Woord geopenbaar word.

Onafskeidbaar van hierdie keuse is ons eie persoonlike oorgawe aan Jesus Christus, die Seun van God en die Verlosser van die mensdom. Deur die krag van die Heilige Gees het God die Vader – in die lewe, dood en opstanding van Jesus - aan ons die diepte van sy liefde openbaar. En ons weet van Jesus omdat sy lewe, dood en opstanding in die Woord van God opgeskryf is.

"Die engele van God beweeg gedurig heen en weer tussen hemel en aarde. Die wonderwerke van Christus vir die lydendes en geteisterdes is deur die mag van God deur die bediening van die engele verrig. En dit is deur Christus, deur middel van die bediening van Sy hemelse boodskappers, dat ons elke seën van God ontvang. Deur die gestalte van die mens op Hom te neem, verenig ons Heiland Sy belange met dié van die gevalle seuns en dogters van Adam, terwyl Hy deur Sy Godheid die troon van God aangryp. So word Christus die skakel deur wie die mens met God, en God met die mens gemeenskap het." — Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, bl. 143.

Vrae vir bespreking:

❶ By watter een van al die verhale in die boek van Johannes vind jy die meeste aanklank oor die liefde en karakter van God? Deel met die klas waarom jy daardie verhaal so oortuigend vind.

❷ Om prakties te wees – hoe moet 'n mens na die waarheid soek?

❸ Waarom is dit gewoonlik so moeilik om die eie-ek as die skeidsregter van waarheid eenkant toe te skuif? Kan ons dit ooit ten volle doen, of sal ons menslikheid tot 'n sekere mate steeds inwerk op hoe ons die Skrif sien? Waarom moet ons hierdie feit herken, en hoe help nederigheid ons om ons vooroordeel aan die Woord van God te onderwerp?

❹ Die geskiedenis van die Westerse Christendom is met afgryslike voorbeelde gevul toe die Woord van God aan die politieke magte en partydigheid van mense oorgegee was. Watter voorbeelde is daar, en watter les kan ons tans daaruit leer oor net hoe gevaarlik dit is wanneer menslike perspektiewe die dominerende filtreerder word om die Bybel te "interpreteer"?

❺ Som die groter prentjie van die Evangelie van Johannes in jou eie woorde op. Wat is die hoofboodskap daarvan vandag aan ons?